

DIE ONDERRIG VAN GELOOFSLEER IN DIE CHRISTELIK-

AFRIKAANSE SEKONDÊRE SKOOL

deur

PHILIPPUS CORNELIUS VAN DER WESTHUIZEN

(B.A. HONNS., B.ED.)

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike voldoening aan

die vereistes vir die graad

MAGISTER EDUCATIONIS

in die Fakulteit Opvoedkunde aan die

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Studieleier: Prof. dr. J.H. van Wyk

Januarie 1974

Potchefstroom

AAN BETS

DANKBETUIGING

Geloofd sy God met diep ontsag,
want Hy oorlaai ons dag aan dag
met ryke seëninge.

Wie sou Hom dan nie dank bewys,
die God van saligheid nie prys,
met al die hemelinge?

(Ps. 68:9b)

Aan prof. dr. J.H. van Wyk my opregte dank vir u inspirerende studie=
leiding. U immer stimulerende geestesvitaliteit is steeds 'n sprekende
bewys van die uitvoerbaarheid van die Christelike wetenskapsideaal.

Aan my godvrugtige ouers my waardering vir hulle belangstelling en aan=
moediging tydens die studie. My dank aan u ook vir die eerste grond=
legging van my Christelike beginsels, wat met dankerkenning aan my alma
mater, P.U. vir C.H.O. vergestalt is in 'n Christelike wetenskapsbeskouing.

Dit is my bede dat hierdie studie diensbaar mag wees in die Koninkryk van
God.

Januarie 1974.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

TERREINVERKENNING EN TAAKSTELLING

1.	Inleiding	1
2.	Enkele probleme waarmee die kind te doen kry wat sy geloof kan beïnvloed	2
2.1	Geloofsonsekerheid	2
2.2	Sinloosheid	3
2.3	Rasionalisme	4
2.4	Vertegnifisering	4
2.5	Neutraliteit	5
2.6	Eensaamheid	6
2.7	Afstomping van waardes	6
2.8	Godsdiensoplewing	6
3.	Taakstelling	7

HOOFSTUK 2

DIE STRUKTUUR VAN DIE OPVOEDING EN DIE PLEK VAN GODSDIENS= ONDERRIG EN BYBELKUNDE DAARIN

1.	Inleiding	10
2.	Wat is opvoeding?	11
2.1	Religie en godsdiensooplewing	12
2.2	Opvoeding en lewensbeskouing	12

3.	Wat is Christelike opvoeding?	13
3.1	Wat is Christelike religie en Christelike godsdiens?	14
4.	Christelike opvoeding gesien in die lig van die modaliteite	16
4.1	Wat is dié modaliteite?.....	16
4.2	Wat is modale opvoeding?	17
4.3	Die rol van die pistiese modaliteit	18
4.4	Die ontsluiting van die modale opvoeding	19
5.	Die rol van Bybelkunde en Godsdiensonderrig in die struktuur van die opvoeding	21
5.1	Bybelkunde en Godsdiensonderrig is nie net die pistiese nie ...	21
5.2	Bybelkunde en Godsdiensonderrig is 'n religieuse diens	22
5.3	Bybelkunde en Godsdiensonderrig is fundamenteel	22

HOOFSTUK 3

DIE INHOUD EN PLEK VAN DIE GELOOFSLEER IN DIE STRUKTUUR VAN DIE GODSDIENSONDERRIG IN DIE SEKONDÊRE SKOOL

1.	Inleiding	24
2.	Wat is Geloofsleer?	25
2.1	Wat is Dogma?	26

2.2	Wat is Dogmatiek?	26
2.3	Wat is Geloofsleer?	27
3.	Wat is die inhoud van die Geloofsleer?	27
3.1	'n Indeling van die Dogmatiek	27
3.2	Die inhoud van die Geloofsleer	28
3.3	Die indeling van die Geloofsleer volgens sillabusse in die R.S.A.	28
3.4	'n Indeling van die Geloofsleer	29
4.	Die plek van die Geloofsleer	31
4.1	Die plek van die Geloofsleer in die Godsdiensoonderrig van standerd ses tot standerd nege	32
4.2	Die plek van Geloofsleer in standerd tien	33
5.	Slot	35

HOOFSTUK 4

DIE AARD VAN DIE GELOOFSLEER IN DIE SEKONDÊRE SKOOL

1.	Inleiding	38
2.	Die aard van die Geloofsleer volgens die eise van die ouer en kerk	39
3.	Die aard van die Geloofsleer volgens die eise van die wet	40
3.1	Wet 39 van 1967 en die aard van die Geloofsleer	40

3.2	Die eise van die onderwysordonnansies m.b.t. die aard van die Geloofsleer	41
3.3	Is Geloofsleeronderrig sonder enige bepaalde dogma moontlik? ...	43
4.	Die aard van die Geloofsleer volgens die Skrif,.....	45
4.1	Geloofsleer is te onderskei van prediking,.....	45
4.2	Eise wat deur die Skrif gestel word t.o.v. die aard van die Geloofsleer,.....	46
5.	Die aard van die Geloofsleer volgens die eise van die kind	48
5.1	Psigologiese eise,.....	48
5.2	Die kind is 'n eenheid,.....	50
5.3	Die kind eis 'n standpunt,.....	52
5.4	Die kind wil sy geloof belewe,.....	53
6.	Enkele faktore wat die aard van die Geloofsleer by die kind kan beïnvloed,.....	55
6.1	Inleiding,.....	55
6.2	Rasionalisme,.....	55
6.3	Tradisionalisme,.....	56
6.4	Progressivisme,.....	57
6.5	Kompromisme,.....	57
6.6	Materialisme,.....	58

6.7	Aktualiteitseis	58
6.8	Die kerk	60
6.9	Neutraliteit	61
6.10	Slotbeskouing	63

HOOFSTUK 5

DIE DIDAKTIEK VAN GELOOFSLEER

1.	Inleiding	64
2.	Normbepaling vir die gebruik van metodes in die onderrig van Geloofsleer	65
2.1	Inleiding	65
2.2	Normbepaling volgens 'n Christelike antropologie	66
2.3	Normbepaling volgens die hedendaagse situasie	67
2.4	Normbepaling volgens die psigologiese eise van die kind	71
2.5	Normbepaling volgens die leerstof	72
2.6	Samevatting	73
3.	Bespreking van enkele metodes en hulle waarde vir die Geloofsleer	75
3.1	Inleiding	75

3.2	Die onderriggesprek	75
3.2.1	Die leergesprek,.....	75
3.2.2	Die klasgesprek,.....	77
3.2.3	Die "gonsgroepe".....	79
3.3	Vraag-en-antwoordmetode	81
3.4	Die vertelmetode,.....	83
3.5	Die probleemstellingsmetode	84
3.6	Die selfstudiemetode,.....	86
3.7	Die aanskouingsmetode,.....	88
3.8	Die voorleesmetode,.....	89
3.9	Dramatisering,.....	90
3.10	Die gebruik van 'n handboek	91
3.11	Slot,.....	92
4.	Die integrering van die skoolbiblioteek in die onderrig van Geloofsleer,.....	92
5.	Gevare by die aanbieding van Geloofsleer	94
5.1	Inleiding,.....	94
5.2	Intellektualisme,.....	95

5.3	Emosionalisme	95
5.4	Dogmatisme	96
5.5	Eksistensialisties - aktualistiese onderrig	96
5.6	Moralisme	97
5.7	Estetisme	97
5.8	Mirakelgeloof	98
5.9	Die gebruik van lewensvreemde en/of plat uitdrukkinge	98
5.10	Die fundamentalistiese Skrifverklaring	99
5.11	Slot	99

HOOFSTUK 6

KONKLUSIE EN AANBEVELINGS

1.	Geloofsleer is bepalend vir die ontsluiting van die mens se tydelike funksies	101
2.	Geloofsleer is medebepalend vir die vorming van 'n lewens= beskouing by die kind	102
3.	Geloofsleer is nie dogmaonderrig nie, maar dogmatiese onderrig	103
4.	Die geloofsoortuiging van die onderwyser sal meespreek in die Geloofsleeronderrig	104

5.	Geloofsleer vervul 'n belangrike plek op skool	104
6.	Die dogmaklousule moet voorsiening maak vir differensiasie ...	106
7.	Daar word bepaalde eise aan die Geloofsleeronderwyser gestel..	109
8.	Geloofsleeronderrig vereis 'n bepaalde metodiek	111
9.	Die Geloofsleeronderwyser moet kennis neem van faktore wat die aanbieding van die Geloofsleer negatief beïnvloed	112
10.	Die skoolhoof en die vakinspekteur het 'n bepaalde taak t.o.v. die Geloofsleeronderrig op skool	114
SUMMARY		115
GERAADPLEEGDE BRONNE		117

HOOFSTUK 1

TERREINVERKENNING EN TAAKSTELLING

1. Inleiding

In die Geloofsleeronderrig gaan dit om die geloofsopvoeding van die kind wat gerig is op die lewende God. Ons staan vandag in die brandpunt van 'n godsdiensoplewing. Ons sien dit, hoor dit en lees daarvan en beleef dit selfs onder die jongmense in die klaskamer en daarbuite. Daarom staan die saak van die geloof in ons tyd in die brandpunt. Die godsdiensoplewing raak die geloof van die mens, aangesien dit om Christus as Verlosser en Redder van die mens en individu gaan.

Die tendens is, gesien vanuit die geloof, logies, aangesien die kind leef in 'n veranderde wêreld waarin onsekerheid en verwarring heers. Ons leef in 'n tydperk waarin alles vernuwe word en alles wat gevestig was, moet in 'n nuwe idioom, 'n nuwe gestalte, verskyn.

Gesien in dié lig, is dit nodig om die geloof en veral die onderrig daarvan aan die kind op skool opnuut in oënskou te neem om vas te stel of die Geloofsleer nog werklik tot die hart van die jongmens spreek. Raak die Geloofsleer nog werklik die aktuele geloofsprobleme van die hedendaagse jeug?

Die hedendaagse jeugkreet "Keer terug na Jesus" laat iets van 'n behoefte by die jongmens blyk, 'n behoefte aan geborgenheid en vertroue. Dit dui op 'n bepaalde bevrediging van 'n religieuse behoefte.

Daarom sal dit nodig wees om vas te stel of die Geloofsleer, soos dit tans in die skool onderrig word, die behoeftes van die jongmens bevredig en of dit die geloofsbou van die kind help stimuleer en aktiveer. Die ware geloof kan alleen gevoed word deur 'n Geloofsleeronderrig waarin die Skrif as die ware Woord van God geken word.

Ons wil daarom kortliks enkele probleme aantoon waarmee die jeug van vandag

te doen kry oorsee en in ons eie land om te kan bepaal of die Geloofsleeronderrig op skool die hedendaagse probleme van die jeug raaksien en die hoof probeer bied. Deur die daarstelling van handboeke deur die Interkerklike Komitee vir Onderwys en Opvoeding is daar voorsien in die behoefte van handboeke in Bybelkunde, Godsdiensonderrig en ook in sillabusse. Nou moet die Geloofsleeronderwyser die Geloofsleeronderrig sy regmatige plek laat inneem om die geloof van die kind te help bou om die invloede van buite te weerstaan.

2. Enkele probleme waarmee die kind te doen kry wat sy geloof kan beïnvloed

2.1 Geloofsonsekerheid ¹⁾

In 'n wêreld wat vinnig verander, is die jeug verward, onseker en ankerloos. Die jongmens voel geen geborgenheid meer nie. Van de Pol tipeer die situasie soos volg: "... het meest opvallende kenmerk van de godsdienstige situasie van onze tijd gelegen is in veranderlikheid, bewegelijkheid, onzekerheid en onrust".²⁾ Ons bevind ons in 'n godsdienstsituasie wat verward, problematies, veranderlik, onrustig en onseker is.³⁾

Omdat vooroordeel ontstaan tussen die kerk en die konvensionele oortuigings t.o.v. die geloofslawe, ontstaan daar godsdienstige en geloofsonsekerheid.⁴⁾

Stone sê dat ons tydgees hierdie onsekerheid bepaal, en tipeer die hedendaagse mens as 'n wese wat sy sekerheid, sy gevoel van veiligheid, sy vastigheid en sy geborgenheid kwyt is.⁵⁾ Daarom moet daar groei en ontwikkeling wees in die geloof. Die geloofsvermoë wat by die geboorte teenwoordig is, moet omgesit word in die geloofsdaad. Sekerheid is 'n kenmerk van die ware geloof.

-
1. Stone H.J.S. Problematiek van geloofsekerheid in die Godsdiensonderrig aan Afrikaanse onderwysstudente. (Die skrywer het 'n volledige studie oor die probleem van geloofsekerheid gemaak.)
 2. Van de Pol, W.H. Het einde van het conventionele Christendom, p.10.)
 3. Ibid., p.20.
 4. Ibid., p.32.
 5. Stone, H.J.S. op.cit., p.91.

Verskillende faktore dra by tot die onsekerheid by die kind. Ons kyk kortliks na enkele faktore wat onsekerheid bevorder.

2.2 Sinloosheid

By die jongmens is vervreemding en angs omdat hy nie in staat is om die doel en sin van sy lewe duidelik te sien nie; die jongmens is soekend, soekend na homself en verklarings aangaande sy eksistensie.⁶⁾

Die mens is losgeruk van sy ankers. Die hedendaagse tyd sien allerweë die leegte van die sinloosheid. By baie is daar geen geloof meer in 'n sinvolle orde van die kosmos, geskape deur 'n Mag wat alles regeer nie.⁷⁾

Die beskuldiging word ingebring dat die Woord van God sinloos geword het. Daar word gesê dat die Woord van God nie rekening hou met die mens in die twintigste eeu en met sy situasie nie, met die gevolg dat die mens die boodskap nie meer verstaan nie en die Bybel vir hom dus geen waarde het nie.⁸⁾

Heinen sê selfs dat die kerke se boodskap nie meer tot die jongmens spreek nie en daarom vind hulle geen sin in die prediking nie en soek die hedendaagse jongmens sin in bewegings buite die kerk, o.a. die Jesus-beweging. Dit bring mee dat die jongmens sy eie geloofsbeweging begin.⁹⁾

Van Wyk stel dit treffend as hy sê dat die hedendaagse onderwyser geroepe is om te midde van die probleme in die Geloofsleeronderrig 'n sinvolle kommunikasie tussen die Woord van God en die hedendaagse opvoedeling te bewerkstellig.¹⁰⁾

6. Van Wyk, J.H. Jy moet dit jou kinders inskerp, p.12.

7. Id. Eksistensieteologie en Godsdiensoonderrig, p.5.

8. Loc.cit.

9. Heinen, P. De Jesus-beweging ... De Gereformeerde vrouw. 30(9):433-434, Mei 1972.

10. Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensoonderrig, p.479.

2.3 Rasionalisme

Die hedendaagse jeug weier om sy verstand en gewete, sy ervaring en kennis van sake uit te skakel. Die jongmens aanvaar nie meer blindelings die beslissinge van gesagsfigure nie.¹¹⁾

Volgens die rasionalisme moet die wonderwerke om dié rede nie te sterk opgedis word nie. Die hedendaagse betekenis van die wonderwerke moet daarvolgens nie gesoek word in geloofsgenesings en die gebed nie.

Ons leef in 'n era waar die outonomie van die verstand die botoon voer. Dit hang weer saam met die ander faktore wat bespreek sal word. As reaksie teen die verstandelike benadering van die hedendaagse lewe, het die Jesus-beweging sy intog gemaak met die eis van algehele, onvoorwaardelike harts-oorgawe aan God.¹²⁾ Rasionalisme is 'n besliste aantasting van die geloof van die mens.

2.4 Vertegnifisering

Ons leef in 'n tyd waar alles vertegnifiseer word om aan te pas by die massaproduksie - ook t.o.v. die leerlingtal wat slaag en druip. Die kragte van industrialisasie is 'n bedreiging vir die hedendaagse mens. Die bedryf maak die mens 'n nommer, die mens word deel van die massaproduksie en die individualiteit van die mens verdwyn. Die mens, en veral die jongmens, kry nie meer kans om te oordeel en sy denke krities te gebruik nie.¹³⁾

Hiervolgens moet selfs die onderwyser met 'n masjien vervang word. Geloofsfeite moet geprogrammeer aan die kind onderrig word. Die menslike verhouding word onpersoonlik en persoonlike verhoudings word versaaklik.

Die haas ongelooflike ontdekkings en tegnologiese prestasies het geboemerang teen die menslike gees. Die masjien maak van die mens 'n gejaagde robot, 'n geloofslose wese.¹⁴⁾

11. Van de Pol, W.H. op.cit., p.31.

12. Heinen, P. op.cit., p.434.

13. Van Wyk, J.H. Jy moet dit jou kinders inskerp, p.12.

14. Stone, H.J.S. op.cit., p.94.

Die tegniek het nie slegs 'n nuwe wêreldgees geskep waar alle bestaan en voortbestaan om die tegniek wentel nie, maar die mens word tot 'n instrument gemaak.¹⁵⁾ Die vertegnifisering bring mee dat 'n massamens geskep word. Stone sê "... die mens werk as massa, ontspan as massa, word as massa deur die massasielkunde van die advertensiewese aangelok, word as massa deur die massakommunikasiemiddele aangespreek en daar in sy massale stedelike bevolkingsaantreкке word die mens van die atoomeeu deur massa=vernietiging bedreig".¹⁶⁾

2.5 Neutraliteit

Die vertegnifisering en massifikasie bring mee dat die mens neutraal staan en algemeen word. Die jeug ontwikkel in mense wat standpunt=loos en algemeen is. Die hedendaagse mens wil onbetrokke wees en wil nie kant kies nie.¹⁷⁾

Van Wyk stel die faktore wat bydra tot die neutraliteit as verdraagsaamheid, kompensasiesoeke in die gemeenskap; die moderne kommunikasiemiddele en nuus=media maak alles gelyk wat weer 'n kultuuruitwissing tot gevolg het.¹⁸⁾

Die kind verlang egter standpuntinname en entoesiasme. Van de Pol sê weer dat die neutraliteit en algemeenheid selfs in die geloofslawe waarneembaar is. Die hedendaagse opvatting is dat geloof en die geloofslawe nie moet berus op 'n persoonlike oortuiging nie, maar op 'n algemene konvensie.¹⁹⁾

Die neutraliteit het in die Godsdiensoonderrig en Geloofsleeronderrig 'n plek gekry deur die "dogmaklousules" wat almal van die verskillende geloofsoortuigings tevrede wou stel. So het 'n goed bedoelde ordonnansie net die teenoorgestelde uitwerking gehad in die verskillende provinsies as wat aanvanklik die doel daarmee was. As die onderwyser gedwing word deur die onderwys=ordonnansie om sy Geloofsleer neutraal aan te bied, is die kans soveel groter dat die algemene wêreldgees die kind gouer sal insluk in 'n vale mistroostige neutrale lewe wat deurdrenk is met algemeenhede, sonder enige standpuntinname.

15. Ibid., p.95.

16. Ibid., p.96.

17. Van Wyk, J.H. Jy moet dit jou kinders inskerp, p.13.

18. Id. Eksistensieteologie en Godsdiensoonderrig, pp. 25-27.

19. Van de Pol, W.H. op.cit., p.28.

2.6 Eensaamheid

Die hedendaagse mens en kind is eensaam. Nie soseer omdat daar nie fisiese kontak is nie, maar omdat daar nie psigiese kontak is nie. Die hedendaagse mens is beroof van die ewige, hy leef vir die tydelike en namate die godsdiens agteruitgaan, neem die selfmoord toe.²⁰⁾ Die hedendaagse mens is vermink deur opvoeding en studie.

Van Wyk gee die volgende kenmerke van die hedendaagse jongmens wat eensaam is, naamlik:

- * sy godsdiens is net van die oomblik,
- * daar is 'n doodsverlange,
- * waardes word afgestomp,
- * die jongmens wil graag betower word en
- * daar is 'n behoefte om nuwe mites te skep.²¹⁾

Die vertegnifiseerde menslike verhoudinge, waaruit belangstelling in die mens as medemens verdwyn, veroorsaak dat die hedendaagse mens vereensaam.²²⁾ Ge-meensaamheid en medemenslikheid is daarom bekende woorde in die hedendaagse samelewing.

2.7 Afstomping van waardes

Die hedendaagse letterkunde en toneel bring 'n gevoel van bewustheid van die sinloosheid, die betekenloosheid van alles. Daarom gee die mens homself eintlik oor aan die verveling. Die "hippiekultus" van ons tyd is 'n kenmerkende simptoom daarvan.²³⁾

Deur die letterkunde permissief aan te bied onder die vaandel van kuns, word die waardes stelselmatig afgestomp en word die jongmens daaraan gewoond gemaak asof dit normaal is. Nie net die letterkunde nie, maar ook ander vorme van kuns en selfs kleredrag word hierby ingesluit, sodat die skokkende, die absurde, algemeen aanvaar word.

20. Van Wyk, J.H. Jy moet dit jou kinders inskerp, p.13.

21. Id. Eksistensieteologie en Godsdiensonderrig, pp.21-23.

22. Stone, H.J.S. op.cit., p.96.

23. Van Wyk, J.H. Jy moet dit jou kinders inskerp, p.13.

Die sedelike oordeel word afgestomp. Daar word selfs gesê dat die Bybel nie objektiewe norme neerlê nie. Naasteliefde is die enigste norm wat neergelê word.²⁴⁾

2.8 Godsdiensoplewing

Dit kan nie ontken word dat daar vandag 'n oplewing in die gods= dienstige lewe van die jongmens gekom het nie. Die eens verstote teologiese werk wat net vir die paar uitverkorenes beskore was, het nou 'n "best-seller" geword.²⁵⁾ Oor die egtheid al dan nie van die godsdiensoplewing, wat dwarsoor die wêreld ontstaan het, wil ons nie bespiegel nie. Wat wel duidelik is, is dat die godsdiensoplewing by baie gekom het as 'n reaksie teen die hedendaagse samelewingstoestande, waarvan enkele kenmerke reeds beskryf is.

Duvenage noem die godsdiensoplewing 'n reaksie teen die rasionalisme en intellektualisme van die hedendaagse samelewing, teen die vereensaming, die massifikasie, materialisme in 'n vertegnifiseerde wêreld.²⁶⁾

Die nuwe godsdiensoplewing wat vergestalt word in die Jesus-beweging het reeds sy spore in ons land begin trap. Die hele beweging plaas geloof weer op die voorgrond en sal daartoe lei dat die Geloofsleeronderrig op skool weer onder die soeklig geplaas word. Die godsdiensoplewing is 'n direkte gevolg van die faktore wat reeds bespreek is en is 'n reaksie daarteen.²⁷⁾

3. Taakstelling

Die Christendom skep 'n Christelike opvoeding en onderwys op die Bybelse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing in Christus wat die kern van die Christelike geloof is. Die Skrifgeloof moet die lewe van die jongmens beheers deur die werking van die Heilige Gees, ten einde te verseker dat hulle in die volwasse lewe 'n Christelike beskawingstaak sal uitvoer.²⁸⁾

24. Loc.cit.

25. Id.

26. Duvenage, S.C.W. Eksistensieteologie en Godsdiensoonderrig, p.2
Die vesting aan die suide - Godsdienstig-morele front, referaat gelewer voor die jeugkongres van die F.A.K. en A.S.B., Junie 1972.

27. Heinen, P. De Jesus-beweging, op.cit., p.433. Die skrywer gee hier 'n kort en kernagtige uiteensetting van die hele Jesus-beweging.

28. Stone, H.J.S. Christelike Godsdiensoonderrig in huis en skool, (In: 'n Volk besin oor sy opvoeding en onderwys, p.136).

Van Christelike opvoeding kan daar nie sprake wees as die jeug nie Christelike geloofskennis ontvang nie - dit wil sê kennis van die Bybel - maar dan geloofskennis. Dit is trouens die geloof wat die ontsluiting van die leerling se persoon en al sy funksies lei en wat dan juis aan die opvoeding 'n Godsgehoorsame gerigtheid moet besorg.

Die geloof het 'n leidende, ontsluitende, rigtinggewende funksie by die ontvouing van die kind se persoonlikheid.²⁹⁾ Daarom kyk ons in dié verhandeling na die struktuur van die opvoeding en die plek van die Geloofsleer daarin.³⁰⁾

Die plek van die Geloofsleer in die hele struktuur van die Godsdienstvakke moet bepaal word, aangesien ons reeds afgelei het dat die geloof 'n sentrale funksie in die mens se lewe inneem. Die vraag is nou watter plek die Geloofsleer onderliggend in die hele godsdienstpatroon van die mens se lewe inneem, in die skool en daarbuite. Wat is die wese van die Geloofsleer? Dit is 'n vraag wat na vore kom wanneer die sentrale plek van Geloofsleer bepaal is. Die vraag word beantwoord deur die Geloofsleer te vergelyk met die dogmatiek. Uit die vergelyking tussen die dogmatiek en die Geloofsleer word daar tot 'n sintese gekom vir 'n voorgestelde kurrikulum vir die Geloofsleeronderrig op skool.

Deur die geloof kom 'n mens tot die keuse, nl.: vir God of teen God. Nou wil die dogmaklousules hê dat 'n dogmalose dogmatiek onderrig moet word. Dit wil sê dat die onderwyser sy Geloofsleer so moet aanbied dat dit rekening sal hou met alle geloofstandpunte. Dit het 'n neutrale Geloofsleeronderrig tot gevolg wat die kind verwar en onseker maak. Die oplossing van die vraagstuk sal geleë wees in differensiasie in die Geloofsleeronderrig sodat elke kind onderrig kan word in sy eie geloofsoortuiging in soverre dit prakties moontlik en uitvoerbaar is.

Baie onderwysers is vandag bekommerd omdat die Godsopenbaring nie meer beluister word nie; hulle voel hulself gesondenes om die geloofskat, die leer van die kerk, so suiwer moontlik oor te dra, maar vind in die hedendaagse jeug geen klankbodem meer nie. Hulle soek na wêreld en mens vir God oop te breek. Daar moet dus in die probleem 'n uitweg gebied en riglyne

29. Loc.cit.

30. Die struktuur van die werklikheid is gebaseer op die Wysbegeerte van Herman Dooyeweerd nl.: "Wijsbegeerte der Wetsidee".

aangedui word hoe om die kind te bereik te midde van al die probleme wat die kind ondervind. Daar moet ook aangetoon word watter foute die onderwyser kan maak wat by die kind weerstand kan opbou teen die Geloofsleer.

Daarom sal 'n hedendaagse vorm om die kind te boei, gebied moet word en sal daar na nuwe onderrigmetodes gesoek moet word.

Die doel is dus om in 'n verwarde wêreld waar die kind met soveel probleme en magte van buite gekonfronteer word, 'n weg te vind om die kind te ontsluit vir die werking van die Heilige Gees in die geloofsbou, en om die Woord van God vir die kind te ontsluit sodat dit verstaan kan word en opnuut in volle krag tot die kind kan spreek. Slegs sō sal die Geloofsleer kan bydra tot die volle ontplooiing van God se koninkryk op aarde.

Ten slotte moet daar gewys word op die feit dat elke vak op skool sy deel moet bydra in die onderrig van die geloof van die kind as die onderwys 'n Christelike karakter wil openbaar. Per slot van rekening word God geken uit sy volle skepping (openbaring) soos dit afgetregter is in die verskillende vakke op skool. Daarom sal daar gekom moet word tot 'n Christelike wetenskapsonderrig op skool om die Geloofsleeronderrig sy regmatige plek te laat inneem.

HOOFSTUK 2

DIE STRUKTUUR VAN DIE OPVOEDING EN DIE PLEK VAN GODSDIENSONDERRIG EN BYBELKUNDE DAARIN

1. Inleiding

In dié hoofstuk wil ons na 'n paar omskrywings van die begrip opvoeding kyk om sodoende 'n eie definisie van opvoeding te kan gee. Ook moet onderskei word tussen die begrippe religie en godsdiens. Aangesien ons hier besig is met die Geloofsleer, moet ons vervolgens 'n omskrywing gee van die begrip opvoeding soos gesien vanuit 'n Christelike oogpunt. Die Christelike omskrywing van religie en godsdiens moet ook gegee word. Sodoende word die opvoeding, religie en godsdiens gekwalifiseer.

Aangesien opvoeding plaasvind in die ontplooiing van die menslike funksies, sal ons die funksies van die mens van nader bekyk. Hier volg ons die indeling wat Herman Dooyeweerd gemaak het en wys veral op die rol wat die pistiese modaliteit speel t.o.v. al die ander funksies van die mens.

Die funksies van die mens is nog latent en moet ontsluit word sodat die mens bruikbaar sy roeping kan vervul.

Laastens word die rol aangetoon wat Bybelkunde en Godsdiensonderrig speel in die hele struktuur van die opvoeding.

2. Wat is opvoeding?

Opvoeding is 'n handeling wat plaasvind. Dit is geen proses nie. 'n Proses vind by die dier en die plant plaas en kan wel doelmatig en doelbepaald wees, maar is nie doelgerig van aard nie.¹⁾

Opvoeding is 'n handeling waarby mense betrokke is. Dit is 'n handeling tussen twee of meer persone - 'n volwassene (opvoeder) en 'n onvolwassene (die opvoeding). In die opvoedingshandeling gaan daar dan invloed uit van die volwassene na die onvolwassene met die doel om die opvoedingshandeling te rig. Die

1. Van Wyk, J.H. Wat is opvoeding?, p.1.

opvoeder rig sy handeling opsetlik deur sy roeping en die opvoedeling rig weer sy handeling met die bedoeling om toegerus en gevorm te word vir die aanvaarding van sy lewenstaak.

In die opvoedingshandeling sien ons dat die opvoedeling die onmondige is wat hulp, raad en leiding nodig het van die mondige, die opvoeder. In die hulp, raad en leiding wat gevra word, gaan die opvoeder oorredend en oortuigend te werk sodat die opvoedeling dit kan aanvaar. Die opvoedingshandeling moet dus aan bepaalde norme beantwoord om ware opvoeding te wees.²⁾

Opvoeding het te make met die hele mens. Die mens is nie in dele te skei so= dat die opvoedingshandeling net vir 'n gedeelte van die mens sou geld nie. Met die hele mens word nie net bedoel die mens as psigo-somatiese eenheid nie, maar ook die mens-in-sy-wêreld.³⁾ Die opvoeding is ook 'n inter-menslike handeling. Dit vind altyd plaas in 'n persoonlike ontmoeting waarin die kind self nie passief staan nie.

Opvoeding is ook bepaald en het altyd met sekere waardes te doen, veral in die opsig dat die opvoeder 'n mening het oor gebeure en dit dan aan die opvoede= ling oordra. Sodoende kom norme by as die kern van die opvoeding.

Baie opvoedkundiges het al die begrip opvoeding beskryf. Gunter sê opvoeding is die totale vormende invloed wat die totale omgewing ten goede op die mens het totdat hy die stadium van volwassenheid (d.i. selfstandigheid) bereik het.⁴⁾

Stoker definieer opvoeding as die leidende handelinge of aktiwiteite van die opvoeder waarby hy die opvoedeling tot hulp is om hom vir die take wat vir hom wag, toerekenbaar en verantwoordelik toe te rus.⁵⁾

Perquin sê weer van die opvoeding dat dit die hulp is van die persone wat ver= antwoordelik is vir die opgroei en volwassewording van die kind.⁶⁾

-
- | | |
|-------------------|---|
| 2. Id. | Christelike en Nasionale onderwys, p.6. |
| 3. Pistorius, P. | Kaart en Kompas, p.15. |
| 4. Gunter, C.F.G. | Aspekte van die Teoretiese Opvoedkunde, p.12. |
| 5. Stoker, H.G. | Oorsprong en Rigting II, p.384. |
| 6. Perquin, N. | Pedagogiek, p.38. |

Ons sou dus kon sê: Opvoeding is enersyds die hulp wat 'n mondig aan 'n onmondige gee sodat die onmondige ook mondig kan word, en andersyds die onmondige se aanvaarding en verwerking van hierdie hulp.⁷⁾

2.1 Religie en godsdiens

Belangrik is om nou te onderskei tussen "religie" en "godsdiens". Religie is 'n omvattende diens, die oorgawe van die hart van die mens aan sy godsbegrip wat dan die mens se bestaan en handeling op alle terreine rig op 'n God of 'n afgod. Dit is die innerlike tendens van die menslike selfheid om hom te rig op die ware of vermeende oorsprong van alle dinge.⁸⁾

Godsdiens dui meer op die uiterlike tekens en gebruike waarin die religie tot uiting kom. Dit is 'n direkte diens aan God of 'n afgod d.m.v. gebed ens.⁹⁾ Religie omvat dus die mens se hele lewe en godsdiens is slegs 'n gedeelte van die mens se religie.

2.2 Opvoeding en lewensbeskouing

Lewensbeskouing is die oortuiging van die hart van die mens, wat sy lewensiening omvat, 'n religieuse karakter het en saamhang met 'n bepaalde gemeenskap.

Omdat lewensbeskouing dus totalitêr, allesomvattend en radikaal is en alle lewensuitinge kleur en rig, sal ook die opvoeding die "kleur" en rigting van die lewensbeskouing van die opvoeder vertoon.

Alle lewensbeskouinge kan, so gesien, in twee hoofgroepe verdeel word, nl. die kosmosentriese (wat een of ander iets uit die kosmos of geskape werklikheid as middelpunt of grondmotief het en een of ander funksie van die mens verabsoluteer en in die sin dan humanisties is, bv. die rasionalisme wat die rede van die mens verabsoluteer) en die teosentriese lewensbeskouing (wat God as middelpunt het en gerig word deur die Godsopenbaring).¹⁰⁾

7. Pistorius, P. op.cit., p.57.

8. Kock, P. de B. Christelike Wysbegeerte, p.12.

9. Spier, J.M. Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee, p.16.

Vgl. ook Stoker, op.cit., pp.52, 311, 384, 403.

10. Van Wyk, J.H. Christelike en nasionale onderwys, p.5.

Omdat alle lewensuitinge nou religieus-bepaald of lewensbeskoulik gedetermi=neerd en gerig is, sal alle opvoeding ook noodwendig in twee hoofgroepe uit=eenval, nl. die kosmosentriese (of kosmiesgerigte) opvoeding en die teosen=triese (of Godgerigte, d.w.s. Christelike) opvoeding.

3. Wat is Christelike opvoeding?

Om te kom tot Christelike opvoeding, moet dit net genoem word dat die Christelike opvoeding teosentriese opvoeding is. Ons het ook reeds daarop gewys dat elke mens 'n lewensbeskouing het en dat dié lewensbeskouing sy op=voedingshandeling sal raak.

Die Christenopvoeder het een allesoorheersende roeping nl. dat hy die Here sy God moet liefhê met sy hele siel en met sy hele verstand en dat hy sy naaste moet liefhê soos homself. Daarby moet die mens die aarde onderwerp dit bewerk en daaroor heers.

Opvoeding is, soos alle dinge, van kosmiese omvang en kry sin en betekenis en bestemming in God. God is Singewer en in Hom is die Eindbestemming te vind van alle dinge, ook van die opvoeding.

Uit die ontleding van die woord "opvoeding" beteken dit letterlik "opwaartse voeding", d.w.s. "voeding na bo (Bo)". Dit is juis dié gedagte wat vir die Christenopvoeder van groot belang is. Dr. P.G. Schoeman stel dit duidelik:

"In die opvoedingsaktiwiteit kry ons te doen met 'n doelbewuste planmatige handeling van die kant van die volwasse opvoeder, waardeur hy hom met die onvolwassene of volwassewordende (op=voedeling) op sô 'n wyse bemoei dat hy hom tot volwassenheid kan lei. Omdat die mens egter 'n ewigheidsbestemming het, is dit vir die Christen sonder meer duidelik dat hierdie omhoog=leiding van die opvoedeling essensieel net één ding kan wees, nl. omhoogleiding via die Christelik-eskatalogiese weg tot volwassenheid in Christus."¹¹⁾

11. Schoeman, P.G. 'n Christelike Opvoedingsfilosofie, p.43.

Christelike opvoeding is volgens Van Wyk 'n bewuste, doelgerigte, opsetlike en waarheidsgenormeerde handeling waarby die volwasse persoon(-e), wat uit liefde vir God en sy naaste gedronge en in volle besef van sy roeping m.b.t. die kosmos, 'n onmondige persoon (-e) lei, rig, oorreed en vorm tot vrywillige en roepingsbewuste aanvaarding en uitlewing van sy roeping om God met sy hele lewe te dien, sy Koninkryk op alle terreine uit te brei en sy naaste se heil te soek en te bevorder en die kosmos te ontgin en tot volle ontsluiting te bring.¹²⁾

Norman de Jong omskryf Christelike opvoeding as volg:

"Education is the recreation and development of True understandings between God and man and fellowman and physical universe."¹³⁾

Christelike opvoeding is dus Goddelike roeping en in hierdie roeping staan die opvoeder in volle verantwoordelikheid teenoor God.

Na oorweging van bostaande definisies en beskrywings skyn die volgende die mees bevredigende te wees: Christelike opvoeding is enersyds die hulp wat 'n mondige dienaar van God aan 'n onmondige dienaar van God gee sodat die onmondige mondig kan word en kan kom tot die besef dat sy hele lewe in diens van God staan en daarom andersyds die mondige se leiding sal aanvaar en sal verwerk tot gehoorsame onderdanigheid aan Christus en tot die aanvaarding van Christus as persoonlike Verlosser.

3.1 Wat is Christelike religie en Christelike godsdienste?

Oorspronklik beteken religie bind of vasmaak. Die woord "religie" is afgelei van die Griekse woord "ligare" wat "bind" beteken. Die Christelike religie bind dus ons hart in Christus vas aan God Drie-enig - ons ware lewensoorprong.¹⁴⁾

Waar religie dan die mens se lewe omspan, sal die mens se hele lewe diens aan God wees, 'n diens met ons hele hart, siel en verstand. Christelike religie is dan die omvattende diens aan God.¹⁵⁾

12. Van Wyk, J.H. op.cit., p.7.

13. De Jong, N. Education in the truth, p.118.

14. Strauss, H.J. Christelike wetenskap en Christelike onderwys, p.20.

15. Stoker, H.G. op.cit., p.53.

Dit veronderstel 'n God-gerigtheid van die hart. Omdat die hart die uit-
gange van die lewe is, beteken dit in beginsel ook 'n God-gerigtheid van
die lewe, sodat daar nou sprake is van teosentriese denke.¹⁶⁾

'n Persoon se religie gaan al sy doen en late, lewe en strewe, sy gevoel,
denke en wil laat ontplooi in 'n bepaalde rigting - die mens se uiteinde-
like doel.¹⁷⁾

Ons moet egter onthou dat die Christelike religie as regte gesteldheid van
die hart, 'n gawe van God is.

Christelike religie is dus die regte gesteldheid en ingesteldheid van die
hart as God-gerigtheid, Christus-verankerung, hartevernuwing deur die Heilige
Gees, gebondenheid aan die Woord en wetsgeoriënteerdheid, en omvat die hele
mens.¹⁸⁾

Christelike godsdiens is die persoonlike handelinge waarmee die mens hom direk
tot God wend, bv. waar hy o.a. in sy binnekamer tot God bid, huisgodsdiens hou
en saam met die gemeente God aanbid, Hom dank en loof met woord en lied, die
sakramente gebruik en na die verkondiging van die Woord van God luister.¹⁹⁾

Geloof en godsdiens is een van die uitgange van die mens se lewe en dus sal
die godsdiens in die religie gegrond wees. Geloof behoort tot die uitgange
van die mens se lewe, terwyl die religie 'n saak van die hart is. Godsdiens
het te make met die geloofsy van die mens m.a.w. geloof is een van die faktore
in die godsdiens.²⁰⁾

Christelike godsdiens sal die uitgange van die mens se lewe verbind in ge-
loofsgehoorsaamheid aan die Woord van God.

Ons kan dus aflei dat alle opvoeding religieus is, maar nie alle religie
Christelik nie. Alle opvoeding waarin Christus nie teenwoordig is nie, is
anti-Christelik.²¹⁾ Omdat opvoeding met die mens te make het, sal die

-
- | | | |
|-----|----------------|-----------------|
| 16. | Kock, P. de B. | op.cit., p.13. |
| 17. | Schoeman, P.G. | op.cit., p.10. |
| 18. | Kock, P. de B. | op.cit., p.15. |
| 19. | Stoker, H.G. | op.cit., p.191. |
| 20. | Kock, P. de B. | op.cit., p.22. |
| 21. | De Jong, N. | op.cit., p.119. |

opvoeding ook religieus bepaald wees.²²⁾

Godsdiens is een van die tydelike funksies waaroor die mens beskik en waar=in die mens handelend moet optree. Die hart is die konsentrasiepunt van die mens se tydelike funksies en al die funksies moet religieus gerig word op God. Die religie is rigtingbepalend vir die funksies van die mens. Dié funksies van die mens is opvoedbaar in die hart. Opvoeding is hartsopvoeding.

4. Christelike opvoeding gesien in die lig van die modaliteite

4.1 Wat is dié modaliteite?

Vanuit die Godsopenbaring leer ons dat die hoofonderskeiding in die kosmos aan ons geopenbaar word tussen die Skepper en skepsel (skepping). Alles in die skepping is aan God onderdanig. Alles is ordelik geskape en is aan die wette van God onderworpe. Die wetsorde is deur God in sy skepping neergelê en alhoewel ons dit nie direk kan sien in die skepping nie, kan ons dit daaruit aflei. Die wette of funksies is alles deel van die skepping en is tydelik. Alhoewel ons verskillende funksies in God se skepping kan onderskei, is die funksies nie te skei nie en het hulle 'n onderlinge verband met mekaar. Die funksies word ook genoem die modaliteite.²³⁾ In die modaliteite, kosmiese aspekte, is daar 'n rangorde van die mins gekompliseerde tot die mees gekompliseerde.²⁴⁾

Die modale funksies is die volgende, gegee vanaf die mees gekompliseerde tot die eenvoudigste aspek:

1. Pistiese
2. Etiese
3. Juridiese
4. Estetiese
5. Ekonomiese
6. Sosiale
7. Linguistiese

22. Ibid., p.57.

23. Kalsbeek, L. De Wijsbegeerte der Wetsidee, pp.92-93.

24. Stoker, H.G. Beginsels en Metodes in die Wetenskap, p.160.

8. Historiese
9. Logiese
10. Psigiese
11. Biotiese
12. Fisies-Chemiese
13. Kinematiese
14. Ruimteliike
15. Getalsfunksie.

Die mens omvat funksies 1-15. Die dier omvat funksies 10-15. Die plant omvat funksies 11-15 en die leweloze dinge omvat funksies 12-15.

Die kosmiese werklikhede het nie eenvoudige strukture nie; hulle is nie eenvoudig saamgestel nie, maar vertoon 'n groot verskeidenheid van werklikheidsaspekte. As ons dan na die werklikheid kyk, sal ons nooit 'n totaalbeeld van die werklikheid kan vorm nie tensy ons na al die modaliteite kyk en nie net na een aspek van die modaliteite nie. Die beeld is 'n totaalbeeld en is in 'n bepaalde volgorde daargestel. As ons dus wil kyk na die opvoeding, wat die hele mens omspan, moet ons ook na die opvoeding kyk in die lig van wat die totaalwerklikheidsvisie ons bied op die bestaan van die mens.²⁵⁾

God self is verhewe bo die kosmiese wette. God lê die wetsorde in sy skepping implisiet neer en die blootlegging daarvan geskied teen die agtergrond van die Godsopenbaring. Die kosmiese wetsorde het dus sy ontstaan by God.²⁶⁾

4.2 Wat is modale opvoeding?

Die mens is geen tydelike funksie van die kosmos nie en ook nie 'n optelsom van al die kosmiese funksies nie. 'n Persoon se religie gaan die rigting bepaal waarheen sy kosmiese funksies gelei moet word. Die kosmiese funksies kan of anastaties op God gerig word of dit kan apostaties gerig word op 'n afgod.

Die vyftien kosmiese funksies van die mens ontspring uit die hart van die mens. Die hart omspan radikaal en integraal al die lewensuitgange van die mens.

25. Schoeman, P.G. op.cit., p.8.

26. Stoker, H.G. Oorsprong en Rigting II, p.352.

Modale opvoeding is om die uitgange van die hart van die mens, wat na vore kom in die kosmiese struktuur, in 'n bepaalde rigting te lei en te rig. Omdat die hart die konsentrasiepunt van die mens se tydelike funksies is, moet die funksies in dieselfde rigting gerig word deur die religie wat op die hart van die mens beslag gelê het.²⁷⁾

Die hart van die mens moet hom nou religieus rig op God deur die geloof, die pistiese. Ons kan dus sê dat modale opvoeding die tydelike funksies van die mens in ooreenstemming bring met die gerigtheid van die hart van die mens sodat elke funksie van die mens dieselfde eindpunt sal hê as die religie van die mens. Die opvoeder moet dus in sy opvoeding sorg dat nie net die kind se geloofsfunksie nie, maar ook sy sosiale omgang, taal en gevoel vir die estetiese waardebepalings gelei word na God. So gesien, moet alle funksies van die kind anastaties op God gerig word. Opvoeding is nie beperk tot die grens van een modaliteit nie.²⁸⁾

Modale opvoeding is gerig op die religieuse vorming van die kind, sodat die hele lewe van die kind in die lig sal staan van die mens se uiteindelijke doel.

4.3 Die rol van die pistiese modaliteit

Die kosmiese wetsorde se hoogste tydelike funksie is die pistiese en die mens se hoogste tydelike funksie is ook die psitiese of die geloofs-funksie. Die kosmiese wette vertoon ook 'n noue chronologiese samehang en kan nie los van mekaar staan nie. Die geloofsfunksie, soos alle ander funksies, is eie aan die natuur van alle mense.²⁹⁾

Alle funksies is bepaal deur en gerig op die funksie wat daarop volg. Die getalsfunksie, wat die laagste kosmiese wet is, het verband met die ruimte-like. D.w.s. die getalsfunksie antesipeer (gryp vooruit) na die ruimtelike en die ruimtelike retrosipeer (wys terug) na die getalsfunksie. So sal die sosiale wetskring antesipeer na die ekonomiese en die ekonomiese weer retrosipeer na die sosiale wetskring. So antesipeer en retrosipeer alle

27. Schoeman, P.G. op.cit., p.12.

28. Mojjet, J.W. De struktuur van opvoeden en opvoedkunde, p.260.

29. Kalsbeek, L. op.cit., p.130.

wetskringe vooruit of terug op mekaar en vorm die wetskringe 'n eenheid.

Die pistiese modaliteit het geen antesiperende moment nie, maar retrosipeer wel op die ander veertien tydelike funksies van die mens. Die pistiese moet daarom beskou word as die hoogste tydelike funksie van die mens.

Die hart van die mens is nie een van die funksies nie, maar is die religieuse wortel van die menslike bestaan.³⁰⁾

Vanuit die religieuse sentrum van die mens word die geloofslawe van die mens bestuur en gerig - anastaties of apostaties. Die gesteldheid van die hart sal 'n beslissende invloed hê op die geloofslawe van die mens.

Omdat die pistiese die hoogste funksie van die mens is, sal al die ander funksies onder leiding van die geloofsfunksie staan. So is die geloofsmodaliteit vervleg met al die ander kringe, bv. geloofstrou (etiese), geloofsvergelding (juridiese), geloofsharmonie, geloofsomgang, geloofslawe, geloofskrag en geloofsruimte. In al die wetskringe het die geloof die leidende funksie. Geloofstrou is dus 'n geloofsfunksie en nie 'n liefdesfunksie nie, want in dié trou het die geloof die leiding en is trou aan God iets anders as trou aan 'n eggenoot.³¹⁾

Wie egter die getalskring sou wegneem, hou nie meer geloofseenheid oor nie en as die estetiese weggeeneem word, is daar geen geloofsharmonie oor nie. Die wetskringe is ten volle onderling van mekaar afhanklik.

4.4 Die ontsluiting van die modale opvoeding

Al die talente van die kind waarmee hy gebore is, is nog sluimerend en juis die sluimerende potensies moet ontsluit word. Hier lê die sleutel tot omhoogleiding na God.

Die voorwaarde waaronder die antesiperende momente van die wetskring ontplooi, is dat dit ontsluit moet word.³²⁾ 'n Funksie sal ontsluit word as

30. Loc.cit.

31. Strauss, H.J. op.cit., p.31.

32. Spier, J.M. op.cit., p.101.

'n moment uit 'n laere kring vooruitwys. Die ontsluiting van die hele normatiewe struktuur staan altyd onder leiding van die geloof.³³⁾ Die geloofsfunksie word egter weer ontsluit deur die Goddelike Woordopenbaring.

Alle modaliteite hang as't ware af van die ontsluiting van die geloofsmodaliteit. As 'n kosmiese funksie, waarop antesiperend vanuit 'n laer modaliteit vooruitgegryp word, die leiding kry, is daar sprake van dat dergelike antesiperende moment uit die laer kring ontsluit. Die kind moet deur ontsluiting omhooggelei word na God.

Die sonde vertroebel egter die geloofsfunksie van die mens. Opvoeding moet lei tot anastasis. Dit beteken dat die mens weer teruggelei moet word na God. Die mensehart wat deur die sonde in Adam van God afgesny is en onder die vloek gebuk gaan, is deur die genadeverdienste van Christus en die werking van die Heilige Gees van God weer gebind aan die Ware Lewenswortel. Die anastatie se ontsluiting is die positiewe beantwoording deur die opvoeder van sy taak voor God in die wêreld.³⁴⁾

Die opvoeder moet die funksies van die mens en die potensies wat deur God in die natuur geskape is, bring tot ontplooiing. Die opvoeder se taak is normbepaling en rigtinggewing in die ontsluiting van die funksies van die kind.

Opvoeding en onderwys vind sin in God. Die opvoedingshandeling sal dus sinvol wees as dit in God plaasvind. Daarom moet die tydelike funksies van die mens ook sinvol ontsluit word tot eer van God.

Omdat die ontsluiting van die modaliteite onder leiding van die geloof staan, is dit belangrik om te onthou dat die opvoeder slegs instrument is. Om die pistiese modaliteit te ontsluit, beteken dat die kind sy hele lewe gewilliglik onder Gods wette en norme stel. Omdat die geloof die bewuste werking in die hart van die mens is waardeur die Openbaring van God geken kan word, is die belangrikheid van geloofsopvoeding deur behoorlike Bybelonderrig seker die belangrikste eis wat aan die Christenopvoeder gestel kan word.³⁵⁾

33. Ibid., p.103.

34. Schoeman, P.G. op.cit., p.132.

35. Ibid., p.132.

Die geloof en die Openbaring van God moet vir die kind ontsluit word en die kind moet vir die geloof en die Openbaring van God ontsluit word.

Die implikasie is dat die opvoeding na die skool kom met ongedifferensieerde funksies. Dit moet tot ontplooiing gebring word deur ontsluitingsbemoediging. Die funksies kan nie self ontsluit nie, en die opvoeder moet die funksies ontsluit o.l.v. die geloof.

5. Die rol van Bybelkunde en Godsdiensonderrig in die struktuur van die opvoeding

5.1 Bybelkunde en Godsdiensonderrig is nie net die pistiese nie

Bybelkunde en Godsdiensonderrig (voortaan word na die twee vakke gesamentlik verwys as die Godsdiensvakke) is in hul wese totalitêr en is gerig op die hele lewe van die mens. Die vakke is nie deel van die funksies van die mens nie, maar deur opvoeding in dié vakke moet die funksies van die mens gelei en gerig word tot God. Deur die Godsdiensvakke is die opvoeder instrumenteel besig om al die uitgange en funksies van die mens weer terug te bind aan die ware Lewenswortel.

Behalwe dat die Godsdiensvakke die funksies van die mens sal rig, moet dit ook die ander vakke van die kind, asook die kind se buitemurse aktiwiteite rig. Deur die Godsdiensvakke moet die funksies van die kind, wat uiteraard nog ongedifferensieerd is, maar tog onder leiding van die pistiese funksie staan, ontsluit word, sodat die pistiese en alle ander funksies anastaties gerig word op God. Die Godsdiensvakke kan die tydelike funksies van die mens 'n ewigheidskleur gee, deur die kind te lei om alles wat hy doen, te doen tot eer van God. Elke funksie op elke terrein moet dus in diens van God gestel word.

Daar moet ook 'n balans wees, sodat die klem in die Godsdiensvakke nie net sal val op die ontsluiting van die pistiese nie, maar op die ontsluiting van alle funksies tot eer van God.³⁶⁾

36. Ibid., p.133.

5.2 Bybelkunde en Godsdiensonderrig is 'n religieuse diens

Die Godsdiensvakke is nie net maar 'n direkte diens aan God nie, maar het ten doel om al die funksies van die mens te rig tot God. Deur die Godsdiensvakke moet die kind ook geleer word dat alle uitgange van die mens se lewe gerig moet wees op God en in diens moet staan van God.

Die Godsdiensvakke is bepalend vir die koers wat die funksies van die mens se lewe gaan volg. Die taak van die Godsdiensvakke is 'n Godgerigte omhoog= leiding. Die Godsdiensvakke sal ook die hart, die religie van die mens rig. Die hart is die religieuse sentrum van die mens se lewe. Die doel van die Godsdiensvakke omspan alle terreine van die lewe, o.a. die godsdienstige vorming, die sedelike vorming, die juridiese vorming, die estetiese vorming, die ekonomiese vorming, die sosiale vorming, die linguale vorming, die historiese vorming, die logiese vorming en die liggaamlike vorming.³⁷⁾

Ons sien dus dat die Godsdiensvakke gerig is op die godsdienstige sowel as alle ander funksies van die mens se lewe. Die opvoeding staan dus onder leiding van die Godsdiensvakke.³⁸⁾

5.3. Bybelkunde en Godsdiensonderrig is fundamenteel

Deur Wet 39 van 1967, artikel 2(1) word bepaal dat die onderwys in Suid-Afrika Christelik moet wees. Die wet waarborg dus die Godsdiensvakke op skool. Tog is die plek wat deur die Godsdiensvakke ingeneem word, 'n eensame plek, omdat die vakke dikwels so los staan van die ander vakke. Waar die Godsdiensvakke juis die basis moet wees waaruit die ander vakke ontwikkel, vorm die Godsdiensvakke nie altyd die wortel, die fondament van die ander vakke nie.

Die kind leer en sien alte dikwels dat die Godsdiensvakke los staan van die ander vakke en kom sodoende tot die besef dat die "sekulere" vakke tot een moment van die menswees behoort en die Godsdiensvakke tot 'n ander moment van sy menswees.

37. Bingle, H.J.J. Metodiek van Godsdiensonderrig in die middelbare skool, pp. 21-22.

38. Perquin, N. op.cit., p.226.

So word die godsdiens en lewe twee aparte sake. Die kind se geloof kom uit sy hart. Die praktyk leer die kind egter dat die geloof wat uit die hart kom, anastaties op God gerig moet wees en dat die ander funksies, wat uit dieselfde hart kom, neutraal is.

Die Godsdiensvakke kan beskou word as die hart van die Christelike opvoeding en onderwys. Die Godsdiensvakke kan ook beskou word as die fondament wat die rigting bepaal van die hart en religieuse diens van die kind. Om die hart en religieuse diens te kan rig, is wetenskaplike onderrig noodsaaklik.

HOOFSTUK 3

DIE INHOUD EN PLEK VAN DIE GELOOFSLEER IN DIE STRUKTUUR VAN DIE BYBELKUNDE EN GODSDIENSONDERRIG IN DIE SEKONDÊRE SKOOL

1. Inleiding

Die bedoeling van die hoofstuk is nie om 'n diepgaande teologiese verklaring te gee van en ondersoek te doen na die inhoud van die Geloofsleer nie, maar o.a. om die verband van die Geloofsleer met die teologie aan te toon en daaruit te kan kom tot 'n sintese vir 'n konsepinhoud van die Geloofsleer in die middelbare skool.

Ons het reeds gesien dat die geloof, die pistiese, een van die mens se funksies is. Die vraag is nou, wat is die Geloofsleer soos dit op skool aangebied word, uit watter elemente bestaan die Geloofsleer en hoe is die inhoudelike van die Geloofsleersillabusse in die verskillende provinsies? Is die indeling wat in die verskillende provinsies bestaan bevredigend of kan daar 'n ander indeling gevolg word by die aanbieding van die Geloofsleer op skool?

Die Geloofsleer self moet ook ontleed word, aangesien dit bepalend is vir die mens se hart (religie) en godsdiens. Vir die doel van hierdie hoofstuk moet ons eers onderskei tussen dogma en dogmatiek om dan hieruit te kan aflei presies wat Geloofsleer is.

Ons wil ook in die hoofstuk die plek bepaal van die Geloofsleer, gesien vanaf standerd ses tot standerd tien. Hier word daarop gewys dat elke les in die Godsdiensvakke eintlik medebepalend en bouend is aan die kind se geloof en dat die aanbieding van die Geloofsleer in standerd tien eintlik net 'n chronologies-sistematiese aanbieding is van al die geloofswaarhede wat die kind tot nou toe reeds ontvang het. Dit laat die vraag weer na vore kom hoekom die Geloofsleer juis in standerd tien onderrig moet word, as al die geloofswaarhede dan reeds in brokkies en stukkies aan die kind gegee is. Hoekom word die Geloofsleer dan nie in die eerste instansie in standerd ses aangebied sodat die onderwyser in die jare wat volg vir die kind net die geloofswaarhede in die Godsdiensvakke kan ontplooi nie?

Met die voorgestelde inhoud van die Geloofsleer wil ons die plek daarvan bepaal in die hele struktuur van die Godsdiensonderrig vanaf standerd ses tot standerd tien. Vir hierdie doel moet ons vooraf weet dat godsdiens= tige opvoeding in die skool, sonder dat die kind kom tot kennis van die geloofsopvoeding, nie wenslik is nie,¹⁾ en dat elke les moet help bou aan die kind se geloof. Die inhoud van die Geloofsleer en die plek daar= van moet die kind bring tot die besef dat sy geloof nie alleen beperk is tot die klaskamer, Bybellees, die gebed of die kerkgang nie, maar dat die geloof meesprek op elke terrein waarop die kind beweeg en dat sy geloof sy hele lewe omvat en nie net 'n deel daarvan nie.

Hier word ook gewys dat behalwe dat die geloof omvattend is, moet die kind ook daartoe gelei word om te besef dat geloof 'n wyse is waarvolgens 'n mens voor God en voor die mens lewe en dat die liefde vir God sal bepaal in hoe 'n mate hy die vrymoedigheid sal hê om volgens die oortuiging van sy geloof te lewe.

Vir dié doel moet die geloofskennis van die kind saamgevat en gesistematiseer word. Dit word dan gedoen in standerd tien voordat die kind op die breëre terrein van die lewe gaan beweeg, sodat dit kan dien as 'n rig= snoer vir sy hele lewe.²⁾

Dit is ook belangrik dat die plek van die Geloofsleer in die skool aan= getoon word t.o.v. die ander vakonderwysers en hoof se aandeel daarin.

Die klem in die hoofstuk val egter op die vak Geloofsleer, terwyl alle ander uitbouings van die geloof net genoem word as medebepalend.

2. Wat is Geloofsleer?

Geloofsleer is 'n onderdeel van die teologie. Om dus te kan verstaan wat Geloofsleer is, sal ons die oorsprong en plek van die Geloofs= leer in die Teologie moet gaan naspoor. Geloofsleer het 'n geskiedenis. Geloofsleer, soos ons dit in die sekondêre skool aantref, is 'n vereen= voudiging van 'n teologiese dissipline, nl. die Dogmatiek.

-
1. Waterink, J. Theorie der opvoeding, p.588.
 2. Bingle, H.J.J. Metodiek van Godsdiensonderrig op die middelbare skool, p.36.

Om die wese van die Geloofsleer te kan verstaan, sal dit dus nodig wees om te bepaal wat dogma en wat dogmatiek is.

2.1 Wat is Dogma?

'n Dogma is 'n stelling, 'n leerstuk. 'n Kerklike dogma is 'n leerstuk waarin die kerk die inhoud van sy geloof bely.³⁾ Dogma is dus 'n leerstuk wat deur die kerk as outoritêr vasgestel is. Die leer van 'n bepaalde kerk word vasgelê in bepaalde belydenisskrifte. Volgens die Gereformeerde beskouing mag dogmatiese waarhede alleen uit die Heilige Skrif afgelei word.⁴⁾

2.2 Wat is Dogmatiek?

Die dogmatiek is die sisteem van kennis aangaande God. Dogmatiek word gewoonlik omskryf as die wetenskap van die dogmas en is 'n teologiese wetenskap.⁵⁾ Dit is 'n teologiese uiteensetting van die geloofswaarhede soos dit in die Heilige Skrif geopenbaar is. Dit is die sistematiese kennis aangaande God soos Hy Homself openbaar aan die mens.

De Graaf gee die volgende definisie van dogmatiek:

"De dogmatiek is de wetenschappelijke bezinning en het resultaat dier bezinning op de waarheid, welke God aangaande Zichzelf en aangaande Zijn schepselen in hun wederzijdse relatie in Zijn Woord geopenbaard heeft en door de kerk op de gezag van dat Woord beleden wordt."⁶⁾

Dogma het dus te make met die waarheid in kerklike verband en die dogmatiek is dan die wetenskaplike arbeid, wat die dogma van die kerk krities beskou, en die waarhede van die Heilige Skrif wil sistematiseer.

-
- 3. Berkouwer, G.C. e.a. Het dogma der kerk, p.10.
 - 4. Honig, A.G. Handboek van de Gereformeerde Dogmatiek, p.7.
 - 5. Ibid., p.13.
 - 6. De Graaf, S.G. Hoofdpijnen in de Dogmatiek, p.14.

2.3 Wat is Geloofsleer?

Geloofsleer soos ons dit aantref in die skole, is eintlik 'n kort belydenis wat uit die Woord van God saamgestel is.⁷⁾

Ons kan ook sê dat die Geloofsleer 'n elementêre dogmatiek behels.⁸⁾ Die Geloofsleer is dus 'n vereenvoudigde dogmatiek van basiese waarhede soos ons dit in die Heilige Skrif aantref. Hierdie waarhede word saamgevat in die Apostoliese Geloofsbelydenis (die Twaalf Artikels) wat deur alle Christelike kerke bely word.⁹⁾

Wat Geloofsleer presies is, sal vir ons nog duideliker word as ons die inhoud daarvan vergelyk met die inhoud van die dogmatiek.

3. Wat is die inhoud van die Geloofsleer?

Om 'n indeling van die inhoud van die dogmatiek te maak is nie so maklik nie. Hieronder word van 'n indeling gebruik gemaak wat vandag algemeen aanvaar word deur die reformatoriese dogmatici. Hieruit moet ons dan 'n vereenvoudigde indeling maak vir die Geloofsleer vir gebruik op die middelbare skool. Vir die indeling het die dogmatiek die hele Skrif tot ondersoek en daaruit moet die geloofswaarhede dan afgelei word.

3.1 'n Indeling van die Dogmatiek

Die kortste indeling wat ons kan maak in die dogmatiek is die driedeling nl. oor God die Vader, oor Christus en oor die Heilige Gees.

- a) Die openbaring van God,
- b) Die wese van God - o.a. die name van God en die Drie-eenheid,
- c) Die Raad van God - o.a. die uitverkiesing,
- d) Die Skepping - o.a. van die mens en die engele,
- e) Die Voorsienigheid,
- f) Die sonde,
- g) Die leer van die verbonde,

7. Bingle, H.J.J. Die onderrig van Geloofsleer in die middelbare skool, p.2.

8. Ibid., p.3.

9. Ibid., p.2.

- h) Die verlossing deur Christus,
- i) Die werk van die Heilige Gees - die Heilsorde,
- j) Die Kerk,
- k) Die genademiddele - o.a. die sakramente in die kerk,
- l) Die leer van die laaste dinge.¹⁰⁾

3.2 Die inhoud van die Geloofsleer

Die onderwys in die Geloofsleer is baie meer as net 'n getuigenis oor die waarheid.¹¹⁾ Die Geloofsleer spruit voort uit die worsteling van die kerk met die leuen om die waarheid. Geloofsleeronderrig moet rekening hou met die doopsbelofte, en moet gegee word aan 'n verbondskind. Die kind moet hierdeur kom tot kennis van God soos Hy Homself aan die mens openbaar in sy Woord. Die Geloofsleer is ook daarop gemik om aan die gelowige antwoorde te bied op sy moeilikste lewensvraagstukke. In die Geloofsleer leer die kind om rekenskap te gee van sy ingesteldheid m.b.t. die openbaring van God aan die mens, oor sy liefde vir God en medemens en hoe hy God moet dien en eer.¹²⁾

Daarby moet elkeen onthou dat geloof 'n gewisse kennis van God en 'n vaste vertrouwe in Christus as sy persoonlike Saligmaker is. Om die inhoud van die Geloofsleer verder te kan omskryf en om die kind te lei tot die gewisse kennis, sal dit noodsaaklik wees om te let op 'n indeling van die Geloofsleer, waarin die gewisse kennis vervat sal wees.

3.3 Die indeling van die Geloofsleer volgens sillabusse in die R.S.A.

Volgens die huidige sillabusse van die verskillende provinsies kry ons die volgende indeling wat gebruik word by die Bybelkunde en die Godsdiensonderrig.

In Transvaal is daar Bybelkunde en Godsdiensonderrig. Die Bybelkundesillabus volg die indeling van die Twaalf Artikels vir die Geloofsleer;¹³⁾ ook die Godsdiensonderrigsillabus volg vir die Geloofsleer die indeling van die

10. Honig, A.G. op.cit., pp.853-867 en Berkouwer, G.C. op.cit., inhoudsopgawe.

11. Grove, I.J. Die „Dogma- en gewetenskousule" in die onderwysordonnansie van 1953 van Transvaal. Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., 1970, p.72.

12. Bingle, H.J.J. Die onderrig van Geloofsleer in die middelbare skool, p.4.

13. Sillabus vir Bybelkunde vir sts. IX en X, s.j., pp.8-9. (Transvaal)

Apostoliese Geloofsbelydenis. (Die Twaalf Artikels.)¹⁴⁾

In die Oranje Vrystaat word dieselfde indeling vir die Geloofsleer in die Bybelkunde- en Godsdiensonderrigsillabusse gevolg as in Transvaal.¹⁵⁾

In Natal word melding gemaak van Bybelstudie as 'n volwaardige eksamenvak, maar in die Bybelstudiesillabus word daar nie voorsiening gemaak vir die onderrig van Geloofsleer nie.¹⁶⁾ In die Godsdiensonderrigsillabus word egter melding gemaak van die onderrig van die Apostoliese Geloofsbelydenis (Twaalf Artikels) as 'n toepaslikheid van die Bybel vir die hede.¹⁷⁾

In die Kaapprovinsie word Bybelkunde as vak ook nie aangebied nie, maar in die Godsdiensonderrigsillabus word die Apostoliese Geloofsbelydenis behandel met klem op die volgende sake: die skepping, die sondeval, versoening en verlossing deur Christus, die werk en persoon van die Heilige Gees en laastens die Voleinding van die wêreld.¹⁸⁾

3.4 'n Indeling van die Geloofsleer

Aangesien ons gesê het dat die Geloofsleer, soos in die sekondêre skool aangebied, gebaseer is op die dogmatiek, maar vir die gebruik op skool in 'n vereenvoudigde vorm aangebied word, en omdat ons nie 'n diepgaande studie oor die dogmatiek wil maak nie, maar net vir die kind 'n funksionele samevatting van sy geloof wil gee, wil ons onderstaande indeling van die Geloofsleer voorstel. Die indeling is gebaseer op die Apostoliese Geloofsbelydenis en is dus eintlik 'n geselekteerde, vereenvoudigde dogmatiek. Ter inleiding: Die Woord van God as Kenbron en Openbaringsinstrument. Hieruit sien ons dat die volgende aan die mens geopenbaar word:

-
- 14. Sillabus vir Godsdiensonderrig, sts. 6-10, 1968, p.31. (Transvaal)
 - 15. Sillabus vir die sekondêre skool, Bybelonderrig, 1973, pp.17-18 (O.V.S.)
 - 16. Handboek vir die Seniorsertifikaateksamen, 1972, p.159. (Natal)
 - 17. Leerplan vir Godsdiensonderrig aan sekondêre skole, s.j., p.2. (Natal)
 - 18. Godsdiensonderrig, s.j., p.31.

1. God die Vader:
 - a) Die name van God,
 - b) God as Skepper en Onderhouer,
 - c) Die Skepping.
2. Jesus Christus:
 - a) Die naam Jesus,
 - b) Die naam Christus,
 - c) Die Seun van God,
 - d) Onse Here.
3. Ontvang van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria.
4. Christus se lyding:
 - a) Sy hele lewe,
 - b) Onder Pontius Pilatus,
 - c) Gekruisig,
 - d) Gesterwe,
 - e) Begrawe,
 - f) Neergedaal na die hel.
5. Christus se verhoging:
 - a) Sy opstanding,
 - b) Sy hemelvaart,
 - c) Sy sitte aan die regterhand van God,
 - d) Sy wederkoms.
6. Die Heilige Gees:
 - a) Wie die Heilige Gees is,
 - b) Die werk van die Heilige Gees (die Heilsorde).
7. Die Kerk. (dit is één, heilig, algemeen, gemeenskap van die heiliges.)
8. Die vergewing van sondes.
9. Die wederopstanding van die vlees:
 - a) Die dood is onontwykbaar,
 - b) In Christus is die karakter van die dood verander.
10. Die Ewige Lewe:
 - a) Die ewige lewe begin reeds op aarde.

Die Geloofsleer word in die Heidelbergse Kategismus soos volg saamgevat:

Vraag: Wat is dan vir 'n Christen nodig om te glo?

Antwoord: Alles wat in die Evangelie beloof word en wat die artikels van ons algemene en ongetywfelde Christelike geloof ons in hoofsaak leer.¹⁹⁾

4. Die plek van die Geloofsleer

In die laaste standerd van die middelbare skool kom ons nou by die sluitsteen van die godsdienstige opvoeding op skool.²⁰⁾ Deur die onder-
rig van die Geloofsleer word die kind nou gereed gemaak vir die breëre
terrein van die lewe en is die afronding noodsaaklik. Deur die Geloofs-
leer en die werking van die Heilige Gees kry die kind die regte insig in
die samehang van die volle boodskap van God en groei die sekerheid van die
geloof by hom en sodoende moet dit ook dien as aansporing om die kind se
leer en lewe met mekaar te versoen. So moet die openbaring van God spreek
tot die gelowige selfbewussyn van die kind.

Aangesien die behoefte sterker en sterker groei by die sekondêre skoolkind
om die Bybel en die wêreld, die geloof in die alledaagse lewe met mekaar in
verband te bring, moet daar aan hom 'n gesistematiseerde samevatting van
die geloofswaarhede, soos dit tot nou toe in die onderwys na vore gekom
het, gegee word. Die ontwikkeling van die kind maak dit eers in standerd
tien moontlik om die geloofswaarhede tot hom te bring in 'n gesistematiseerde vorm. Hieruit volg dat die suiwer onderrig van geloofswaarhede
aan die jonger kind heel moeilik is.²¹⁾

Ooreenkomstig die ontwikkeling van die kind kan die Geloofsleer eers in
standerd tien aangebied word. Op die vraag of die Geloofsleer wel 'n
plek het in die struktuur van die Godsdiensonderrig en Bybelkunde sal
later ingegaan word.²²⁾

19. Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 22.

20. Bingle, H.J.J. op.cit., p.36.

21. Waterink, J. op.cit., p.590.

22. Vgl. Hoofstuk 4.

Die Geloofsleer moet vir die kind kan dien as 'n rigsgaande vir sy hele lewe.²³⁾

4.1 Die plek van die Geloofsleer in die Godsdiensonderrig van standerd ses tot standerd nege

Die onderrig van Geloofsleer begin reeds in die eerste skooljaar. Op die middelbare skool moet die onderrig voortgesit word. Elke les moet prakties bou aan die kind se geloof. Elke les moet daartoe bydra om die geloof van die ontwikkelende kind te laat help gedy onder leiding van die Heilige Gees. Elke les moet 'n steen wees wat gelê word in die geloofslewe van die kind. Die Bybelles moet so aangebied word dat die opgestane Christus vir die kind in die hede 'n aktuele werklikheid sal wees, 'n Christus sal wees wat lewe en ook bemoeienis met hom wil maak.

Oor die algemeen val die klem in die Godsdiensonderrig en ook in die Bybelkunde te veel op die blote feitekennis sonder dat die onderwyser die Skrif vir die kind lewend maak deur hom te wys op dit wat vir hom van waarde is en behoort te wees. Van Wyk stel dit so: "... sonder dat gesoek word na die diepe sin van die Skrif; die betekenis van die feite, die naspeur van die hoofgedagte, grondpatroon, openbaringsgedagte"²⁴⁾ val die klem bloot op die historiese feite wat in die Bybel voorkom.

Tydens die behandeling van die Bybelgeskiedenis moet die leerlinge voortdurend gewys word op die geloofswaarhede wat daarin vervat is. Uit die Woord van God moet die kind dus leer "wie God is, wie Jesus Christus is, wie die Heilige Gees is, wat die werk van die drieënige God is, die oorsprong, wese en bestemming van die mens, die kerk, sondeval, genade, verlossing ens."²⁵⁾

Indien ons nie die geloofswaarhede gaandeweg aan die kind leer nie, kan ons nie beweer dat ons Godsdiensonderrig gee nie. Dit sal 'n klomp koue en dooie feite wees.²⁶⁾

23. Bingle, H.J.J. op.cit., p.36.

24. Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensonderrig, p.497.

25. Bingle, H.J.J. Die onderrig van Geloofsleer in die middelbare skool, p.2.

26. Loc.cit.

As die onderwyser dan nie die geloofsfeite deur die jare en in die lesse aan die kind gee nie, sal sodanige onderwys in die volle sin van die woord neutraal wees.²⁷⁾

Die Bybelgeskiedenis moet dus gesien word as Openbaringsgeskiedenis en die openbaringsgedagte moet by die kind tuisgebring word. W.J. de Klerk stel dit baie duidelik: "God is hier aan die woord: Hy openbaar Sy Name; Sy wese; Sy deugde; Sy Raadsplan. Hy openbaar die oorspronge, die voortgang en die einde; Hy openbaar Sy geregtigheid en Sy liefde in die sonde-ineenstorting en genadige verlossing. Daarom is die Bybel 'n boodskap uit hemelse oorde; dit is 'n gesprek van die Skepper met die skepsel, van die Vader met sy kind; dit word 'n boek van ontmoetinge wat dring na gemeenskap; dit word 'n verhelderende uitnodiging en appellatiewe gesprek tussen God en die mens."²⁸⁾

Die gesprek van God met die mens is nie altyd duidelik vir die kind nie en om die vertroue van die kind op God te stel, moet die kind die boodskap verstaan. Die verstaan beteken egter nog nie dat hy God deurgrond het nie, want ons ken nou net ten dele. Die skepsel moet egter weet wat sy Skepper vir hom sê. Die kind moet ook geleer word dat God ook vir hom 'n God is, 'n God op wie hy kan vertrou en in wie hy sy geloof kan stel, na wie hy kan gaan met al sy probleme. God moet steeds midde in die lewe staan, midde in die kind se hele lewe. Die geloofsfeite moet lewend wees vir die kind.

4.2 Die plek van Geloofsleer in standaard tien

As die leerling standaard tien bereik, word dit noodsaaklik dat daar aan hom 'n geformuleerde belydenis gegee word. Die "nuwe" belydenis moet egter reeds vir die kind vasstaan, aangesien hy reeds daarmee kennis gemaak het in die onderrig in die laere standers. Nou word al die geloofswaarhede wat aan die kind geleer is deur die jare, wat die kind se vertroue help bou het, gesistematiseer en saamgevat in 'n geformuleerde geloofsbelydenis. Wat die kind sporadies geleer het, word nou gesistematiseer, sodat hy vir homself rekenskap kan gee van dit wat hy as sy

27. Loc.cit.

28. De Klerk, W.J. Grondpatrone van die Bybel, p.1.

beginsels aanvaar in die lewe. Daarom bied ons in standaard tien 'n' sistematiese behandeling van die Geloofsleer aan. Dit is net 'n samevattende getuïenis aangaande die waarheid.

Deur die onderwys van Geloofsleer moet die onderwyser die hart van die kind voorberei vir die geloofswerking van die Gees van God.

Die Geloofsleer is egter nie die afsluiting van die Godsdiensonderrig en die Bybelkunde op die middelbare skool nie. Die geloof wat tot nou toe gebou is, sou niks beteken as dit nie prakties toegepas kan word nie. Die kind stel belang in en het behoefte aan die funksionele, die werklikheid. Bowendien is dit 'n Goddelike eis. Die Geloofsleer moet ook nog 'n toepassing kry. Die toepassing kom na vore in die Sedeleer en die Gebed waarmee die Bybelkunde en die Godsdiensonderrig afgesluit behoort te word. Die Christelike Sedeleer is eintlik niks anders as die konkrete toepassing van die Christelike geloofswaarhede in die lewe nie. Ons kan die Sedeleer en die Gebed 'n praktiese Geloofsleer noem. Geloof is dinamies, lewend. Daar moet dus 'n lewendige verhouding bestaan tussen die mens en God. Sy geloof is ook lewend in die vergestaltung voor mense. Geloof sal dus ook die tussen-menslike relasie bepaal, m.a.w. hoe mens teenoor mens optree en behoort op te tree. So moet die kind sy geloof prakties gebruik in die lewe. Selfs in die lewenspraktyk moet die geloof van die kind tot openbaring kom.

Deur dit alles moet die geopenbaarde waarheid 'n werklikheid word in die kind se lewe. Die kind moet metterdaad antwoord gee op die werking van die Heilige Gees in sy hart. In die geloof word die kind aktief en is hy nie die passiewe meedoener of luisteraar nie. Geloof is dus lewe. Dit sal ons doen en late bepaal, ons bestaan, ons handeling, gewoontes en selfs ons hele lewe.

Die bekeerde kind van God, sal dus deur die werking van die Heilige Gees sy geloof aanwend in sy hele lewe in gehoorsaamheid en dankbaarheid. Die Geloofsleer moet dus verband hê met die Sedeleer en die Gebed (afdeling van werk) anders is die geloof slegs teoreties en die Sedeleer en Gebed

moet verband hou met die geloof anders lei dit tot moralisme en fariseïsme. Geloof sonder die Gebed en Sedeleer is onvólledig en die Gebed en Sedeleer sonder die geloof is verwaandheid.

So moet die leerlinge aangemoedig word om hulle lewe in ooreenstemming te bring met dit wat hulle met die mond bely. Daar moet dan 'n korrelasie wees tussen leer en lewe.²⁹⁾

Waar die Geloofsleer gaan oor God, moet ons ook nog onthou dat die lewende geloof betoon, gewys moet word. Hoe toon 'n mens jou geloof? Deur die werke; deur die kind in die Sedeleer te wys hoe die werke behoort te wees en in die Gebed te wys hoe die gebed behoort te wees, kan die kind dan sy geloof betoon. "Maar wil jy weet, o nietige mens, dat die geloof sonder die werke dood is?"³⁰⁾

Die kind toon dan ook sy geloof in dankbaarheid; hy sê dankie vir God vir die genade en doen dit deur die gebed. Daarom is die gebed ook die ver= naamste beoefening van die geloof en betoning van dankbaarheid.³¹⁾

In standerd tien word eers die Geloofsleer behandel, daarna die Sedeleer en laastens die Gebed. Die drie komponente kan derhalwe ook nie van mekaar geskei word nie, omdat die geloof te make het met die hartsingesteldheid en as die instelling reg is sal dit betoon word in werke (die wet) en in woorde (die gebed). Daarom moet die geloofsluwe van die kind beskou word om hom dan te toon wat ook verder nodig is vir die gelowige, nl. die dankbaarheid in woorde en in dade.

5. Slot

Ons sien dus dat die Geloofsleer in die Godsdiensoonderrig en Bybelkunde deurlopend is op skool. Alles spreek van geloof en tot geloof.

Wat deur die jare aan die kind geleer word, moet in standerd tien saamge= bind word tot 'n hegte sisteem van geloof en van lewens- en wêreldbeskouing.

29. Waterink, J., op.cit., p.596.

30. Jak. 2:20.

31. Calvyn, Johannes. Institusie, p.318.

Geloof is nie alleen 'n gewisse kennis nie, maar ook 'n vaste vertrouwe.³²⁾ Deur die kennis wat die onderwyser aan die kind gee, moet daar ook 'n vaste vertrouwe by die kind ontwikkel. Die vaste vertrouwe kan slegs ontwikkel deur die kennis wat aan die kind gegee word. Uit die kennis moet dan die vertrouwe, die geloof, ontwikkel wat saamgevat word in 'n gesistematiseerde geloofsbelydenis in standerd tien.

Die geloofsbelydenis is slegs 'n samevatting van die geloofswaarhede waarmee die kind opgegroeï het en wat telkens aan hom gegee is in die lesse.

Geloofsleer moet egter nie net aan die kind gegee word in die vakke Bybelkunde en Godsdiensonderrig nie. Alle vakke in die Christelik-Afrikaanse skool moet help bou aan die geloof van die kind. Alle vakke is net verskillende afbakenings, aftregterings van die geopenbaarde waarheid van God.³³⁾

Slegs deur die geloof kan alle aspekte van God se openbaring aan die kind ontsluit word.

Hier wil ons ook net wys op die plek wat die Geloofsleer inneem in die hele kurrikulum van die skool. Waar 'n skool Christelik wil wees, sal die hoof self ook sorg dat hy goed onderlê is in die geloof en die Geloofsleer, veral waar die hoof ook die geesteklimaat van 'n skool sal bepaal. Die ander onderwysers van 'n skool sal self, as hulle erns met hulle onderskeie vakke wil maak, die Geloofsleer bestudeer en poog om dit in hulle vakke vir die kind aan te toon. Waar die geloofswaarhede slegs direk en eksplisiet in die Geloofsleer na vore sal kom, moet die ander vakonderwyser homself vergewis van die geloofswaarhede wat implisiet in die Woord van God vir sy vak bevat is. Dit sal hy kan ontdek deur self Skrifstudie te doen en sy vak aan te bied in die lig wat God se Woord daarop werp.

Slegs as die hele onderwys van 'n skool sê aangebied word, sal die Geloofsleer sy regmatige plek in die skool kan verkry en sal daar 'n noue skakeling wees tussen Godsdiensonderrig, Bybelkunde en alle ander

32. Heidelbergse Kategismus, vraag-en antwoord 21.

33. Vgl. hieroor hoofstuk 4.

vakke op skool. Hiervoor is egter nodig onderwysers wat onderlê sal wees in die Christelike wetenskap en die Christelike opvoedkunde.

"Want by U is die fontein van die lewe; in u lig sien ons dié lig."³⁴⁾

34. Ps. 36:10.

HOOFSTUK 4

DIE AARD VAN DIE GELOOFSLEER IN DIE SEKONDÊRE SKOOL

1. Inleiding

In hierdie hoofstuk kyk ons na die geloofsopvoeding wat die ouer= huis en die kerk aan die kind gee. Dié onderwys is noodwendig volgens 'n bepaalde dogma. Nou ondervind die skool probleme met die voortsetting van die dogmatiese onderwys, omdat daar in die skool kinders is wat verbonde is aan verskillende kerke wat verskillende dogmas onderskryf. Geloofsleer= onderrig op skool, wat wesenlik 'n dogmatiese inslag het, moet nou dogma= vry aan die kind gegee word.

Hierdie eis word deur die onderskeie Onderwysordonnansies van die ver= skillende provinsies gestel. Dit kom daarop neer dat die Geloofsleer= onderrig op skool vry moet wees van enige bepaalde dogma, wat tot gevolg het dat die onderrig van die Geloofsleer neutraal moet wees. Omdat die mens egter 'n eenheid is, is die eis nie geregverdig nie. Geen mens kan hom losmaak van sy lewensbeskouing nie en die lewensbeskouing hang saam met die onderwyser se bepaalde geloofsoortuiging.

Die Bybel stel bepaalde eise m.b.t. die verkondiging van die Woord en hoewel Geloofsleeronderrig op skool nie dieselfde as prediking is nie, kan daar tog bepaalde afleidings uit die Woord van God gemaak word m.b.t. die onderrig van Geloofsleer op skool.

Die kind stel ook bepaalde eise aan die aanbieding van die Geloofsleer. Die kind kan nie ingedeel word in kompartemente nie, maar is 'n eenheid. Deur 'n poging tot neutraliteit in die Geloofsleeronderrig aan te wend, word die indruk geskep asof sekere funksies van die kind t.o.v. sy ge= looofsfunksie, van sy religie losgemaak kan word. In die opsig sal die kind, vanweë die integrale en radikale aard van sy religie, 'n bepaalde standpunt vereis. Die kind wil ook sy geloof belewe. Daarom moet die Geloofsleeronderrig in verband staan met die lewe van die kind en aktueel wees vir elke lewensterrein.

In die onderrig van die Geloofsleer kan daar sekere probleme na vore kom wat die aard van die kind se geloof kan beïnvloed. Die faktore werk direk of indirek, in 'n mindere of meerdere mate in op die kind se geloof. Aan hierdie faktore word in die hoofstuk aandag geskenk.

2. Die aard van die Geloofsleer volgens eise van die ouer en die kerk

As 'n mens die aard van die Geloofsleer in die skool wil bepaal, moet daar eers gelet word op die eise wat primêre opvoedingsinstellings soos die kerk en die huisgesin daaraan stel.

Die kind en die huisgesin staan onder leiding van die kerk en die geloofs-belydenis sal bepaal word deur die geloofsbelydenis van die kerk.¹⁾

In die vroegste jare het die kerk self geen voorsiening gemaak vir die onderwys van verbondskinders in die Christelike leer nie. Die ouers self moes die taak behartig. Die ouers self moes die kind die dogmatiese onderrig gee in die belydenisskrifte van die kerk.²⁾

Later het die kerk self voorsiening gemaak vir die dogmatiese onderrig van die kinders t.o.v. die leer van die kerk. Dit het geskied met behulp van die katekisasie. Die ouers het wel nog gehelp met die onderrig van hul kinders. Die kerk het dus sy leer aan die kind oorgedra deur kategetiese onderrig. Dit is die taak van die kerk om die godsdienstig onvolwassene te bring tot kennis en verheerliking van God en tot belydenis van die geloof volgens die leer van die betrokke kerk.³⁾

Omdat die ouer nie altyd die tyd, geleentheid en selfs die kennis besit het om hierdie geloofsonderrig aan die kind te gee nie, het hy hom tot 'n instansie gewend wat wel daartoe in staat was, nl. die skool. Die opvoeders op skool is geroepe om voort te bou op die opvoeding wat die kind tuis ontvang. Hier tree die opvoeder op as hulp vir die ouer.

1. Bekker, J. Godsdiensonderwys in die skool, p.8.

2. Ibid., p.9.

3. Greyling, E. Godsdiensonderwys in die skool, p.22.

Indien so 'n skool slegs besoek sou word deur kinders uit huise van dieselfde kerk of godsdienstige groep, sou dit vir so 'n skool moontlik wees om die dogmatiese onderrig van die ouerhuis en die kerk in dieselfde gees voort te sit.

Die skool word egter besoek deur kinders van allerlei kerke, kerkgenootskappe en gesindtes en dié kinders moet gesamentlik geloofsopvoeding ontvang in een klas. So gesien, kan die aard van die Geloofsleer op skool nie dieselfde wees as in die ouerhuis of in die kerk nie.⁴⁾

Om hierdie probleem te oorbrug, het die onderwysdepartement "dogmaklousules" ingevoer. Hierby word alle staatskole ingesluit en word die dogmatiese wat die verskillende kerke van mekaar onderskei, weggelaat en verbied om onderrig te word in die staatskool. Dit beteken dat daar 'n soort "neutrale" Geloofsleer in die skool moet wees wat vry is van alle persoonlike belydenis. Die huidige staatskool mag geen bepaalde kerklike-eie of dogmatiese belydenis doseer nie.⁵⁾ Dié dubbelslagtigheid sal vervolgens bespreek word.

3. Die aard van die Geloofsleer volgens die eise van die wet

3.1 Wet 39 van 1967 en die aard van die Geloofsleer

Artikel 2 (1) (a) van Wet 39 van 1967 bepaal die volgende:

"Dat die onderwys in skole wat deur 'n staatsdepartement (met inbegrip van 'n provinsiale administrasie) in stand gehou, bestuur en beheer word, 'n Christelike karakter moet hê, maar dat die geloofsoortuiging van die ouers en die leerlinge geëerbiedig moet word wat betref godsdiensoonderrig en godsdienstige plegtighede."

Die wet bepaal dus dat in die onderrig van die Geloofsleer rekening gehou moet word met die standpunt van die ouer. Presies hoe daar met die geloofsoortuiging van die ouer rekening gehou moet word, word egter nie in die wet bepaal of omskryf nie.

4. Waterink, J. En toch: "De Christelijke school", pp.11-12.
 5. Bekker, J. op.cit., p.9.

Die wet kan nou op twee maniere vertolk word, nl. enersyds dat niks aan die leerling geleer mag word wat met die geloofsoortuiging van die ouer sal bots nie. As die Geloofsleer dan s6 aangebied moet word, sou dit beteken dat die Geloofsleer in die skool aangebied moet word met inagneming van alle ouers se geloofstandpunte sonder om een aanstoot te gee. Dit sal dan 'n soort algemene, oorkoepelende en "neutrale" Geloofsleeronderrig tot gevolg hê. Die Geloofsleer wat alle geloofsbelydenisse sal omvat en sal respekteer, sal kleurloos wees en nie die kind of die onderwyser bevredig nie.⁶⁾

Andersyds kan die wet ook s6 vertolk word dat die geloofsoortuiging van die ouer geëerbiedig moet word en dat die ouer die reg sal hê dat sy kind onderwys sal ontvang volgens die geloofsoortuiging van die ouer. Die skool word egter deur kinders besoek van verskillende geloofsoortuiginge wat weer 'n probleem sal skep in die toepassing van die vertolking van die wet.⁷⁾

Die oplossing vir die probleem wat a.g.v. die verskillende interpretasies ontstaan, sal na ons mening geleë wees in die differensiasie van die Geloofsleersillabusse.⁸⁾

Dit skyn dus nodig te wees om die wet positief te herformuleer.

3.2 Die eise van die Onderwysordonnansies m.b.t. die aard van die Geloofsleer

Die aard van die Geloofsleer op skool word verder bepaal deur die "dogmaklousules" wat in die verskillende provinsies bestaan.

In Transvaal bepaal die klousule dat geen bepaalde leer of dogma wat onderskeidend is van 'n besondere godsdienstige gesindte of sekte in enige openbare skool onderrig mag word nie.⁹⁾

6. Van Wyk, J.H. Die aard van die Godsdiensonderrig in die skool. (In: Van Wyk, J.H. e.a. Metodiek van Godsdiensonderrig in die sekondêre skool, ongepubliseerd.)

7. Loc.cit.

8. Vgl. in die verband hoofstuk 6 vir aanbevelings.

9. Ordonnansie 53 van 1953.

In die O.V.S. lui dit dat geen leerstelling of dogma wat aan 'n besondere godsdienstige gesindte of sekte eie is, gedurende gewone skoolure toegelaat word nie.¹⁰⁾

In die Kaapprovinsie bepaal die ordonnansie dat in elke onsektariese skool Godsdiensonderrig sonder opmerking of kommentaar deur die onderwyser gegee moet word.¹¹⁾

In Natal is die bepalings dieselfde en lui dat in geen openbare skool enige leer of leerstellige onderrig gegee mag word nie.¹²⁾

As die maatreëls nie genoeg beskerming vir die geloofsoortuiging van die ouer bied nie, mag die ouer die kind onttrek van enige godsdiensteplegtigheid. So is gepoog om enige vorm van kerkisme te verhoed en om die Geloofsleer bo geloofsverdeeldheid te verhef.¹³⁾ So is daar dus gemeen dat kinders van alle kerkgenootskappe gesamentlik onderrig kan word in die geloof.

Die ordonnansie maak dus voorsiening vir die onderrig van bepaalde, nie onderskeidende leerstellinge of dogma aan die leerling in die middelbare skool met die voorbehoud dat die onderrig bo geloofsverdeeldheid sal staan. Die klem moet dus in die onderrig van die Geloofsleer geplaas word op die punte van ooreenkoms tussen die verskillende kerkgenootskappe, terwyl die punte van verskil in die onderrig vermy moet word.

Die bepalings van die ordonnansies hou in dat die onderwyser tydens die Geloofsleerles nie sy eie geloofstandpunt aan die leerlinge mag openbaar indien dit in een of ander aspek van die geloofstandpunte van die leerlinge sou verskil nie. Die vereiste wat hier aan die onderwyser gestel word, is iets wat onmoontlik is. Elke mens is onlosmaaklik verbind aan sy lewens- en wêreldbeskouing, sy eie geloofsoortuiging en nou word verwag dat sodra die onderwyser die klas binnestap, hy hom hiervan moet losmaak.¹⁴⁾

10. Ordonnansie 16 van 1954.

11. Ordonnansie 20 van 1956.

12. Ordonnansie 23 van 1942.

13. Greyling, E. op.cit., p.108.

14. Coetzee, J.C. Leerstellige onderrig op skool, p.2.

3.3 Is Geloofsleeronderrig sonder enige bepaalde dogma moontlik?

Die idee dat die mens hom kan losmaak van sy lewensbeskouing en in kompartemente kan leef, sodat hy nou 'n bepaalde leer sal onderskryf en voor sy klas weer 'n ander, het sy spore reeds ver terug in die geskiedenis.¹⁵⁾ Waar iemand besig is met opvoeding, en veral Geloofsleeronderrig wat so nou verbonde is aan die eie lewensbeskouing, kan geen mens hom van sy lewensbeskouing losmaak nie.¹⁶⁾ Dit sou alleen moontlik wees as die onderwyser, wanneer hy die klas binnestap, hom van homself kan losmaak, asook van sy persoonlikheid - iets wat nie moontlik is nie.¹⁷⁾

So iets as 'n dogmalose aanbieding van die Geloofsleer of die hele Godsdiensonderrig, is nie net onwenslik nie, maar ook onmoontlik. Geen mens kan homself van sy eie geloofsoortuiging losmaak nie.¹⁸⁾

As die onderwyser sy Geloofsleer moet aanbied soos wat die ordonnansies dit verwag, sal die beperking al die onderwyser se werk in baie opsigte kragtelos en vrugteloos maak, omdat die opvoeder verplig sal wees om sy lewensbeskouing weg te steek. Dit sou die opvoeder verplig om by die aanbieding van die Geloofsleer slegs op die oppervlakte te beweeg en die werk oppervlakkig te behandel.¹⁹⁾

Dié soort lesaanbieding sou die kind sowel as die onderwyser onvergenoegd laat. Die kind het 'n behoefte aan rigtinggewing en vra na lewensbeginsels. Dit, sê Greyling, kan alleen aan die kind gegee word deur die leerstellige Geloofsleeronderrig waar die geloofsoortuiging van die onderwyser meesprek.²⁰⁾

As die Geloofsleer dan aangebied sou word volgens die eise van die ordonnansies, sal dit die kind van sy kerk losmaak en sal daar 'n interkerklike houding posvat. Dit sal tot gevolg hê dat daar 'n neutrale beskouing omtrent

-
15. Grové, I.J. "Dogma- en Gewetensklousule" in die Onderwysordonnansie, p.75.
 16. Waterink, J. op.cit., p.55.
 17. Greyling, E. op.cit., p.110.
 18. Van Wyk, J.H. Die aard van die Godsdiensonderrig in die skool, op.cit.
 19. Greyling, E. op.cit., p.111.
 20. Loc.cit.

sy eie geloof en eie geloofsuitkyk by die kind sal posvat en slegs die kind self sal daaronder ly. Neutrale Geloofsleeronderrig is 'n onmoontlikheid en wie dit probeer uitvoer, pleeg 'n onreg teenoor die kind.

Verder eis die Woord van God van die mens om die kind in 'n bepaalde dogma te onderrig. "Let op jouself en op die leer (dogma - P.C. v.d. W.); volhard daarin: want deur dit te doen, sal jy jouself red, sowel as die wat jou hoor."²¹⁾ Die feit dat daar kinders op skool is van verskillende geloofsoortuiginge mag nie algemeenheid en neutraliteit tot gevolg hê nie.²²⁾

Geloofsleer moet dus aangebied word met inbegrip van die dogmatiese, omdat die dogmatiese, die leerstellige, 'n integrale deel is van die Geloofsleer en van die opvoeder se lewensbeskouing.²³⁾

As die huidige ordonnansies uitgevoer word, sal die ideaal van 'n Christelike skool soos deur Wet 39 van 1967 bepaal, nie tot sy reg kom nie en sal die wet so kragteloos gemaak word. Die "dogmaklousules" is van humanistiese oorsprong en is nie eg reformatories-Christelik nie.²⁴⁾ So ontkrag die onderwyser die doopsbelofte, 'n belofte ten opsigte waarvan die onderwyser ook 'n verpligting het.²⁵⁾

Bijlsma vat die dogmalose Geloofsleeronderrig soos volg saam:

"Enerzijds is het onmogelijk en ongewenst, dat het gods= dienstonderwijs zo "neutraal" gegeven wordt, dat de overtuiging van de man voor de klas niet meespreekt. Alle kleur en gloed zouden uit de lessen verdwijnen en de overdracht van de stof zou schade lijden."²⁶⁾

21. I Tim. 4:16.

22. Grové, I.J. op.cit., p.71.

23. Waterink, J. Teorie der opvoeding, p.591.

24. Grové, I.J. op.cit., pp.74-75.

25. Die doopsbelofte bepaal " in hierdie leer te onderrig of te laat onderrig".

26. Bijlsma, R. Kleine catechetiek, p.32.

4. Die aard van die Geloofsleer volgens die Skrif

4.1 Geloofsleeronderrig is te onderskei van die prediking

Daar is 'n verskil tussen kerk en skool t.o.v. die doel met die oordraging van die Woord van God aan die kind. Die kerk is 'n instelling van God. Die kerk wil deur die prediking en die kerkisasie sy lidmate bereik en hulle lei tot deelname aan die sakramente en die openbare belydenis van hul geloof.²⁷⁾ Dit sal die kind (lidmaat) lei en rig in die belydenis en aanvaarding van die kerk waaraan hy behoort, sodat die belydenis kan dien as 'n rigsgaaf van die mens se lewe as antwoord op sy roeping in die wêreld en voor God.²⁸⁾

Die skool aan die ander kant is 'n menslike instelling en wil deur die Geloofsleeronderrig die kind bring tot kennis van, liefde vir en diens aan God en wil aan die kind insig in die geloofswaarhede van die Woord van God gee. Die Geloofsleer wil die kind daartoe lei om hoof, hart en hand aan God toe te wy. Dit wil die hart open vir die Heilige Gees van God.

Die skool en kerk wil albei die kind na God toe lei, maar op verskillende maniere. Daarom moet daar kontak en samewerking tussen die skool en die kerk wees.²⁹⁾

Die kerk wil tot die geloof van die kind spreek deur die kerkisasie. Die kerkisasie is die onderrig wat die kerk aan sy lidmate, en in besonder die kind, gee om hulle toe te rus tot 'n verantwoordelike lewe as mondiges lede van die kerk van Christus.³⁰⁾

Die skool wil aan die geloof van die kind bou deur die onderrig van die Geloofsleer op skool. Hiervoor word gebruik gemaak van pedagogiese-didaktiese middele.

27. Dijk, K. Bijbelvertelling en preek, pp.2-3.

28. Waterink, J. op.cit., pp.604-605.

29. Van Wyk, J.H. Die aard van die Godsdiensonderrig in die skool, op.cit.

30. Bijlsma, R. op.cit., p.11.

Die katekisasie lei die kind van die doop na die nagmaal,³¹⁾ sodat die kind hom in leer en lewe voor God kan verantwoord. Die Geloofsleeronderrig op skool het nie direk met die doop en nagmaal te doen nie, maar is tog 'n volvoering van die doopsbelofte wat afgelei is.

Die katekisasie se taak is dus prinsipieel belydend en die Geloofsleer se taak is godsdienstig-histories in die openbaring van die heilsfeite en die praktiese beslag daarvan in die eie lewe.³²⁾

Waar die kerk die kind wil bring tot die belydenis, wil die skool die kind toerus met ware geloofskennis, 'n swak begrip aangaande geloofswaarhede uit die weg ruim; die kind bring tot onderskeidingsvermoë, behulpsaam wees in die volvoering van die doopsbelofte, die kind aanmoedig om sy lewe in ooreenstemming te bring met sy belydenis en meehelp in die groei van die kind tot sekerheid.³³⁾

4.2 Eise wat deur die Skrif gestel word t.o.v. die aard van die Geloofsleer

Al die geloofswaarhede wat aan die kind geleer word, word aan die mens geopenbaar in die Heilige Skrif. Geloof is 'n gewisse kennis en 'n vaste vertroue. Geloof is immers 'n onmiddellike, direkte sekerheid aangaande die waarheid wat tot die kind gekom het langs die weg van God se Woord. Geloof is nie te bewys nie: "Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie kan sien nie."³⁴⁾ Geloof is nie 'n produk van eie insig, ontdekking of studie nie, dit kan ook nie bekom word deur selfwerkzaamheid nie, maar is die antwoord op die openbaring van God wat buite die kind gegee word en wat hy maar alleen kan ontvang en erken. Daarom moet daar in die Geloofsleer altyd gewaak word daarteen dat dit nie los van die Bybel staan nie.³⁵⁾

31. Ibid., p.19.

32. Ibid., p.31.

33. Vorster, S.J. Benadering tot die Geloofsleer in die hoërskool, p.5.

34. Vgl. Hebr. 11:1.

35. Bijlsma, R. op.cit., p.150.

Geen geskrif van die mens kan met die Heilige Skrif gelykgestel word nie en daarom sal die Skrif ook bepaalde eise stel aan die onderrig van die Geloofsleer.

Die Bybel moet die kern wees waarop die Geloofsleer gegrond word. Die kennis van God deur Woordopenbaring lei weer, deur die werking van die Heilige Gees, tot liefde en vrese van die Here. Die Skrif sal dan eis dat die volgende waarhede deur die onderrig van die Geloofsleer na vore moet kom:

- (a) Uit, deur en tot God is alle dinge. Niks uit die skepping mag verabsoluteer word nie.
- (b) God lê in sy Skepping 'n verskeidenheid wat tog 'n eenheid vorm. Alle vakke spreek en werk mee tot die geloof van die kind.
- (c) Uit die Woord van God moet die kind kan aflei wat die mens se bestemming is.
- (d) Die Skrif openbaar aan ons dat dit die mens se roeping is om God te dien in alles, sy naaste lief te hê, homself lief te hê en te heers oor die kosmos en dit te ontwikkel en te ontplooi.
- (e) Die Skrif openbaar ook aan ons die algemene verdorwenheid wat ingetree het deur die sonde.
- (f) Die Skrif openbaar ook aan ons dat die kosmos en die mens in Christus herskep en verlos sou word.³⁶⁾

Die eis wat die Skrif aan die aard van die Geloofsleer stel, kom dus direk uit die Skrif self, waar die eise eksplisiet en implisiet lê. Die eise van God in die Skrif kan nou op twee maniere aan die kind oorgedra word, nl. deur dit teks vir teks na te speur in alle bevele, vermaninge en beloftes, of deur 'n stelselmatige, logiese uiteensetting van die geloofs-waarhede van die Skrif, soos ons dit in die belydenisstukke van die

36. Van Wyk, J.H. Christelike Opvoedkunde, pp.5-7.

kerk vind.³⁷⁾ Die Skrif eis van die opvoeder om die geopenbaarde waarhede na die kind oor te dra, deur gebruik te maak van die tekste wat van toepassing is op die geloofswaarheid wat onderrig word. Die eis van die Skrif is liefde en kennis.³⁸⁾

Verwaarlosing van die Geloofsleer sal die kind se hele geloofslêwe beïnvloed en die kind weerloos laat in 'n sondige wêreld. Dit is nodig en belangrik dat daar by die kind 'n bepaalde hoeveelheid geloofskennis teenwoordig sal wees. Geloof soek na verdieping, verbreding en beleving. Die Geloofsleer is ook nie net op geloofsinhoud gerig nie, maar ook op die geloofsdaad.

Die leerlinge moet besef dat die belydenisskrifte maar kort en bondige opsommings is van die geloofswaarhede wat in die Skrif aan ons geopenbaar word en dat hy deur 'n studie van die Skrif sal kom tot 'n persoonlike belydenis voor God in Christus. God eis dat die kind Hom deur sy geopenbaarde Woord sal ken. "En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die ewige en waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het."³⁹⁾

5. Die aard van die Geloofsleer volgens die eise van die kind

5.1 Psigologiese eise

Die psigiese ontwikkeling van die kind verloop nie deurentyd op dieselfde wyse nie. Waar die jonger skoolkind nog oorwegend belangstelling toon in die konkrete, sal die ouer kind weer meer belangstelling toon in die abstrakte.⁴⁰⁾

Elke kind het 'n behoefte aan godsdiens en hierdie behoefte moet in 'n bepaalde rigting gelei word.⁴¹⁾ Die enigste weg tot saligheid vind ons in die Bybel en hierdie weg moet aan die kind getoon word.

37. Greyling, E. op.cit., pp.143-149.

38. Loc.cit.

39. Joh. 3:17.

40. Bloemhof, F. Het kind en de Bijbel, p.71.

41. Bekker, J. op.cit., p.14.

Die psigologiese ontwikkeling van die kind bring mee dat hy juis 'n behoefte sal voel na die chronologies-gesistematiseerde Geloofsleeronderrig. As die kind in standerd tien kom, kan die ingewikkelde leerstof aan hom oorgedra word. In die jare tussen puberteit en volwassewording is die kind geneig om abstrak te dink en peins. Hy verkeer in geweldige konflikte en juis in hierdie jare kan die onderrig van die Geloofsleer vir die kind 'n ware lewensanker wees. Die kind is in standerd tien hoogs ontvanklik vir godsdienstige invloede. Die godsdienstige innerlike waarhede verwerf die kind tesame met die psigiese en liggaamlike aspekte in sy lewe. So kan die kind eensaamheid ervaar as verlate deur God.⁴²⁾

Op dié stadium stry die kind om die dieper sin van die geloof te verstaan en wil hy graag 'n oplossing van die geloof t.o.v. die natuurwetenskap vind, bv. vrae wat hom sou kwel oor ewolusionisme; die toestand na die dood en moontlik parapsigologiese verskynsels. Vele vrae word gevra oor die geloofbaarheid van die Skrif.⁴³⁾

Die kind wil die godsdien op sy eie persoon betrek en dit beleef. Sy gewete speel 'n belangriker rol en hy stel vir homself bepaalde norme. Die kind wil insig hê en skeep nou vir hom 'n persoonlike godsdien,⁴⁴⁾ hetsy in sy eie kerk of los van sy eie kerk by een of ander godsdienstige groep. Dit sien ons baie duidelik aan die groot getalle jong mense wat die spesiaal daarvoor ingestelde koffiekroeë besoek en daar hulle godsdien uitleef en bevrediging van behoeftes vind.

Die kind wil op al sy kritiese vrae, op die agtergrond en wese van sake graag kristalhelder antwoorde hê.⁴⁵⁾ Juis hier kom die opvoeder met die onderrig van Geloofsleer op die voorgrond. Die opvoeder kan die kind nie oorlaat aan die vorming van 'n eie religieuse konsep nie. Die opvoeder moet ook deur die onderrig van die Geloofsleer help bou aan die eie lewensbeskouing van die kind, vir hom op kwelvrae antwoorde probeer gee en lei na verantwoordelikheid en 'n balans in sy Godsbegrip. Hiervoor is feitekennis nodig;

42. Plantinga, G.H. Jeugd en godsdienstige vorming, p.125.

43. Loc.cit.

44. Bekker, J. op.cit., p.22.

45. Bloemhof, F. op.cit., p.73.

nie as hoofdoel nie, maar as 'n middel om die kind te lei om die probleme self sinvol op te los uit die Bybel.⁴⁶⁾ In die poging om die kind te lei tot geloofsekerheid, moet die Geloofsleeronderrig help om die kind by die stof te bring en die stof by die kind.⁴⁷⁾

Sterker en sterker groei die behoefte by die hoërskoolkind om die Bybel en wêreld, geloof en sy alledaagse lewe met mekaar in verband te bring. Sy behoefte om oplossings op lewensraaisels te kry, bring mee dat daar by die kind 'n dringende behoefte ontstaan na die Geloofsleeronderrig,⁴⁸⁾ waarin daar talle geleenthede gegee en geskep sal kan word vir bespreking.

5.2 Die kind is 'n eenheid

Alle kinders bou aan hulle eie lewensbeskouing. Kinders van ouers wat 'n reformatories-Christelike lewensbeskouing huldig, moet ook met die lewensbeskouing op skool toegerus word. Waar die Geloofsleer egter kleurloos en neutraal aangebied word, kan die kind nie volledig met 'n gebalanseerde lewensbeskouing toegerus word nie.⁴⁹⁾

Waar die kind egter in die Geloofsleerklas geleer word van God se Skepping en dit word daar behandel en hy kan dit nie ook raaksien in ander aftrekkings van God se openbaring aan die mens nie, bv. in die Geskiedenis en die Biologie, sal die kind kom tot 'n dualisme in sy eie Godsbegrip.

In die skool moet al die aktiwiteite van die kind 'n weerspieëling wees van die gees en rigting wat in die skool heers. As die Woord van God nie aan die kind gegee word as geldende bron van normatiewe gesag op alle lewens terreine nie, sal slegs die geloof van die kind op God gerig wees en byvoorbeeld sy sport beoefen word ter wille van die sport.⁵⁰⁾ As dié dubbel-slagtigheid heers op die terrein van die kind se geloofslewe, sal die idee

46. Ibid., p.77.

47. Ibid., p.78.

48. Goldman, R. Readiness for religion, p.133.

49. Ibid., p.221.

50. Grové, J. op.cit., p.94..

ook posvat dat sy lewe in kompartemente ingedeel kan word. So sal die kind slegs die geestelike beskou as behorende tot 'n hoëre orde en bv. die seks as iets vuils, platvloers wat nie behoort tot dieselfde vlak as die skone, reine geestelike aktiwiteite nie.⁵¹⁾

Die kind is 'n eenheid. Sy "ek" val nie kompartementalisties uiteen in dele nie; hy is 'n persoonlike eenheid wat meer is as die som van sy dele. By die kind kan daar wel 'n groot aantal funksies (modaliteite) van die mens onderskei word (geloofs-, etiese, estetiese, ens.) wat egter so intimement vervleg is dat dit nie van mekaar losgemaak kan word nie⁵²⁾ - kuns= tige weefwerk van die Skepper. Die pistiese funksie kan nie van die etiese funksie losgemaak word nie en so is alle funksies van die mens vervleg met mekaar. So vorm die mens 'n samehangende eenheid. Die hart van die mens bepaal in watter koers die funksies gerig moet word. Juis hier kom die Geloofsleeronderwyser na vore om die aard en rigting vir die hartsingesteldheid van die kind te help bepaal. So gesien, kan Biologie, Wiskunde, die sport en ontspanning nie geskei word van die pistiese, die geloof nie. Alle funksies van die kind is anastaties gefundeer in sy geloof.⁵³⁾

Die geloof van die mens is nie net beperk tot die godsdienstige lewe nie, maar sal alle terreine omspan. Daar is 'n interaksie tussen die mens se lewensfunksies en alle uitinge van hierdie lewensfunksies sal gerig wees op God.

Die kind is 'n eenheid - 'n psigo-somatiese eenheid. Deur die Geloofsleer moet aan die kind geleer word dat alles uit God is en tot God is. Dat sy lewensfunksies alles daargestel is om die eer van God te verkondig. Mens se wêreld, skool en wetenskap, kerk en fabriek, kuns en tegniek, ja die hele lewe en leefwêreld van die moderne mens (kind) moet onder die singewende genade van God staan.⁵⁴⁾

51. Venter, E.A. Wysgerige Temas, p.136.

52. Vgl. hoofstuk 2.

53. Van Wyk, J.H. Christelike en Nasionale onderwys, p.14.

54. Id. Die aard van die Godsdiensoonderrig in die skool. (In: Van Wyk, J.H. e.a. Metodiek van Godsdiensoonderrig in die sekondêre skool, ongepubliseerd.)

5.3 Die kind eis 'n standpunt

Die skeiding tussen leer en lewe deur lewensbeskoulose onderwys sal die kind ook later onder die wanindruk bring dat God nie in die wêreld ook werksaam is nie. Nie net die Geloofsleer moet 'n "gewyde stemming" by die kind wek nie, want dit maak die werklike lewensituasie vir die kind lewensvreemd.

Waar die onderwyser self neutraal staan in die onderrig van geloofswaarhede en nie 'n standpunt inneem nie, sal die kind self koersloos, soekend wees na norme wat nie aan hom gegee is nie. Deur die Geloofsleer standpuntloos te maak en aan te bied, sal die Skrifgefundeerde norme vir die kind koud en abstrak verwyderd van hom staan, as slegs behorende tot wanneer hy direk met God en sy Openbaring besig is.

Brezinka sê dat die skeiding tussen lewensbeskoulike en geloof, pessimisme tot gevolg het.⁵⁵⁾ Dit is die teken vir die geestelike vakuum, wat deur die losmaking van die Christelike geloof ontstaan het.⁵⁶⁾ Hieruit het strominge voortgespruit soos die "New Left" wat die waardes van die mens van alles wil vry maak, sodat die moderne mens nie gebonde hoef te wees nie.⁵⁷⁾ Die mens van vandag is ontevrede met die bestaande lewensverbande en wil die maatskaplike orde vernietig, sonder dat hy iets beters in die plek daarvan kan stel.⁵⁸⁾ Solank geloof en geloofslawe nie berus op 'n persoonlike verworwe oortuiging nie, maar slegs op konvensie, sal die geloof gevaar loop in ons wêreld van kommunikasie, aangesien kommunikasie met die wêreld daarbuite altyd 'n bedreiging vir alle konvensies, ook gods= dienstige konvensionaliteit, inhou, soos na vore kom ook in die "New Left".⁵⁹⁾

Ons sien dus dat as daar nie aan die kind 'n standpunt gegee word nie, kies die kind die verkeerde en dit sal 'n verkragting van die doopsbelofte wees waaraan die Geloofsleeropvoeder ook 'n wesentlike deel het. Die kind wil nie glo in 'n God wat kleurloos, formeel is nie.

55. Brezinka, W. Die Pädagogik der Neuen Linken, p.16.

56. Ibid., p.13.

57. Ibid., p.33.

58. Ibid., p.14.

59. Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensoonderrig, p.436.

Ons moet die kind leer dat hy nêrens van sy belydenis vrygestel is nie. Die gelowige Geloofsleeropvoeder moet toesien dat sy les geskoei is op die lees van sy belydenis. Niks mag buite die belydenis staan nie en so moet die kind ook gebring word tot 'n keuse, 'n standpuntinname vir God wat geheel en al gebaseer sal wees op sy belydenis. Eers dan word die kind se geloof vir hom 'n werklikheid wat hy kan gebruik op elke terrein van sy lewe. Die kind moet lewe met 'n belydenis en vanuit die belydenis moet die kind getuienis lewer met sy hele lewenswandel.⁶⁰⁾

As die kind in standerd tien kom en die Geloofsleer word onderrig, staan die kind juis binne die werklikheid en vraagstukke van die lewe, asook nuwe denkebeelde. Die kind het in alle opsigte die behoefte aan voorligting en wil meer weet van die geloofswaarhede soos dit in die Skrif aan ons geopenbaar is. Hieruit wil hy 'n lewensbeskouing vorm, wil hy die Christelike beginsels op alle gebiede van die lewe indra: " die toepassing of indraging van hul Christelike beginsels op alle gebiede van die lewe, die Christelike standpunt van die hof te maak, die keuse van 'n lewensgesel(-lin), die verlowingstydperk, die huwelik, die geslagsdrange in die huwelik, die Christelike huisgesin, die opvoeding van kinders, die houding van die Christen i.v.m. immorele besigheidsbeginsels, die Christelike standpunt teenoor die gekleurde rasse, ander kerke, die staat, regeringstelsels, armoede, werkgewer ens."⁶¹⁾

5.4 Die kind wil sy geloof belewe

Die jongmense van vandag wil meespreek, nie toegesprek wees nie; hy haat vervelende gepraat en verlang na entoegasme.⁶²⁾ Daar moet gewaak word daarteen dat die Geloofsleer nie geïsoleer word van die alledaagse lewe nie. Egte Geloofsleeronderrig moet sterk gerig wees op belewing. As die klem te veel op die kennis val en te min op die daad, bring die Geloofsleer nie veel meer as 'n vernislagie aan nie. Daar moet dus 'n balans wees, nl. dat die kennis wat die leerling verwerf funksioneel moet wees - dan sal kennis en belewing geen teenstelling wees nie.⁶³⁾

60. Id. Differensiasie nodig. Die Kerkblad, 76(2194):22-25
11 April 1973...

61. Greyling E. op.cit., p.166.

62. Van Wyk, J.H. Jy moet dit jou kinders inskerp, p.13.

63. Id., Eksistensieteologie en Godsdiensonderrig, p.433.

Didakties gesproke is verworwe kennis slegs sinvol vir die leerling, iets vir hom werd as hy daarmee kan werk.⁶⁴⁾ Die kind wil sy geloof prakties kan gebruik en belewe. Die aktuele boodskap van die Skrif moet in die beleweniswêreld van die kind ontsluit word.

Belewenis is ook in die onderwys 'n hulpmiddel om die kind 'n meer blywende indruk te gee.⁶⁵⁾ Ook die geloofswaarhede moet deur die kind beleef word, want per slot van sake is die geloofswaarhede tog lewenswaarhede.⁶⁶⁾

Waterink sê:

"Immers er bestaat gevaar, dat bij het wegdringen van de spontaan opkomende behoefte aan zelfreflexie, de toevlucht genomen wordt tot een mechanisch kennen, vreemd aan die geloofskennis; en dat de waarachtige geloofsactiviteit, die ook op de innerlijke beleving is gericht, wordt onderdrukt."⁶⁷⁾

So moet ook die leerstof wat deur die kind gememoriseer word, vir die kind lewend gemaak word. Die kind vra na die belewing van sy geloof. Waar die kind tot nou toe goed onderlê is in die belydenis, moet die belydenis lewend gemaak word in 'n belewing deurdat die kind ook voel dat hy getuienis wil lewer. Jou geloof wat jy belewe, moet uitstraal in jou lewe. Elke faset van die kind se lewe moet in die teken staan van sy geloof en moet dit ook as sodanig belewe en uitlewe.

Die Christelike godsdiens en geloof sal sy lewenskragtigheid behou alleen wanneer en solank as wat dit as menslike werklikheid 'n antwoord is op die Goddelike lewenswerklikheid. Dit sal dan beteken dat God vir die mens 'n lewenswerklikheid moet wees, dat God ook sal wees waar hy studeer, sport beoefen ens. sodat sy selfgekoose belydenis wat in sy geloof na vore kom,

64. Ibid., p.434.

65. Waterink, J. op.cit., p.200.

66. Ibid., p.203.

67. Ibid., p.204.

vir die kind 'n manier sal wees waarvolgens hy wil en moet lewe.⁶⁸⁾

Van belang is ook om daarop te let dat as jy jou geloof bely en belewe, kies jy. Uit die keuse wat die kind maak, word sy lewe weerspieël, want sy geloof is soveel ryker as 'n mens dit beleef en nie net hoor nie, maar ook sien. "Maar wil jy weet, o nietige mens dat die geloof sonder die werke dood is?"⁶⁹⁾

As daar gepraat word oor dankbaarheid, moet die kind presies weet waarom om dankbaar te wees, anders is die kind dankbaar omdat hy so geleer is en weet hy nie waarom nie. Die volle wapenrusting van God moet aan die kind gegee word om aan te trek sodat hy dan op die drumpel van die volwasse lewe kan toetree tot die stryd en weerbaarmaking teen sekulêre negatiewe invloede. Nou eers is die kind se geloof iets wat konkreet is, wat hy belewe, waarvolgens hy lewe en wat die sin en doel van sy hele geloof sal rig en bepaal.

6. Enkele faktore wat die aard van die Geloofsleer by die kind kan beïnvloed

6.1 Inleiding

Hier wil ons nie volledig alle faktore bespreek wat 'n invloed op die geloofslere van die kind kan uitoefen nie. Slegs enkeles word genoem. Die bedoeling is nie om hier negatief en afbrekend te werk te gaan nie, maar eerder om die gevare aan te dui sodat dit reggestel kan word, sodat die kind self die voordeel hieruit sal kry.

6.2 Rasionalisme

Daar word dikwels te veel probeer om die kind te imponeer deur die weldeurdagte verstandelike redenasievoeringe. Te veel word geloofsake rasioneel beredeneer. Deur die rasionele benadering van die Skrif en die uitleg daarvan in te "geleerde" woorde, word die daadkragtige jongmens weggedryf van die liefde en vertroue, die eenvoud van die geloof in God. Die onderwyser moet nie te "Skrifgeleerd" wil wees nie en nie probeer om vroe soos

68. Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensoonderrig, p.414.

69. Jak. 2:20.

skeppingsdae e.a. uit te redeneer vir die kind nie. Onnodige ingewikkelde beredeneringe moet vermy word. Daar moet na eenvoud en waarheid gestreef word wat in nederigheid tot die kind se hart sal spreek. Die onderwyser self is per slot van sake nie alwetend nie. Daar moet nie eensydig op kennis toegespits word nie. Geloof is 'n gewisse kennis sowel as 'n vaste vertrouwe en nie net 'n gewisse kennis nie.⁷⁰⁾

6.3 Tradisionalisme

Hier word alleen na die tradisie verwys as geldend en met die veranderde omstandighede word nie rekening gehou nie. Die kontigente word nie in aanmerking geneem nie. Soos die gebruik was, moet dit vandag ook wees. Die tradisie kan negatief op die kind se geloof inwerk en die idee laat posvat dat sy geloof argaïes is, sy geloof tradisie is, want so was dit en so moet dit wees. As hy enigsins daarvan sou afwyk, is sy geloof onder skoot. Sy geloof moet streng konserwatief van aard wees. So 'n beskouing deur die onderwyser sal die jong gelowige van sy belydenis wegdryf en sal hom laat soek na die norme wat vir vandag vir hom van toepassing sou wees en nie net vir sy ouers en grootouers nie. Gewoontes van die ou tyd word tot norme gemaak en as die kind nie doen soos sy ouers gedoen het nie, of selfs nog doen, word sy geloof in twyfel getrek. Dit alles dryf die kind weg van die ware lewende geloofslewe. Daar moet ook in die kind se geloofslewe rekening gehou word met die veranderde omstandighede en daarop gewys word dat die Woord van God vir alle tye ewe geldend en ewe bepalend is. Slegs so sal die kind ook perspektief kan kry op die jongste wetenskaplike ontdekkings. Daar word immers nie meer vandag met 'n ossewa in die middestad gery nie.⁷¹⁾

70. Bekker, J. Vier lastige jakkalse aangekeer, Die Kerkblad 76(2211):10-13, 1 Aug. 1973.

71. Loc.cit.

6.4 Progressivisme

Hier word weer alle bande met die verlede gebreek en word uit=sluitlik die kontigente situasie in ag geneem. Alles wat nuut is, word sonder voorbehoud aanvaar en word die nuwe nie getoets aan die beginsel nie. Die kind se geloof moet "verlig" wees. Ook dié idee is skadelik vir die kind se geloof, want God is nie meer 'n onderhouer en bewaker nie. Die ou mites moet uit die kind se geloof geweier word. Die kind mag nie meer bang gemaak word met bangmaakstories soos die "hel" nie. Bultmann stel dit so: "De moderne mens kan deze mythologische voorstellingen van hemel en hel niet meer aannemen, want een spreken over "boven" in het heelal heeft voor het wetenschappelijk denken iedere betekenis verloren."⁷²⁾ So 'n idee aangaande die geloof van die kind maak die kind rigtingloos en soekend na vastigheid. In die kind se geloofslawe moet daar 'n balans wees tussen die tradisie en progressie.⁷³⁾

6.5 Kompromisme

Dié houding wil die kind leer om altyd twee botsende beginsels met mekaar te versoen, veral daar waar die verkeerde as beginsel aanvaar word en dit moet dan met die ware beginsel versoen word. Daar moet 'n sintese gevorm word in die twee totaal teenstrydige beginsels. Geen balans word gesoek nie, maar eerder toegewinge. So wil die kind aan die geloof vashou, maar die aanloklike en verleidelike wêreld moet ook met sy geloof gesinkroniseer word. So word tot 'n geloofshouding gekom wat vir die kind self aanvaarbaar is, maar in werklikheid nie Skrifgefundeerd is nie.⁷⁴⁾ Kompromisme ontnem die gelowige kind die verantwoordelikheid in sy geloof om 'n keuse te doen, en standpunt in te neem. Dit maak van die kind se geloof 'n toegeeflike geloof wat alles wil aanvaar en in 'n ongesonde altruïsme nie teen God of die wêreld wil kies nie.

72. Bultmann, R. Jezus Christus en de mythe, p.35.

73. De Klerk, W.J. e.a. Roeping en werklikheid, p.223.

74. Ibid., p.225.

6.6 Materialisme

Gierigheid is die wortel van alle euwels.⁷⁵⁾ Dit sien ons elke dag meer en meer. Die materiële voorspoed en gejaag na geldmaak as hoogste doel is besig om die geestelike lewe dood te wurg. Dit oefen 'n invloed uit op die aard van die kind se geloof. Daar word naarstiglik geld versamel; sodat dit kan lei tot groter plesier en dit veroorsaak die mens se eie ondergang.⁷⁶⁾ Die mens raak so besig om vir homself te versamel dat hy vergeet van dit wat werklik die kern van alles is, nl. dat God die Gewer is. Voorspoed oefen 'n invloed uit op die geloof deurdat dit die kind selfsugtig maak en nie bring tot die besef dat hy vir alles van God afhanklik is en onder die genade van God leef nie. Die kind moet gewys word dat dit beter is om te gee as om te ontvang,⁷⁷⁾ en as jy gee, bring dit die kind weer in geloof tot nederigheid en dankbaarheid.⁷⁸⁾

6.7 Aktualiteitseis

'n Belangrike trek in die onderrig van die Geloofsleer is dat dit aktueel moet wees en bly. Dit moet die behoefte van die mens van vandag kan bevredig.⁷⁹⁾ Die kind van vandag wat in ander omstandighede lewe as die kind van twintig jaar gelede, word deur baie aspekte van die tradisionele en konvensionele geloof nie meer geraak nie, omdat die geloof nie meer tot die kind spreek in sy eie omgewing en eie situasie nie. Die kind leef vandag en sy geloof moet verband hou met die eise van vandag.⁸⁰⁾

Die hede spreek die kind baie sterker aan as die gebeurtenisse van die verre verlede en daarom moet die tradisioneel-aanvaarde geloofswaarhede tydens die Geloofsleerles geaktualiseer word.

Waar ons leef in 'n tyd waarin gesê word dat die mens mondig geword het, kan die geloof van die mens self nie onmondig bly nie. Waar daar 'n onmondige geloof bestaan wat die kind nie altyd in sy eie tyd en behoefte aanspreek nie,

75. I Tim. 6:10.

76. Vgl. die toestande in die tyd van Amos; Amos 3:15 en 6:4-6.

77. Hand. 20:35(b).

78. Bekker, J. op.cit., p.10.

79. Jager, O. Eigentijdse verkondiging, p.11.

80. Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensoonderrig, p.426.

sal dit 'n geloof wees wat op die lange duur sal doodgaan.⁸¹⁾

Dit gaan per slot van sake nie om 'n ou geloof in 'n nuwe wêreld nie, maar om 'n geloof wat altyd nuut is in 'n veranderende wêreld. Die onderwyser moet waak dat die Geloofsleer nie geïsoleer word van die alledaagse nie. As die Geloofsleer nie in die geheel van die kind se lewe inpas nie, kom daar weinig tereg van 'n lewende geloof.

Waar die jong kind leef in 'n moderne en tegniese wêreld; is dit te begryp dat hy sal vra na die funksie en konkreetheid van die geloof in soverre dit die lewe van vandag raak.⁸²⁾ Om dié rede sal die Woord ook vir die kind oopgemaak moet word, want die Bybel is geen teoretiese boek wat tydloos is nie, maar is gebonde aan tyd en sal vir elke tyd weer 'n nuwe boodskap bring en spreek tot dié tyd. Die Bybel moet aan die kind verklaar word, in die kind se konkrete situasie.⁸³⁾

In die Geloofsleer moet veral:

".....die besprekinge en werkopgawes gekoppel word aan sake van die dag: V.V.O.-besluite, Wêreldraad van Kerke, rassevraagstuk, afsonderlike ontwikkeling, terrorisme, betogings, ens." ⁸⁴⁾

As die Geloofsleer nie aktueel vir die kind aangebied word nie, sal sy geloof verval in oppervlakkigheid, onbetrokkenheid en neutraliteit. Ons moet ook onthou dat dié aktueelste van alle probleme van vandag vir die kind se geloof, die sonde en verlorenheid is en dat die weg en hoop op lewe slegs in Christus is. Daarom sal die Geloofsleeronderrig sterk klem moet lê op dié aspek as meesprekend en byblywend deur alle eeue.

81. Jager, O. op.cit., p.14.

82. Ibid., p.30.

83. Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensoonderrig, p.429.

84. Ibid., p.430.

6.8. Die Kerk

Die kerk kan ook die aard van die Geloofsleer beïnvloed. Hier noem ons net die volgende sonder om dieper in te delf. Bied die prediking van vandag die geestelike uitdaging en prikkeling wat veral 'n jongmens wat in angs kerk toe vlug, daar kom seek of kry hy 'n katkisasieles?⁸⁵⁾

Bekker vra die volgende: "Wat het van metodologie, aanvoeling, sielkunde, veral kindersielkunde en die ontwikkeling- en belangstellingsfases van die kind geword, veral by die kategetiese onderwys?"⁸⁶⁾

Is die gebruik van die mooi en hoë woorde vanaf die kansels nie maar ballonne wat dreig om in die lug op te gaan nie?⁸⁷⁾ 'n Belangrike oorsaak vir die geloofslouheid en wegdrywing van die kind van die kerk is omdat die kerk nie daarin slaag om die Evangelie oor te dra in die moderne denkpatriene nie.⁸⁸⁾

Daar moet ook weer aktuele prediking in die kerk wees wat die spreke van God dialogies laat klink in die konkrete situasie van die luisteraar en wel só dat hy daardeur aan homself ontdek word en steeds opnuut ontdek word.⁸⁹⁾ Die jeug in Suid-Afrika het nog nie die rug gedraai op die Woord van God nie. Nee, hulle het nog 'n behoefte aan die Woord. Maar dan moet die prediking van die Woord nie tydloos en abstrak wees wat net sowel in die 16de of 17de eeu gepreek kon gewees het nie. Die jeug het 'n behoefte aan 'n prediking wat midde in die tyd staan, hierdie tyd met sy nood en sy gevare en vele verleidings. Die kerk het immers in die altyd aktuele Woord die antwoord in hande op die menigvuldige probleme van die tyd.⁹⁰⁾

Kotzé noem weer die kern van die probleem wat die kind se geloof tot wankeeling kan bring nl.: "Ook van die kant van die kerkgaande publiek word die verkondiging met allerlei vrae omring. In hierdie veelbewoë tyd bevredig

85. Bekker, J. op.cit., p.11.

86. Loc.cit.

87. Jager, O. op.cit., p.23.

88. Ibid., p.44.

89. Kotzé, G.J. Hedendaagse Skrifprediking, p.258.

90. Duvenage, S.C.W. Jeug en Godsdiens (In: Pieterse, J.E. (red.) Jeugkongres, p.48.)

die prediking in vele opsigte nie meer nie, omdat dit die eksistensiële grondvrae van die mens nie meer verstaan en genoegsaam aanspreek nie."⁹¹⁾

Die prediking slaag nie meer daarin om op genoegsame wyse mense tot werklike en eerlike geloofsekerheid te bring in 'n warme besielende byeenkoms nie, met die gevolg dat mense liefs allerlei geselskappe en klubs gaan opsoek, waar hulle ten minste verseker is van 'n humanistiese geselskap en gemeenskap.⁹²⁾

Uit 'n ondersoek wat gedoen is na die jeug se godsdiens en hulle opvattinge omtrent die kerk, het die volgende duidelik geblyk wat ook kan dien as 'n vingerwysing en wat die geloof van die kind dan ook bepalend beïnvloed het, nl.: "die meeste jeugdiges, ongeveer 60 persent, ervaar die geestelike klimaat in hul kerke tans as baie middelmatig en heelwaarskynlik dus ook oninspirerend."⁹³⁾

Vir die behoud van die kind sal die kerk weer opnuut tot die siel van die kind moet spreek en opnuut 'n appél rig tot die geloof van die kind sodat dit vir hom lewend en prakties is. Daar word gesoek na 'n praktiese geloof, kerk en Christendom. Die geloof moet lewend en prakties wees, sodat die kind in die preek die liefde en genade van God kan ervaar.

6.9 Neutraliteit

By 'n jeugkongres wat in 1968 gehou is, is daar 'n besluit geneem wat die hele saak van neutraliteit saamvat.

Die volgende besluit is geneem:

"Die Kongres keur egter met nadruk neutrale onderwys af, omdat so 'n onderwys die kind weerloos laat t.o.v. die toekoms."⁹⁴⁾

91. Kotze, G.J. op.cit., pp.21-13.

92. Ibid., p.241.

93. Pieterse, J.E. (Red.) Jeug en Godsdiens, IV, p.82.

94. Duvenage, S.C.W. op.cit., p.51.

Vanweë die neutrale onderwysbeskouings wat sy weg ook in die sg. dogma=klousules gekry het, sal die onderwyser die Geloofsleer, as hy wil handel na wat die dogmaklousules van die onderwyser verwag, ook neutraal moet aanbied. Dit sou 'n neutrale geloof meebring en in wese sou dit die geloof van die kind aftakel tot 'n standpuntlose geloof. Die geloof in Christus beteken 'n bepaalde keuse en die Geloofsleeronderrig moet meehelp tot 'n standpuntinname deur die kind. In die skakeling tussen die geloof en die wetenskap, tussen lewensbeskouing en wetenskap, moet die lewensbeskouing en by name die kind se geloofsveronderstellinge, nie slegs erken word in 'n ordonnansie nie, maar ook bewustelik uitgebou word, sodat die kind self 'n duidelike omlynde lewensbeskouing sal hê, wat sal voortspruit uit sy geloofsbelydenis.

Neutraliteit in die Geloofsleeronderrig sal by die kind die idee laat posvat dat God self neutraal is en nie betrokke is by enige van die kind se lewensaktiwiteite nie, behalwe by sy direkte godsdiens. Dit sal die kind dryf na die aanvaarding van beginsels buite die Skrif. Waar die klem in die skool dus bloot op die feite gelê word as "neutrale" gegewens wat net maar geken moet word, word meegewerk aan die sekularisme, 'n lewenshouding wat daarop neerkom dat God geen verband het met die dinge van hierdie lewe en wêreld nie.⁹⁵⁾

As die onderwyser hom sou skuldig maak aan deelname aan die gee van 'n neutrale Geloofsleer op skool, sou hy meehelp om kinders te kweek wat soekend is in die samelewing, die kweek van koerslose jongmense wat rondobobber op 'n see van sinloosheid, wat gedurig gejaagd is en soek na iets wat hy nie in homself besit nie. Dit sou op die lange duur kenmerkend wees van die mense wat soos volg beskryf word: "Maar die goddelose is soos 'n onstuimige see; want dit kan nie tot rus kom nie, en sy waters gooi slyk en modder op."⁹⁶⁾

Die neutraliteit maak die kind ook twyfelend en soekend na vastigheid. Geloofsleeronderrig sonder 'n belydenis en standpuntinname van geloof

95. Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensonderrig, p.410.

96. Jes. 57:20.

het tot gevolg 'n mens van wie gesê kan word " want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word."⁹⁷⁾

Is daar egter ooit 'n terrein waar die mens sy roeping, sy Godopgelegde taak, mag tersyde stel? Nee, want 'n mens moet God in alles dien en eer, met ons hele hart, siel, verstand en krag. Elke aktiwiteit van die mens se lewe moet hiervan blyke gee.

6.10 . Slotbeskouing

Vele invloede kan die geloofslawe van die jong kind beïnvloed. In hierdie opsig moet die onderwyser die invloede probeer teenwerk. Die suiwer diens aan die Here is in die opsig die enigste effektiewe stryd= middel teen ateïstiese en ander beskouings wat die kind van God kan weg= drywe. Daarom is die geloofsopvoeding van die kind die allerbelangrikste. Die opvoeding vereis goedonderlegde opvoeders - geskool in die Bybel= kunde en Christelike wetenskap en onderwys.

Daarom moet elke Christenopvoeder hom vergewis van wat die Christelike geloof inhou - daarvoor moet oog, oor en hart oopgestel word vir die Woord van God en die kind so toegerus word sodat hy in elke lewensituasie op elke lewensterrein, sal weet hoe om op te tree.⁹⁸⁾

97. Jak. 1:6.

98. Van Wyk, J.H. Kommuniste en opvoeding, p.36.

HOOFSTUK 5

DIE DIDAKTIEK VAN GELOOFSLEER

1. Inleiding

Die Geloofsleeronderwyser wie se roeping dit is om die Woord van God en die daaruitvoortspruitende leer vir die kind verstaanbaar te maak, moet kennis neem van die hedendaagse kind en sy behoeftes. Die hedendaagse onderwyser is geroepe om, te midde van die verandering in die benadering van die kind, in sy Geloofsleer 'n sinvolle kommunikasie te bewerkstellig tussen die Woord van God en die hedendaagse opvoeding.¹⁾

Die nuwe beskouing wat in die onderwys na vore getree het, is dat die hele opvoeding om die kind gebou word; dat die kind self die vryheid moet hê om deel te neem aan die onderwys. Daarom moet die onderwys aangepas word by die lewe soos die kind dit elke dag ervaar. Die hele opvoeding moet egter doelgerig en in die Christelike siening van die onderwys geanker wees. As ons dan wil handel oor die metode van die aanbieding van Geloofsleer, sal ons rekening moet hou met die kind se ontwikkeling: "His rapid physical growth, as well as his social, emotional and intellectual requirements, has certain important didactical implications."²⁾

Die taak van die Geloofsleeronderwyser is om die pad in die kind se hart voor te berei vir die werking van die Heilige Gees. Deur die aanwending van die regte metode kan die onderwyser reeds die weg baan vir die werking van die Heilige Gees. Die metode wat dus aangewend sal word in die Geloofsleeronderrig is belangrik, want dit sal die weg baan vir die kind om tot die geloof te kom onder leiding van die Heilige Gees.³⁾

Dit is nou van belang om die verskil aan te toon tussen didaktiek en metodiek. Die didaktiek gaan om die handeling van onderrig gee en onderrig ontvang. Die didaktiek hou hom besig met die praktiese sowel as die teoretiese grondslae

-
1. Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensonderrig, p.479.
 2. Duminy, P.A. General teaching method, p.7.
 3. Bloemhof, F. Het kind en de Bijbel, p.51.

van die onderwys.⁴⁾ Die didaktiek is die teorie van die leer en onderrig in die verband van die hele persoonlikheid. Didaktiek is 'n wetenskap sowel as 'n kuns.⁵⁾

Die metodiek daarenteen is die verantwoording van die lesgang soos dit in die klas verloop. Die metodiek is die manier waarop klasgegee word.⁶⁾ Die metodiek soos dit toegepas sal word in die skool is egter afhanklik van die didaktiese beginsels. Die metode is die wyse waarop daar klas gegee moet word en die wyse hoe die onderrig aangepak moet word. Die metode van 'n onderwyser vir 'n les dui op 'n spesifieke didaktiese ontwerp wat gegrond is op metodologiese beginsels wat didakties verantwoordbaar moet wees. Die metode sal rekening hou met die kind en die leerstof wat ter sprake is.⁷⁾

Die keuse van 'n metode sal by die onderwyser berus en die metode moet gegrond wees op die didaktiek. Ons moet derhalwe norme vasstel wat die didaktiek sal vereis vir 'n metodiek en dan die metodiek gaan toets aan die beginsels van die didaktiek.⁸⁾

Daar moet ook gelet word op die gebruik van die biblioteek in die onderrig van Geloofsleer en die waarde daarvan vir die vak. Laastens word aandag gegee aan enkele faktore wat as gevare kan geld in die aanbieding van 'n Geloofsleerles.

2. Normbepaling vir die gebruik van metodes in die onderrig van Geloofsleer

2.1 Inleiding

Hier wil ons graag bepaal watter norme gebruik en toegepas kan word in die onderrig van Geloofsleer. Aan die een kant kry ons die kind en aan die ander kant kry ons die leerinhoud. Om die twee komponente bymekaar te bring, is 'n bepaalde metode nodig. Die metode wat gebruik sal word, sal rekening hou met die Christelike siening van die kind, want die Christelike antropologie sal sekere vereistes stel aan die metode wat

4. Van der Stoep, F. & O.A. Didaktiese oriëntasie

5. Perquin, N. Algemene Didaktiek, p.24.

6. Loc.cit.

7. Van der Stoep, F. op.cit., p.251.

8. Ibid., p.225.

gebruik word in die onderrig van Geloofsleer.

Daar moet ook rekening gehou word met die kind soos hy hom in die hedendaagse wêreld bevind. 'n Metode van dekades gelede sal nie meer vir vandag geld nie, omdat die onderwys besig is om te verander; die wêreld is besig om te verander en daarom sal die metodes wat gebruik gaan word ook gedurig moet verander en aanpas by die veranderinge sodat die kind steeds bereik kan word.

Die hedendaagse kind sal dus bepaalde eise stel aan 'n metode. Die metode sal ook moet rekening hou met die nuwere ontwikkelinge en ontdekkings op die gebied van die Psigologie. Die nuwere psigologiese ontdekkings aangaande die wese van die kind sal ook bepaalde eise stel aan 'n metode.

Die leerstof verander, word moeiliker. Om die veranderde leerstof tot die kind te bring en die kind te ontsluit vir die leerstof en die leerstof vir die kind, sal ons ook moet rekening hou met sekere eise wat deur die leerstof aan 'n metode gestel sal word.

2.2 Normbepaling volgens 'n Christelike antropologie

Die Christelike lewensbeskouing aangaande die kind sal eers duidelik word as die opvoeder vir homself duidelikheid kry op die vraag wie die mens is. 'n Onduidelike mensbeeld vervaag die doel waarlangs die kind gelei moet word tot die verwesentliking van die mens se roeping hier op aarde. Agter alle opvoedingsaktiwiteite sal 'n bepaalde mensbeskouing lê. In die onderrig van Geloofsleer sal die onderwyser se beskouing aangaande die kind bepaalde eise stel aan die metode wat gevolg gaan word in die aanbieding van die vak.⁹⁾

Ons moet in gedagte hou dat die kind 'n unieke wese, 'n eiesoortige wese met sy eie bepaalde behoeftes is. Die kind moet antwoord gee op die taak waartoe God hom as mens hier op aarde geroep het.¹⁰⁾

9. Van Wyk, J.H. Christelike en nasionale onderwys, p.13.

10. Ibid., p.14.

Die kind staan egter gedurig in 'n noue verhouding met God en sy medemens, nl. dat hy God moet liefhê.

Die kind is ook 'n eenheidswese en val nie uiteen in verskillende kompartemente nie. 'n Metode sal ook moet rekening hou met die eenheid van die kind en sal moet verhoed dat die eenheid nie deur 'n valse metode versteur word nie.¹¹⁾

Ons weet ook dat die kind 'n gebroke wese is, wat deur die sondeval in al sy funksies aangetas is. 'n Metode sal moet rekening hou daarmee dat die kind gelei word tot die aanvaarding van die regte waarhede. Die kind is dus opvoedbaar.

Die kind is ook deelgenoot aan die skuld van die sonde en het deel aan die verlossing wat daar in Christus is deur die werking van die Heilige Gees. Die kind moet daarom gelei word tot 'n geïntegreerde persoonlikheid, volgens sy unieke aard, gereed vir die samelewing, ingestel op vryheid en verantwoordelikheid en gedra deur geloof, hoop en liefde.¹²⁾

2.3 Normbepaling volgens die hedendaagse situasie

Ons beleef 'n tydperk van vernuwing en die vernuwingsgedagtes sal noodwendig ook in die onderwys bespeur kan word. Veral tipies van die nuwe opvoedingsbeskouings is dat die mens weer die middelpunt word waarom die opvoeding sentreer. Om norme te kan bepaal vir die aanbieding van Geloofsleer in die tyd waarin ons leef, sal so 'n metode rekening moet hou met die kind asook met die leerinhoud. So 'n metode sal rekening moet hou met die positiewe elemente in die hedendaagse opvoedkundige strominge en sal moet meehelp dat die Geloofsleer so aangebied word dat die skadelike elemente wat daar nog mag bestaan, in die Geloofsleermetodiek uitgeskakel kan word.¹³⁾

11. Ibid., p.15.

12. Loc.cit.

13. Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensonderwys, p.409.

Die hedendaagse kind het die middelpunt geword van die hedendaagse opvoeding en rondom die kind word die opvoeding nou uitgebou en verbreed. Die onderwys word ook aangepas by die lewe soos dit elke dag ervaar word.¹⁴⁾

Daar word van die uitgangspunt uitgegaan nl.: " dat het kind wil leren en moet leren om tot een menswaardige bestaan te komen. Dit feit is o.i. het uitgangspunt voor een theorie van het onderricht. Het kind is voortdurend bezig met het verwerven van vaardigheden en kundigheden."¹⁵⁾

As ons nou sekere norme wil bepaal waaraan 'n metodiek moet voldoen, sal ons eers kyk na die kind, d.w.s. die hedendaagse kind en wat die kind van die opvoeding verwag asook na die behoeftes van die hedendaagse kind. 'n Onderwysmetode sal daarom nooit dieselfde bly nie, maar steeds soek na 'n metode wat by die kind, die omstandighede en die leerstof aanpas.

In die Geloofsleeronderrig is kommunikasie belangrik. Daar moet kommunikasie wees tussen die onderwyser en die kind, wat ook dui op 'n sosiale verhouding. Daar moet ook kommunikasie wees tussen die Christelike boodskap en die kind. Die kommunikasie moet ook daarop dui dat daar 'n ontmoeting plaasvind tussen die kind en Christus.¹⁶⁾

Geloof is uit God en ontwikkel o.l.v. die Heilige Gees in mense. Die mens moet die openbaring van God, wat dien tot versterking van die geloof, tot die kind bring. Om t.o.v. die geloofswaarhede te kan kommunikeer, moet die kind die geloofswaarhede sy eie maak.¹⁷⁾ God gebruik die mens as instrument om die geloofswaarhede na die kind oor te dra. Die ontsluiting van die hart van die kind vir die evangelie het as voorwaarde 'n herskeppende wonder van die Heilige Gees en daarom is alle metodiek en didaktiek hier relatief.

Die wese van die Geloofsleer sal geleë wees in kommunikasie; dialoog; die saampraat tussen die kind en die onderwyser. Hier probeer beide om saam tot die juiste insig te kom. Dialoog het in die hedendaagse tyd 'n mode geword op politieke en ander terreine. Dialoog is ook waardevol in die onderrig van Geloofsleer.

14. Van Loggerenberg, N.T. & Jooste, A.J.C. Verantwoordelike opvoeding, p.121.

15. Perquin, N. op.cit., p.26.

16. Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensonderrig, p.499.

17. Bloemhof, F. op.cit., p.51.

Die onderwyser moet 'n gemeganiseerde begrippevoorpraterij vermy. Die kind wil nie maar altyd napraat nie, maar saampraat. Die kind het self ook 'n behoefte om sy geloofsbeginsele worstelend te verwerf.¹⁸⁾

In die dialoog wil die kind asook die onderwyser, graag die geleentheid hê om gedagtes te wissel en deur kritiese denke wil die kind die agtergrond en die wese van die geloofswaarhede ontleed.¹⁹⁾ In die dialoog wil die kind self aktief wees en sal die entoesiasme van die kind ontluik. Die kind van vandag is besig om te reformeer wat sy geloofslere betref en in die nuwe geloofsaktiwiteit wat dwarsoor die wêreld tot ontluiking kom, wil die kind persoonlik betrokke wees t.o.v. sy geloofslere. Die Geloofsleer moet nie net maar iets wees wat vir hom aangebied word nie, maar moet die kind betrek sodat die kind self deel het aan die Geloofsleer en nie koud of af-sydig daarteenoor staan nie.²⁰⁾

Die hedendaagse jeug soek ook nie na resepte en konsepte nie. Hulle laat hulle nie aansê, voorskryf nie. Hulle vra na die wese, die konkreetheid van die geloof en die bruikbaarheid daarvan vir homself. Daarom moet die onderwyser saam met die kinders, nie as outoriteit bo hulle nie, maar as medemens solidêr met hulle, soek na die Christelike bestaanswyse. Die realiteite van die hedendaagse lewe van die kind verdring die hemel van 'n droomwêreld. Daarom moet die Geloofsleer nie wees asof dit uit 'n verre wêreld kom nie; dit moet die lewe van nou raak.²¹⁾ Van Wyk sê daarom:

"As ons die jeug in die koninkryk van God wil sterk maak, wil bewaar teen die dekadensie van die ateïsme, wil bewapen vir die stryd wat voorhande is, sal ons ons moet beywer vir 'n Godsdiensoonderrig (Geloofsleer - P.C. v.d.W.) wat die lig, van die Heilige Skrif op die volle lewe van die kind laat val."²²⁾

Die hedendaagse onderwyser wat net maar wil oordra en van die hedendaagse kind verwag om net te luister, sal vir sy boodskap geen klankbodem vind nie,

-
- 18. Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensoonderrig, p.499.
 - 19. Bloemhof, F. op.cit., p.73.
 - 20. Jeffreys, M.V.C. Truth is not neutral, p.73.
 - 21. Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensoonderrig, p.464.
 - 22. Ibid., p.477.

ongeag die moontlikheid dat die les baie interessant mag wees. Die onderwyser moet waak om nie te vermoeiend te praat oor lewensvreemde dinge, wat uit die verre tyd antwoorde verskaf op die probleme wat lank reeds bestaan het, en dan hieruit wil probeer om met die kind te wil kommunikeer nie.

Die metode van Geloofsleeronderrig sal moet sorg dat die geloof eksistensieel beleef word, dat die Geloofsleeronderrig toegespits sal wees op die aktuele, die konkrete wat vir die kind van belang sal wees. Die leerlinge moet die geleentheid gegee word om hul eie opinies te vorm in 'n dialoog met die onderwyser. Die vervelige, siellose en sieldodende monoloog moet vervang word met aangemoedigde, lewendige dialoog. As die kind kan saampraat, word die dialoog ten diepste 'n indirekte dialoog tussen God en sy kind.²³⁾

Die kind wil ook nie op alle probleme wat bestaan net die oplossing van die onderwyser hê nie. Oor vraagstukke wat na vore kom uit die Geloofsleer wil die kind ewe-eens nie net die idees van die onderwyser hê nie. Die onderwyser moet ook nie aan die kind klaargeknippte oplossings gee nie.²⁴⁾ Die kind moet self met die probleem worstel en so tot die oplossing kom onder leiding van die onderwyser. Die metode van die onderwyser sal steeds die kind daartoe lei om sy eie probleem op te los, sodat die oplossing kom deur die eie ontrafeling van die kind of deur die ondersoek na die oplossing van die probleem in een of ander vorm. Daar is nie meer sprake van 'n leermeester wat in die klas deur middel van sy luistermetode sy les aan die kind oordra nie. Nee, die kind word nou self die geleentheid gebied om sy drange tot studie op 'n natuurlike wyse te bevredig. Die onderwyser moet die rol vervul van raadgever, gids, leier en 'n gesagsdraer wat nooit onverbiddelik eis dat almal net moet dink soos hyself dink nie. Die opvoeding moet nog doelgerig wees en die doel moet geanker wees in die Christelike siening.²⁵⁾

Die kind sal ook 'n eie siening hê. Terwyl die kind ook 'n sondige wese is, sal sy beskouing ook gebrek toon. In die opsig moet die onderwyser ook in sy metode streef om die verkeerde wil van die kind te verander. Die wil van die kind is nie deurslaggewend as dit verkeerd is nie. As die wil

23. Ibid., p.469.

24. Ibid., p.471.

25. Van Loggerenberg, N.T. op.cit., pp.129 en 134.

verkeerd is, moet daar opgevoed word totdat die kind die regte perspektief het. Die aanvaarding van die regte deur die kind moet vrywillig wees.

2.4 Normbepaling volgens die psigologiese eise van die kind

In die metode moet ook die algemene liggaamlike en geestelike ontwikkeling van die kind in aanmerking geneem word. Die kind is in standerd tien op 'n wordingsvlak van abstrakte denke. Die kind staan wantrouend teenoor alles en wil sy geloofsake rym met sy verstand.²⁶⁾

Die leerling in standerd tien verkeer in 'n lewensfase waarin daar van alle kante geweldige aansprake op sy geloof gemaak word. Die onderwyser moet bewus wees van die skommeling waaraan die kind onderhewig is. Die metode in die Geloofsleer sal moet rekening hou met die vermoëns van die kind sodat die leerstof nie te moeilik of te maklik is nie.²⁷⁾

Die Geloofsleeronderwyser sal ook moet onthou dat die kind reeds toegerus is met die nodige kennis om die gesistematiseerde geloofsbelydenis te kan verstaan en waardeer op die stadium wanneer die Geloofsleer aangebied word. Daar moet dus gebruik gemaak word van die reeds verworwe kennis van die kind.²⁸⁾

In die nuwe opvoedingsbeskouings sien ons dat die opvoeder en die kind in 'n nuwe verhouding tot mekaar staan. Nog die enkeling nog die individualiteit kan op sigself bestaan. Daarom moet die kind gedurig in 'n sosiale verhouding in die skool asook daarbuite gesien word. In die sosiale klimaat wat as eis gestel word, moet die kind ontwikkel tot godsdienstige en geloofsvolwassenheid. Die inhoud en metode van die Geloofsleer moet die kind opvoed tot geestelike en geloofsvolwassenheid.²⁹⁾

In die Geloofsleermetodiek moet die sinlose dinge uitgeskakel word en moet die leerling gelei word tot begrip van die betekenis van die geloof. Die nuwere psigologie beklemtoon die feit dat die kind die sin van die dinge

26.. Bingle H.J.J. Metodiek van die Godsdiensoonderrig in die middelbare skool, p.29.

27. Ibid., p.26.

28. Ibid., p.27.

29. Perquin, N. Pedagogiek, p.43.

wil raaksien. Die kind het 'n behoefte aan ordening en singewing. Die kind moet die geleentheid gegee word om die leerstof te integreer, te verwerk, sodat dit sinvol gebruik kan word in sy eie lewe. Die geloof moet sinvol wees vir die lewe van die jong kind en moet die kind se eie geloofslewe orden en rig na God. Die kind wil sy geloof begryp, ten diepste die sin van sy geloof raaksien in sy eie lewe en in die lewe rondom homself. As die geloof van die kind nie sinvol is nie, as die geloof nie georden is nie, maar net 'n klomp losse konsepte is en vorm, sal die kind gefrustreerd raak.³⁰⁾ Die sin van die geloof moet in die lewe van die kind getoon word. 'n Metode in die Geloofsleeronderrig sal ook moet rekening hou met die kind se behoefte aan die singewing en sinvolheid van sy geloof. Die geloof word in die hart gewerk deur die Heilige Gees en daarom mag die onderwyser nie in die pad staan van die werking van die Heilige Gees nie.

Daar sal ook gewaak moet word teen algemeenheid in die Geloofsleer. Daar sal rekening gehou moet word met die individualiteit van die kind en die ontwikkeling daarvan. Elke kind as 'n individu sal gerespekteer moet word, asook sy idees, sy vermoëns en belangstelling. Elke individu se belangstelling sal persoonlik ontwikkel moet word in die Geloofsleer. In hierdie opsig word daar ook voorsiening gemaak vir differensiasie sodat die Geloofsleer kan aanpas by die peil van elke individuele kind. Elke kind moet voel dat hy 'n plek het en dat hy inpas by die geheel van die Geloofsleeronderrig en dat hy ook persoonlik deel het aan die Geloofsleeronderrig.³¹⁾

2.5 Normbepaling volgens die leerstof

'n Metode in die Geloofsleeronderrig sal nie net rekening hou met bepaalde eise wat die kind stel nie, maar ook met die leerinhoud. Die kontak tussen die leerinhoud en die kind sal die metode wees waarop die leerinhoud en die kind bymekaar gebring word. Die ideaal van die hedendaagse Opvoedkunde is om die leerstof nader aan die werklike lewe te bring. Die Geloofsleer moet nie te intellektueel-abstrak en skematies onderrig word nie. Dan word die geloof 'n blote skema.³²⁾ Die studie van die Geloofsleer moet steeds rondom die Bybel onderneem word sodat die kind nie soseer die waarhede van die

30. Id. Algemene Didactiek, pp.56-57.

31. Van Löggerenberg, N.T. Verantwoordelike opvoeding, p.137.

32. Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensonderrig, p.444.

onderwyser ontvang nie, maar dit self in die Skrif ontdek.

Daarom is besprekings by die behandeling van die Geloofsleer hoogs gewens. Die Geloofsleer moet vir die kind in sy volle totaliteit aangebied word, want die konkrete verkry in die kind se geloof slegs sy sinvolle plek in die lig van die samehang met die geheel.³³⁾ Die hele leerstofinhoud moet vir die kind sinvol geplaas word in sy lewe, en daar moet ook steeds gewys word op die plek wat dit in sy lewe behoort in te neem.³⁴⁾

Die leerstof moet aanpas by die wêreld waarin die kind leef en deur die inhoud van die Geloofsleer moet die kind tot kennis kom van die wêreld waarin hy leef. Bloemhof sê: "Zonder kennis van de wereld blijft alle onderwijs, ook het bijbelonderwijs, een droge, levensvreemde aangelegenheid."³⁵⁾

Om die Geloofsleer tot sy reg te laat kom, moet die leerinhoud ook logies aangebied word in 'n logiese, verbandhoudende sisteem. Die kind moet kennis versamel met betekenis in en vir die koninkryk van God.

Daarom sal dit by die Geloofsleeronderrig gaan om die aanwending van metodes wat die kind die beste by die leerstof bring, asook die leerstof die beste tot die kind bring. Per slot van sake moet die kind vir die leerstof, die Geloofsleer, ontsluit word en moet die Geloofsleer weer vir die kind ontsluit word. Dan vind ware opvoeding plaas.

2.6 Samevatting

Ons kan dus samevattend die volgende beginsels stel wat sal geld by die keuse van 'n goeie metode in die onderrig van Geloofsleer:

- a) Die metode moet rekening hou daarmee dat die kind 'n gevalle sondaar is en nou die geleentheid ontvang om op sy roeping antwoord te gee.
- b) Die metode moet aanpas by die kind, w.o. die ontwikkelingspeil van die leerling sowel as die aard van die hedendaagse kind.

33. Ibid., p.443.

34. Van Loggerenberg, N.T. op.cit., p.137.

35. Bloemhof, F. op.cit., p.74.

- c) Die metode moet kontak tussen die kind, leerinhoud en onderwyser bewerkstellig.
- d) Die metode moet die kind kan help in sy ontwikkeling tot geloofsvolwassenheid.
- e) Die metode moet rekening hou daarmee dat die kind wil saampraat, wil kommunikeer. Daar sal dus dialoog moet wees.
- f) Die metode moet rekening hou met die feit dat die kind 'n behoefte het om persoonlik betrokke en self aktief te wees.
- g) Die metode moet rekening hou met die feit dat die kind 'n eenheid is en dat sy geloof op alle terreine tot ontplooiing moet kom.
- h) Die metode moet die Geloofsleer konkreet en aktueel tot die kind bring.
- i) Die metode moet die Geloofsleer sinvol en georden vir die kind weergee.
- j) Die metode moet die kind stimuleer en aktiveer tot selfdenke en selfuitvinding ten opsigte van bepaalde probleme; 'n kennisbesit wat worstelend verwerf is, is meer blywend van aard.
- k) Die metode moet rekening hou met die individualiteit van die kind en elke kind as individu erken en ontplooi. Die metode moet ook in gedagte hou dat die kind 'n unieke wese is.
- l) Die metode moet rekening daarmee hou dat dit eintlik God is wat tot die leerling wil spreek en dat die onderwyser slegs 'n instrument is.

3. Bespreking van enkele metodes en hul waarde vir Geloofsleer

3.1 Inleiding

Die keuse van 'n metode by die onderrig van Geloofsleer is 'n saak wat berus by die onderwyser self, aangesien persoonlikhede, ook van onderwysers, verskil van mens tot mens. Terwyl die een onderwyser met die een metode groot welslae sal behaal, sal die ander onderwyser weer geen sukses met dieselfde metode behaal nie. Daarom is dit belangrik dat 'n onderwyser 'n metode sal gebruik wat by sy persoonlikheid aanpas. Omdat die kwessie van die keuse van 'n metode 'n persoonlike saak is, is dit noodsaaklik dat elke onderwyser voortdurend oor sy metodes van onderrig sal besin. Die onderwyser sal sy metodes gedurig moet ontwikkel, aanpas en verander by omstandighede. Die metode sal ook verskil van klas tot klas, afhangende van die ontwikkelingspeil van elke leerling in die Geloofsleerklas.³⁶⁾

By die bespreking van enkele metodes is daar steeds sekere didaktiese grondvorme in gedagte gehou en die metodes soos dit hier na vore kom, vloei voort uit die didaktiese grondvorme. Daarom wil ons die metodes toets aan sekere didaktiese beginsels. Die vraag is al gevra of dit sin het om oor 'n metode vir Geloofsleer te besin, aangesien die Heilige Gees wat geloof bewerk, Hom tog nie deur die mens se wêreld laat voorskryf nie en Hom nie laat bind deur menslike metodes nie. Hier is die opvoeder 'n instrument en moet sy metode die kind voorberei om ontvanklik te wees vir die werking van die Heilige Gees. Sy metode moet gebaseer wees op 'n Christelike antropologie en psigologie. Die metode moet Skrifgetrou en kindgetrou wees.

3.2 Die onderriggesprek

3.2.1 Die leergesprek

Oral waar daar gedagtewisseling plaasvind, is die gesprek aan die orde van die dag. Die gesprek is eintlik die brug tussen mens en mens en tussen die mens en sy leëwêreld. Die leergesprek word dan aangewend met 'n bepaalde vooropgestelde doel voor oë.

Die leergesprek vind plaas tussen die onderwyser en die leerlinge veral

36. Bingle, H.J.J.: op.cit., p.38.

waar die onderwyser sterk leiding gee m.b.t. die leeraktiwiteit. Die vraag neem 'n besondere plek in in die leergesprek. Die onderwyser wissel sy vrae af met mededelings, opmerkings en tereg wysings. Hoe ouer die leerling is, hoe vrugbaarder is die besprekings. Die leergesprek sal altyd 'n motiveerende en ontdekkende karakter vertoon.³⁷⁾

By die leergesprek word daar met behulp van vrae ingedring tot die denke van die kind om sodoende die leerstof deur die kind te laat ontdek en te laat insien. Aan die hand van vrae sal die leergesprek dan ontwikkel totdat dit 'n volledige les is. Die leergesprek is egter nie gebonde aan die vraag-en-antwoordmetode nie, maar sal baie van die vraag-en-antwoordmetode gebruik maak. Die doel van die leergesprek is om die kind te lei tot konstruktiewe versameling van kennis.

Die leergesprek is bevorderlik vir die ontwikkeling van die kind se eie insig en in die leergesprek word verskillende leermetodes gebruik. Elke leerling wat aan die leergesprek deelneem, sal daarby baat.

Die leergesprek kan omskryf word as 'n gesprek tussen die onderwyser en die leerlinge waarin die onderwyser die leiding gee m.b.t. die geestelike aktiwiteit en antwoorde op vrae deur die leerlinge.³⁸⁾

Van Loggerenberg sê dat die leergesprek ook die volgende waarde het, nl.:

- a) Die leerlinge leer om met vrymoedigheid te praat en tot bepaalde gevolgtrekkings te kom.
- b) Die leergesprek is 'n vorm van groepwerk en is dus 'n groepsaktiwiteit.
- c) Dit bied ook verveling wat in die klas mag ontstaan, die hoof.
- d) Goeie sowel as swak leerlinge kan deelneem.³⁹⁾

Die leergesprek kan egter ontaard in 'n doellose diskussie as die onderwyser swak leiding gee, en kan so geen doel dien nie. Die leergesprek kan ook

37. Roest, P. Het godsdienstonderwijs op de middelbare school, p.90.

38. Van Loggerenberg, N.T. op.cit., p.248.

39. Ibid., p.249.

ontaard in 'n gesprek tussen die begaafde kind en die onderwyser, terwyl die ander leerlinge passiewe deelnemers is. Die leergesprek vind hoofsaaklik plaas tussen die onderwyser en die leerlinge. Daarom is die metode baie geskik vir gebruik in die onderrig van Geloofsleer. So kan die goedonderlegde onderwyser steeds waak teen dwaling.

In die leergesprek is die kind aktief betrokke, die leerstof word sinvol aangebied en deur die leergesprek word kontak met die leerling gemaak. So doende word die Geloofsleerinhoud logies tot die kind gebring en kan op enige stadium van die les getoets word of die leerstof vir die kind verstaanbaar is. Die metode sal 'n groot verantwoordelikheid op die onderwyser plaas deurdat hy sistematies sy les sal laat ontwikkel sodat die kind ook die leerstof bemeester, maar tog ook sy insig ontwikkel in die besondere toepassing van die leerstof.⁴⁰⁾

3.2.2 Die klasgesprek

Nog 'n vorm wat die onderriggesprek kan aanneem, is die klasgesprek. Anders as by die leergesprek vind die klasgesprek tussen die leerlinge onderling plaas terwyl die onderwyser op die agtergrond tree. Die atmosfeer wat in die klas heers, is meer die van 'n groepbespreking onder leiding van 'n begaafde leerling. Die leerlinge moet self die gesprek voer.⁴¹⁾

In die klasgesprek moet die leerlinge voel dat hulle menings gelykwaardig is en dat hulle saam besig is om die feite te weeg ten einde tot die waarheid te kom. Die kind wil ook deel hê aan die onderwys.⁴²⁾ Die kind moet ook die geleentheid gebied word om sy mening uit te spreek. Deur alle leerlinge te laat deelneem aan die onderwys in die klasgesprek, word almal se aandag en belangstelling behou. Die kind wil self met die leerstof besig wees.⁴³⁾ Daarom sê Roest ook: "Aan het kennis= resultaat word weinig waarde gehecht. Het gaat om de ontmoeting, om

40. Towns, E. Successful youth work, p.206.

41. Beveländer, C. e.a. Kernproblemen uit de Algemene Didactiek van het basisonderwijs, p.80.

42. Roest, P. op.cit., p.89.

43. Bevelander, C. op.cit., p.81.

de wijze waarop die leerling saamen met anderen die wezenlijke vragen en antwoorde aangaan God, mens en wereld gaat sien."⁴⁴⁾ Die kennisresultaat moet egter nie gering geskat word nie.

Van Wyk sê dat die hedendaagse kind veel liever self deelneem aan besprekings as om toegesprek te word. Die leerlinge wil die geleentheid hê om hulle bedenkinge en twyfel uit te spreek.⁴⁵⁾ Dit is dus belangrik dat die klasgesprek meer gebruik word in die onderrig van die Geloofsleer op skool.

Die kritiese denke van die kind moet ook ontwikkel word. Die kind wil graag sy eie opinie lug. Deur die klasgesprek word die gesigspunte van almal verbreed. Deur te bespreek, leer die kind om die ander se denke te respekteer; dit leer die kind ook om self te dink.⁴⁶⁾

Die klasgesprek kan met vrug gebruik word in die hoër standers in die hoërskool. Die klasgesprek sal 'n aanleidende oorsaak hê of sal plaasvind na een of ander gebeurtenis. Dit sal goed wees om vir die leerlinge te sê dat as daar probleme is wat hulle graag bespreek wil hê, hulle dit skriftelik op die lessenaar moet plaas - indien so verkies, sonder naam. So kan die probleme wat die kind self hinder ook na vore kom en bespreek word.

Die onderwyser sal moet sorg dat almal aan die klasgesprek deelneem, aangesien net 'n paar van die slimmeres gewoonlik die hele gesprek wil voer. Die onderwyser sal moet help waak daarteen dat daar nie van die onderwerp afgedwaal word nie. Terwyl die bespreking aan die gang is, kan daar opsommings op die skryfbord gemaak word, wat later weer gebruik kan word om neer te skryf in die klasboeke.⁴⁷⁾

Dit is belangrik dat elke leerling 'n bydrae lewer en dat die eindresultaat op 'n gesamentlike poging sal berus. Die onderwyser moet egter nie van die kind 'n opinie verwag as die kind geen basis het waarvolgens hy 'n opinie kan vorm nie. Dit sal goed wees as die leerlinge eers self studiewerk vooraf gaan doen, of dat die onderwyser eers inleidend iets sê, of dat

44. Roest, P. op.cit., p.90.

45. Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensonderrig, p.443.

46. Towns, E. op.cit., p.205.

47. Duminy, P.A. op.cit., p.44.

een leerling die bespreking inlei.⁴⁸⁾

Die voordele van die klasgesprek is die sosiaal-pedagogiese waarde daarvan deurdat die kind leer om met 'n en in 'n groep te praat. Die kind moet ook gedagtes kan wissel, kritiek kan verdra en sy mening kan verander as dit nie strook met die regte nie. Die klasgesprek het ook groot didaktiese waarde, aangesien die kind se eie beskouing dikwels verdiep en sy ervaring verbreed word. Die leerlinge word ook gedwing om hulle gedagtes in woorde uit te druk en dit prikkel weer die denke van die kind.⁴⁹⁾

Die klasgesprek het ook sy beperkinge, behalwe die wat reeds genoem is. Die belangrikste is dat dit onproduktief kan wees en na niks sal lei nie. Dit kan ook gebeur dat enkeles in die klas die gesprek oorheers. Verpligte deelname kan die klasgesprek egter onnatuurlik maak. Dit is ook belangrik dat die onderwyser aan die einde die onderwerp sal saamvat en opsom. Die onderwyser moet egter steeds die laaste opinie lug as die aanvaarde en moet nie toelaat dat die leerlinge self 'n konklusie vorm nie.⁵⁰⁾

Waarhede is nie afhanklik van eenstemmigheid nie.

Getoets aan die norme vir 'n metode wat in die Geloofsleeronderrig gebruik kan word, sal die klasgesprek uiters geslaagd wees, veral waar die leerlinge self reeds die agtergrond en die nodige kennis het. Die klasgesprek behoort baie meer in die Geloofsleeronderrig gebruik te word.

3.2.3 Die gonsgroepe

Die metode van "gonsgroepe" vorm, dien as afwisseling in die wyse waarop die klasgesprek uitgevoer word en betrek die leerling nog meer persoonlik. Die "gonsgroepe" (besprekingsgroepe) word aangewend waar die onderwyser wil hê dat elke leerling in die klas moet deelneem aan besprekings van probleme en vrae wat na vore kom. Die klasgroepe word

48. Towns, E. op.cit., p.206.

49. Van der Stoep, F. op.cit., p.250

50. Loc.cit.

onderverdeel in kleiner groepies, bv. in groepe van vier of ses, afhangende van die aantal leerlinge wat in die klas is. Die leerlinge bly egter almal in die klaskamer.⁵¹⁾

Little sê dat die "gongsgroepies" gewoonlik die "66" genoem word, omdat die klas ingedeel word in groepe van ses elk en elke groep kry net ses minute om 'n probleem te bespreek.⁵²⁾

Elke groepie moet 'n probleem bespreek of probeer oplos wat deur die onderwyser in die midde gelê is. Die probleem kan òf van die kinders self kom òf die onderwyser kan die probleem aanvoer. Leerstof uit die Geloofsleer kan ook so betrek word, bv. die behandeling van die Drie-eenheid.

Voordat die groepies die onderwerp kan bespreek, moet die onderwyser eers leiding gee t.o.v. die probleem of onderwerp wat bespreek sal word. As die groepies nou verdeel word, moet hulle groepe in die klas vorm sodat daar begin kan word om die probleem te bespreek. Elke groepie kies 'n leier wat die groepbespreking sal lei, die menings of antwoorde neerskryf en wat ook verantwoordelik sal wees om die groepie se mening aan die onderwyser oor te dra sodat daar uiteindelik tot 'n gesamentlike konklusie gekom kan word.⁵³⁾

Elke groepie moet direkte en duidelike leiding kry van die onderwyser en die onderwerp wat die leerlinge self moet ontrafel, moet liefers op die skryfbord geskryf word.⁵⁴⁾

As die besprekings afgesluit word, moet die onderwyser self die finale samevatting en die korrekte oplossing gee as daar nie een gevind kan word nie. Die gongsgroepmetode is veral nuttig waar die Geloofsleer aktuele probleme van die tyd sou aanraak of waar die onderwyser wil sien of die kind die leerstof wat reeds behandel is, sy eie gemaak het en dan kan toepas op sekere sake. Deur die gebruikmaking van dié metode kan elke leerling die

51. Towns, E. op.cit., p.220.

52. Little, S. Learning together in the Christian Fellowship, p.38.

53. Bijlsma, R. Kleine catechetiek, p.184.

54. Towns, E. op.cit., p.221.

kans kry om sy eie mening uit te spreek en word sodoende gekom tot 'n nog groter gedagtewisseling as by die klasgesprek en word gedagtes ook onderling gewissel tussen die leerlinge, asook tussen die groep en die onderwyser. So sal elke kind voel dat sy mening ook saak maak.

Die gevare verbonde aan die metode is dat dit moeilik kontroleerbaar is en sodoende kan lei tot wanorde en spelery. Die onderwyser kan ook te min leiding gee en die metode kan ontaard in saampratery oor niks of 'n algehele ander onderwerp. As daar ook nie werklike aktuele probleme aangeraak word nie, wat die leerling moet ontrafel op grond van sy reeds verworwe kennis nie, sal die gonsgroepie tot niks konstruktief lei nie. Waar die Geloofsleeronderwyser besig is om te help bou aan die kind se lewensbeskouing, is dit noodsaaklik om vas te stel hoe die kind self dink en die sake insien en dan die regte voorlê as die oplossing. So word die kind gelei tot die oplossing van sy eie probleme en dink die onderwyser nie vir die kind nie.⁵⁵⁾ As die metode getoets word aan die norme wat gestel is, is die metode ook bruikbaar vir die onderrig van die Geloofsleer. Die kind is self aktief en kry kans om self probleme denkend op te los.

3.3 Die vraag-en-antwoordmetode

Hierdie metode is daarop gerig om die denkaktiwiteit van die kind te bevorder. Die onderwyser stel vrae waarop die leerlinge denkend moet antwoord.⁵⁶⁾ Deur middel van vrae word die leerling gelei sodat hy uit die feite algemene stelling, soos geloofswaarhede, kan opbou. Deur sistematiese denkvrae word die leerlinge geprikkel om te dink en uit die waar=genomê, 'n algemene stelling te formuleer. Deur die gebruik van dié metode kan vasgestel word wat die leerlinge se behoefte is en kan dan sodoende gehelp word.

Om vrae te vra, is eie aan die natuur van die jeug. Die leerlinge moet gelei word om antwoorde uit hulle eie ervaring te verstrek. Deur vrae kan die onderwyser vasstel wat die leerlinge reeds geleer het en sodoende kan hy wanbegrippe uit die weg ruim.⁵⁷⁾

55. Loc.cit.

56. Coetzee, J.C. Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, p.266.

57. Towns, E. op.cit., p.209.

Verwondering, nuuskierigheid en weetgierigheid is altyd daarop gerig om vrae te stel. Deur die vraag-en-antwoordmetode te gebruik, word die leerlinge gelei om self probleme te ontrafel en helder, logiese denke word bevorder. Die metode bevorder ook die gesprek tussen die kind en die onderwyser.⁵⁸⁾

Verwondering, nuuskierigheid en weetgierigheid is altyd daarop gerig om vrae te stel. Deur die vraag-en-antwoordmetode te gebruik, het die onderwyser nie net die aanmoediging van die denke en eksplorاسie ten doel nie, maar die leerling self moet geprikkel word om vrae te stel.

'n Les is gewoonlik net suksesvol as die onderwyser daarin slaag om die kind self te laat deelneem. Daar sal in die metode gebruik gemaak word van die geheuevrae sowel as dinkvrae. Die geheuevrae gaan oor die behandelde stof en is daarop gemik om vas te stel hoeveel van die stof wat behandel is, onthou is. Om die insig van die leerlinge te bevorder, word van dinkvrae gebruik gemaak en wel om vas te stel nie slegs of die leerling die leerstof onthou het nie, maar of die kind die verworwe kennis positief kan implementeer in sy eie lewe.⁵⁹⁾

Hierdie metode pas baie goed in die hoërskool. Veral in standerd tien kan daar meer van die metode gebruik gemaak word, omdat die leerling ryper is en omdat die aard van die leerstof bevorderlik is vir die metode. Die onderwyser sal egter versigtig moet optree deur steeds die gevolgtrekkings van die leerlinge noukeurig te kontroleer. Die onderwyser sal ook moet weet hoe om die vrae induktief en deduktief te lei.⁶⁰⁾

Die metode hou die voordeel in dat die kind moet antwoord. Die kind se opinie geld ook. Die kind leer ook om sy eie opinie krities te ondersoek en derhalwe moet hy ook sy siening kan wysig. Die kind word gelei om doelgerig te kan dink. Denkend verwerf die kind kennis.⁶¹⁾

Die metode het ook nadele in dié opsig dat vrae doelloos kan wees, dat die vrae te moeilik of te maklik kan wees of dat die onderwyser nie die finale

58. Van der Stoep, F. Didaktiese grondvorme, p.143.

59. Van Loggerenberg, N.T. op.cit., p.203.

60. Bingle, H.J.J. op.cit., p.53.

61. Van Loggerenberg, N.T. op.cit., p.201.

antwoord sal gee nie en dat die kind se antwoord as gesaghebbend sal geld. Hierdie probleme word egter die hoof gebied as die onderwyser goed onderlê, professioneel, deeglik geskool en ervare is. Die metode kan met vrug gebruik word in die onderrig van Geloofsleer. Getoets aan die norme vir 'n metode, sal die vraag-en-antwoordmetode geslaagd wees. Deur die gebruik van die metode word die leerling betrek, werk die kind ook saam en word vasgestel of die leerling die leerstof sinvol verwerk en sy eie gemaak het. Die metode gee ook skitterende geleentheid tot remediëring van foutiewe gevolgtrekkings.

3.4 Die vertelmetode

Die vertelmetode kan op verskillende maniere toegepas word, bv. as 'n diktaatmetode of as 'n lesingmetode, ens. Onder die vertelmetode verstaan ons die mondelinge mededeling, verduideliking, beskrywing of verklaring. Die metode wil hê dat die onderwyser die leerstof aan die leerling meedeel. Deur mededeling versamel die leerling kennis. ⁶²⁾

Die vertelmetode is nuttig as 'n inleiding tot 'n wisselwerking tussen die kind en die onderwyser. Die kind in standerd tien wil nie meer luister nie, maar wil ook meesprek. Dit is daarom gewens dat elke Geloofsleerles sal uitloop op 'n bespreking van die leerstof en veral met die oog op 'n toepassing op die hedendaagse lewe. Dit moet uitloop op 'n klasgesprek. By die vertelmetode praat die onderwyser, beskryf en sit uiteen, terwyl die leerling luister, ontvang, opvang en inneem. ⁶³⁾

Die waarde van die vertelmetode is daarin geleë dat dit gebruik word om die moeilike geloofsbegrippe te verduidelik. Die groot gevaar in die vertelmetode in die Geloofsleeronderrig is dat die leerling passief raak. Waar daar nuwe kennis tot die kind gebring word, kan die vertelmetode ook gebruik word. Die vertelmetode maak die leerstof die middelpunt van die onderwys in plaas van die kind. Die onderwyser wat praat, word die enigste

62. Van der Stoep, F. Didaktiese grondvorme, p.143.

63. Coetzee, J.C. op.cit., p.84.

aktiewe deelnemer in die onderwys, terwyl die kind net sit en luister of die onderwyser sy les goed by die huis voorberei het. Die metode ontnem ook die kind die reg om dit wat hulle self omtrent 'n saak gehoor of gelees het, mee te deel. Die leerling wil ook tog iets van sy kennis laat blyk.

Hier wil ons dit duidelik stel dat die vertelmetode by die onderrig van Geloofsleer, en trouens by enige Godsdiensonderrigles op die hoërskool, nie gewens is nie. Die vertelmetode kan wel gebruik word as inleiding tot 'n bespreking of om sekere sake te verduidelik of saam te vat, maar waar die hele les daarop neerkom dat die onderwyser slegs voor die klas staan en praat en die leerlinge self passief luister, is dit nie gewens nie. Die verhaalm metode is wel geskik vir kinders in die laere klasse, maar in die hoëre klasse ontnem dit die leerlinge die geleentheid om 'n aktiewe rol te speel in die les.⁶⁴⁾

Die leuse in die aanbieding van die Geloofsleer is dat daar minder toege= spreek, maar meer bespreek moet word. Roest sê selfs dat "... het gods= dienstonderwijs niet kan opgaan in vertelling..."⁶⁵⁾

Met dié standpunt wil ons ons vereenselwig en sê dat die vertelmetode net 'n middel is tot 'n metodiek waar die kind bereik kan word. Die vertelmetode kan in die Geloofsleer nooit alleen bestaan nie, want so word die geloofs= waarhede koud en abstrak aan die kind gegee. Getoets aan die norme wat ge= stel is vir 'n metode in die Geloofsleer, sal die vertelmetode weinig sukses inhou, maar moet dit tog aangewend word om sekere leerstof by die leerling tuis te bring.

3.5 Die probleemstellingsmetode

Greyling sê dat die probleemstellingsmetode gebruik kan word in 'n les wat die verkryging van Bybel- en leerstellige kennis, die inskerping en verryking daarvan ten doel het. Die probleemstellingsmetode kan ook gebruik word vir die vorming en bestendiging van een of ander Christelike karakter= ideaal. Die probleemstellingsmetode kan gekombineer word met die selfstudie= metode.⁶⁶⁾

64. Bekker, J. Godsdiensonderwys op skool, p.57. Vgl. ook Greyling, E. Gods= dienstonderwys op skool, pp.445 e.v.

65. Roest, P. op.cit., p.84.

66. Greyling, E. Godsdiensonderwys op skool, pp. 462 & 464.

As die onderwyser gebruik wil maak van die probleemstellingsmetode sal die volgende moet plaasvind: Daar sal eers 'n probleem gedefinieer moet word, of die leerstof wat tot die kind gebring wil word, sal eers in 'n probleemvorm gestel moet word. Die probleem sal ook duidelik omskryf moet word en daarna sal die leerlinge die probleem moet oplos. Die kind moet self aan die probleem werk, onder leiding van die onderwyser wat eers vooraf duidelike leiding moet gee. In die probleemstelling as metode sal daar gebruik gemaak word van induktiewe en deduktiewe metodes.⁶⁷⁾

Die metode is nuttig vir afwisseling. Die onderwyser moet by hierdie metode slegs die regte en duidelike leiding gee, terwyl die oplossing van die probleem die kind se werk is. Die probleem kan so gestel word dat bepaalde geloofswaarhede nagevors kan word. Die probleemstelling kan gebruik word waar die leerlinge selfstandig probleme moet oplos o.l.v. die onderwyser, of waar die onderwyser bepaalde geloofswaarhede deur die leerlinge self wil laat ontdek. Die kind word bv. onderrig aangaande die Drie-eenheid. Nou wil die onderwyser aan die kind die probleem verduidelik dat God een is, maar tog drie. Hiervoor gee die onderwyser nou bepaalde tekste uit die Bybel en die leerlinge moet self gaan ondersoek en tot 'n oplossing kom.⁶⁸⁾ Die probleem kan ook uit die leerlinge se eie omstandighede kom.

Die waarde van die probleemstelling is dat die kind gelei word om selfstandig te werk. Die kind word gelei tot kritiese denke, ontleding en oplossing van die probleem. Die metode kan gerus in standaard tien gebruik word. As daar aan die kind tekste gegee word, kan hy maklik geloofswaarhede daaruit aflei.⁶⁹⁾

Die waarde van die probleemstellingsmetode is dat dit 'n natuurlike leermetode verskaf en dit vereis geestelike denkarbeid.

Die metode kan egter nie in alle lesse gebruik word nie en die onderwyser moet daarteen waak dat die belangstelling van die kind nie dood gemaak word

67. Duminy, P.A. op.cit., p.50.

68. Bekker, J. op.cit., p.59.

69. Loc.cit.

deur die skep van kunsmatige probleme en probleme waarby die kind nie direk betrokke is nie. Die onderwyser moet ook sorg dat daar 'n bespreking plaasvind van die antwoorde wat die kind opgelos het, sodat die korrekte oplossing of geloofswaarheid na vore kom.

Die probleemstellingsmetode kan in die Geloofsleeronderrig gebruik word, maar die stof moet egter geskik wees daarvoor. Dit laat die kind ten volle deelneem aan die onderwys en gee die leerling kans vir selfaktiwiteit, selfoplossing en selfvinding. Die metode is ook aan te beveel waar dit die kind lei tot geloofsvolwassenheid en lei om in sy latere lewe selfstandig sy eie probleme te kan oplos. Die metode bied ook aan die gemotiveerde kind 'n uitdaging.

3.6 Die selfstudiemetode

Die metode hang nou saam met die probleemstellingsmetode, maar verskil daarvan in die opsig dat daar nie noodwendig 'n probleem opgelos hoef te word nie. Die selfstudiemetode of heuristiese metode is geskik in die aanbieding van die Geloofsleer. Dit sou van pas wees om by die bestudering van een of ander geloofswaarheid 'n aantal Bybeltekste aan die leerlinge te gee waaruit hulle dan afleidinge moet maak.⁷⁰⁾

Om intellektualisme, napatery en onverantwoordelikheid teë te werk, moet die onderwyser meer en meer die "begeleier" van die selfstudie van die leerling wees eerder as die voorskrywer.⁷¹⁾

By die aanwending van die metode vertel die onderwyser die leerling so te sê niks nie, maar gee die leerling tog leiding sodat die leerling self 'n oplossing op vrae kry. Hier word veral gedink aan temastudies wat met groot vrug gebruik kan word. Die metode moet ook pas by die ontwikkeling van die kind en by sy aard. Die kind wil graag self dinge doen en uitvind en as sodanig is die metode onmisbaar vir die toekomstige wetenskaplike vorming van die kind.⁷²⁾

70. Bingle, H.J.J. op.cit., p.53.

71. Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensonderrig, p.440.

72. Coetzee, J.C. op.cit., p.266.

Alhoewel Coetzee sê dat die metode glad nie aangewend kan word wanneer leerlinge tot kennis van die ewige dinge wil kom nie,⁷³⁾ kan die metode tog gebruik word as die onderwyser genoegsame leiding gee.

Daar lê groot voordele in vir die selfwerksaamheid van die kind. Die feit dat die kind self moet werk, gee nie aan die onderwyser 'n rustige tyd van niksdoen nie, maar die onderwyser sal steeds moet leiding gee.

Dit is ook belangrik dat die kennis wat die leerling opgedoen het, sy eie gemaak moet word. Om dit te toets, is nadere verwerking, toepassing en konsolidering van die kennis nodig.⁷⁴⁾ Dit geskied deur die selfwerksaamheid van die leerling. So kan die onderwyser ook vasstel of die leerling die leerstof verteer het en of die leerling selfstandig sy bevindings kan neerskryf as antwoord op die vraag waarop rekenskap gevra is.

Selfstudie dien ook as middel vir die ontdekking van nuwe kennis en insigte - 'n feit wat vandag sterk deur die didaktici beklemtoon word. By selfstudie kan die leerling op sy eie tempo werk.

Die selfstudie kan dien as 'n voorbereiding tot 'n les of as 'n samevatting van die les om te sien of die leerling die leerstof sinvol sy eie gemaak het. In die verband sal die onderwyser steeds moet sorg dat die selfstandige werk gekontroleer word, hetsy deur die voorlesing van 'n paar van die verskillende studiestukke, sodat die korrekte sodoende uitgehaal en beklemtoon kan word of deurdat die onderwyser die werk self kontroleer en elke leerling se mening evalueer. Selfstudie, waar dit gekombineer word met die klasgesprek, kan uiters waardevol wees en kan beskou word as een van die geslaagste metodes om die Geloofsleer aan te bied. Hier moet die selfstudiemethode dien as 'n voorbereiding tot die klasgesprek. In die geval moet die selfstudietaak voor die les aan die leerlinge gegee word.⁷⁵⁾

Selfstudie sal geskik wees om te gebruik in die onderrig van Geloofsleer en sal ook terselfdertyd dien om die leerling te lei tot die selfontdekking van geloofswaarhede. Die gevaar bestaan dat die selfwerksaamheid sinloos

73. Loc.cit.

74. Bevelander, C. op.cit., p.85.

75. Voster, S.J. Benadering tot Geloofsleer in die hoërskool, p.8.

is of dat die onderwyser die leerling se produk nie kontroleer nie. Tog kan die metode suksesvol gebruik word en voldoen dit aan die vereistes wat hedendaagse didaktiese norme stel vir die geslaagde aanbieding van Geloofsleer.

3.7 Die aanskouingsmetode

Onmiddellik sal dit vreemd lyk dat die aanskouingsmetode bespreek word by die onderrig van Geloofsleer. Geloof is tog nie visueel nie, dit is 'n "bewys van die dinge wat ons nie sien nie".⁷⁶⁾

Die aanskouingsmetode word gebruik om die leerlinge hulle sintuie te laat aanwend om te help om die leerstof te bemeester. By die kind is daar ook 'n drang om deur die aanskouing te ontdek. Die sintuiglike ervarings wat die kind opgedoen het, is noodsaaklik vir die latere abstrakte denke van die kind. Waar die Geloofsleer in standerd tien aangebied word, het die kind reeds die wordingsvlak van abstrakte denke bereik en sal daar seker min van die aanskouing tereg kan kom. Die doel van die aanskouing is juis om wanindrukke wat soms by die leerlinge ontstaan het, uit die weg te ruim.

In die Geloofsleerklas moet die kind abstrak dink oor abstrakte leerstof wat vir hom aangebied word. Die abstrakte denke is die hoogste denklaag van die mens en dit stel hoë vereistes aan die mens se intelligensie en konsentrasievermoë.⁷⁷⁾

Die Geloofsleer kan nie aanskoulik gemaak word nie en dit kan ook nie aanskoulik voorgestel word nie. Die Geloofsleer moet egter wel by die aanskoulike aansluit waar die Geloofsleer in die Sedeleer uitmond. Die aanskoulike voorstelling in die Sedeleer is egter nie die taak van hierdie studie nie. Die enigste mate van aanskouing in die Geloofsleeronderrig is dat aan die kind getoon moet en kan word hoe God Homself aan die mens

76. Hebr. 11:1

77. Kruger, J.H. & Krause, F.J.L. Kind en skool, p.166.

openbaar in sy Skepping, maar selfs die aanskouing is steeds 'n abstrakte aanskouing. Aanskouing in die Geloofsleer is dus nie moontlik nie. Die Geloofsleer poog juis om die leerling te toon dat geloof nie afhanklik is van die sienlike nie want "salig is die wat nie gesien het nie, en tog geglo het".⁷⁸⁾ Dit alles beteken nie dat daar nie sinvol van visuele ordinge, indelings, skemas, tabelle op die skryfbord, of andersins, gebruik gemaak kan word nie.

3.8 Die voorleesmetode

Hierdie metode gee die leerling eerstehandse kennis van die Bybel uit die Bybel self. Deur self uit die Bybel te lees, raak die leerlinge vertrouwd met die juiste woorde, uitdrukkinge en voorstellings uit die Bybel self. By die leesmetode word die menslike op die agtergrond geskuif, sodat God deur sy Woord self spreek.⁷⁹⁾

Die metode kan ontaard deurdar die luid onderwyser slegs die leerlinge uit die Bybel sal laat voorlees, of self voorlees, sonder dat daar enige verduideliking is. Die voorleesmetode sal nie outonoom gebruik kan word nie, maar word gewoonlik gekombineer met die vertelmetode.⁸⁰⁾

Die voorleesmetode sal nie as 'n metode geld in die onderrig van die Geloofsleer nie, maar sal wel gebruik kan word as 'n hulpmiddel. Waar die kind 'n vraag sou vra aangaande leerstellige sake, sal dit altyd die beste wees om te kan antwoord uit die Skrif self. So moet die kind sien dat die antwoord wat die onderwyser gee nie net maar sy eie persoonlike mening is nie, maar gegrond is op en gemotiveer is uit die Woord van God. As sodanig kan die voorleesmetode wel gebruik word.

Dit bring ook mee dat as daar aan die onderwyser 'n vraag gestel word en hy kan self nie die antwoord verstrek nie, en dit ook nie grond op die Skrif nie, die onderwyser nie slimmeneer en alwetend moet speel nie, maar aan die leerlinge sê dat hy sal uitvind en dan die antwoord, gegrond op die Woord,

78. Joh. 20:29(b).

79. Bekker, J. op.cit., p.63. Vgl. ook Greyling, E. op.cit., pp.450-454.

80. Bekker, J. op.cit., p.64.

aan die leerlinge gee. Dit laat die onderwyser self ook gedurigdeur studeer en ondersoek. Per slot van sake gaan dit in die Geloofsleeronderrig oor hoe God hom aan die mens geopenbaar het deur sy Woord en nie hoe die onderwyser dink dat God hom moontlik kon geopenbaar het nie.

As die voorleesmetode getoets word aan die norme wat gestel word vir 'n geslaagde metode in die onderrig van Geloofsleer, sal die voorleesmetode nie geld nie, maar net gebruik word as 'n hulpmiddel in die les wat aangebied word. Dit word ook gebruik as die onderwyser die leerlinge direk wil antwoord uit die Woord van God. Voorlesings is veral sinvol as dit illustratief en begrondend geskied.

3.9 Dramatisering

Dramatisering as 'n metodologiese beginsel word hoog aangeprys in die algemene onderwys. Deur dramatisering kan die kind sy wêreld aktief verken en kan die leerstof ook vir die kind visueel voorgestel word. Dramatisering bied uitstekende geleentheid om sekere vakke met mekaar in verband te bring.⁸¹⁾

Met al die voordele wat dramatisering bied, word dit bevraagteken of dramatisering wel kan geld vir Bybelse leerstof. Die metode kan suksesvol wees by die laere klasse, maar die leerling in standerd tien is nie meer geneë om aan dramatisering deel te hê nie en hulle soek na 'n meer formele vorm van ekspressie.⁸²⁾

Dramatisering sal dus suksesvol wees as dit aangewend word vir sekere vakke, asook sommige Bybelse verhale in die laerskool. Wat die Geloofsleer betref, is dit te betwyfel of dramatisering aangewend kan word. Geloofswaarhede kan nie gedramatiseer word nie. Dramatisering as didaktiese beginsel kan wel slaag, maar getoets aan die norme vir die aanbieding van 'n Geloofsleerles kan dramatisering as onderrigmetode nie geld vir Geloofsleer nie.

81. Van der Stoep, F. Didaktiese oriëntasie, p.270.

82. Loc.cit.

3.10 Die gebruik van 'n handboek

Die gebruik van 'n handboek word nie aan 'n spesifieke onderwysvorm verbind nie. Die gebruik van die handboek het op 'n stadium gedreig om te verval in 'n vaste metode. Die reaksie hierop was nie juis gerig teen die gebruik van die handboek nie, maar teen die misbruik daarvan.⁸³⁾

Die handboek kan nuttig gebruik word in die funksionele verband van die verloop van die leersituasie. Die handboek moet by die onderrig van die Geloofsleer niks meer wees as 'n blote hulpmiddel nie. Die handboek mag nie die plek van die Bybel inneem nie. Die enigste "handboek" is eintlik die Bybel.

Daar waar die onderwyser die handboek gebruik, moet gewaak word teen te veel aan die handboek gebonde te wees, met die handboek oop voor die klas staan en net af en toe 'n feitevragie te vra om te kontroleer of die kind nog oplet en volg. Waar baie handboeke deesdae ook opvoedkundig verantwoord is, kan gerus gebruik gemaak word van die vragies wat in dié handboeke verskyn.

Die gebruik van die handboek in die Geloofsleer sal eerder net wees om die leerstof saam te vat en uit die inhoudelike wat in die handboek na vore kom, moet steeds oorgegaan word tot die toepassing van die leerstof, en na 'n klasgesprek. Die handboek is ook nuttig as leidraad tot opsporing van geloofswaarhede in die Bybel en vir die gebruik by selfstudie.

Die handboek sal dus nooit 'n metode kan wees by die onderrig van Geloofsleer nie, maar wel 'n nuttige hulpmiddel. Die gebruik van die handboek as 'n metodologiese beginsel is ook nie verantwoord aan die norme wat 'n metode sal vereis in die Geloofsleeronderrig nie.

83. Ibid., p.257.

3.11 Slot

In die onderwyspraktyk sal die onderwyser gewoonlik een of meer van die metodes gebruik in die aanbieding van sy les. Die onderwyser moet self die metodes toepas wat na sy mening die beste by sy persoonlikheid sal pas. Een metode sal ook nie konsekwent kan geld vir die hele Geloofsleersillabus nie. Elke deel in die Geloofsleeronderrig sal 'n aparte metode vereis, afhangende van wat behandel word.

Die keuse van 'n metode by die onderrig van die Geloofsleer sal dus afhang van die stof wat behandel wil word, die doel wat die onderwyser het met die aanbieding van die leerstof en laastens sal die keuse van 'n metode ook 'n persoonlike saak wees wat berus by die onderwyser self. Per slot van rekening sal die een onderwyser met die een metode of kombinasie van metodes sukses behaal, terwyl 'n ander onderwyser deur die gebruik van dieselfde metode(s) weer geen sukses behaal nie.

Die volgende metodes kan suksesvol in die onderrig van die Geloofsleer gebruik word, nl.: die klasgesprek, die "gonsgroepies", die leergesprek, die vraag-en-antwoordmetode, die probleemstellingsmetode en die selfstudiemetode.

Die volgende metodes kan slegs geld as hulpmiddele, nl.: die vertelmetode, die aanskouingsmetode, die voorleesmetode en die handboekmetode.

Die volgende metode word nie aanbeveel by die gebruik in die onderrig van Geloofsleer nie, nl. die dramatisering.

4. Die integrering van die skoolbiblioteek in die onderrig van Geloofsleer

Die integrering van die biblioteek by die onderrig van Geloofsleer hang saam met die selfstudiemetode. Die gebruik van die biblioteek moet funksioneel aangewend word. Die biblioteek moet aansluit by die werk in die klaskamer en moet die werk van die onderwyser voortsit, sodat die werk in die biblioteek weer later in die klas onder oë kan kom.⁸⁴⁾

84. Van Loggerenberg, N.T. op.cit., p.257.

Deur die gebruik van die biblioteek word die basis vir selfstudie gelê. Die biblioteek moet klasgewys gebruik word, maar ook individueel. Die vakonderwyser sal ook moet poog om self 'n klein klasbibliotekie aan te lê vir die nodigste boeke, om bv. die Bybelse Konkordansie en die Bybel met Verklarende Aantekeninge paraat in die klas te hê.

Die gebruik van die biblioteek is daar om die onderrig van Geloofsleer volledig te maak. Integrering van die biblioteek is meer as net die inskakeling, dit moet ook na 'n resultaat lei.

Die biblioteek kan op twee maniere gebruik word, nl. die gee van take wat die kind dan met behulp van bronne moet gaan uitwerk. Hier sal die onderwyser leiding moet gee t.o.v. die skema en die beskikbare literatuur, maar die onderwyser moet ook sorg dat die kind self die literatuur opspoor in die katalogus. Die ander manier is die individuele metode waar daar bv. kort-kort vakterme aan die leerlinge opgedra word om te gaan naslaan. Ook kan die onderwyser telkens, terwyl hy besig is om die een of ander onderwerp te behandel, die leerlinge verwys na die beskikbare bronne wat daar in die biblioteek beskikbaar is oor die bepaalde onderwerp.

Die integrering van die biblioteek erken die individualiteit van die kind, en bevorder die kind se selfstandige denke, selfstudie en selfwerksaamheid. Deur self met die stof besig te wees, lei tot selfbeleving en die ontwikkeling van die kind se vermoëns.⁸⁵⁾

Die werk in die biblioteek moet aangevul en opgevolg word met 'n klasbespreking en dit moet liefse ook geëvalueer word. Die biblioteek moet nie net verbind word met taakgewing nie, maar moet die kind lei om self probleme te gaan oplos of self meer oor 'n onderwerp te gaan lees. Dit moet dien as 'n prikkel om die leerling later selfstandige navorsing te laat doen.

Die biblioteek het nie as uitgangspunt die hoeveelheid en aard van die stofinhoud wat aangebied word nie, maar die besondere ervaring wat daarmee gepaard gaan. Vooraf sal die onderwyser ook 'n deeglike sillabusontleding van die Geloofsleer moet doen met die oog op moontlike studieonderwerpe. In

85. Groenewald, E.C. Die skoolbiblioteek - in opvoedkundige perspektief, pp. 439-450.

die gebruik van die biblioteek kan die leerlinge almal dieselfde taak uitwerk of die taak kan onderverdeel word tussen die leerlinge sodat almal sal meewerk aan die hele taak. Belangrik is dat die onderwyser self ook deeglik sal voorberei vir so 'n taak. Die onderwyser sal self vooraf na die biblioteek moet gaan om hom te vergewis van die hoeveelheid stof wat oor die beoogde taak beskikbaar is. Daarna sal hy die leerlinge leiding gee aangaande die onderwerp, inkleding en bronne wat vir die taak gebruik kan word, voordat die leerlinge dan uiteindelik self na die biblioteek gaan.

Didakties en metodologies gesien, is die gebruik van die biblioteek 'n belangrike faktor om die opvoeding van die kind ten volle af te rond.

5. Gevare by die aanbieding van Geloofsleer

5.1 Inleiding

Vandag word gesien hoedat die jeug van hulle eie kerk af wegbreek en by die hedendaagse afwykende geloofsgroepe gaan aansluit. Daar word gesien hoedat die Bybelkennis van die kind afneem, alhoewel hulle tog onderlig ontvang het in die Bybel. Ons sien dus dat die geloof van sommige lede van die jeug geen vaste gronde het nie. Die vraag is nou hoekom dit so gebeur. Hoekom sien die onderwyser in standerd tien die onverskilligheid by die jeug wat tog veronderstel is om vaste grond te hê in die belydenis van die kerk en ouer? Het die wyse waarop die onderwyser sy klas aanbied, nie iets hiermee te doen nie? As gevolg van die moontlikheid moet die onderwyser, veral die Geloofsleeronderwyser, ook bedag wees op gevare wat kan ontstaan by die aanbieding van die Geloofsleer. Die gevare is meestal natuurlik en onopvallend, maar tog opvallend vir die leerling wat nie dieselfde beskouing huldig as die onderwyser nie. Die geloofswaarhede in die Skrif behoort op 'n verantwoordelike wyse aan die leerlinge onderrig te word, sodat daar terselfdertyd kennis bekom word, maar ook vertrou.

5.2 Intellektualisme

Verintellektualisering vind plaas wanneer met die feite, soos dit in die Woord van God staan, bloot 'n beroep gemaak word op die verstand van die kind. Die onderwyser wil ook met die verstand die geloofswaarhede probeer uitpluis soos die predestinasie, Godheid en mensheid van Christus, ens. Die geloofswaarhede word logies uitgeredeneer. Wat nie vir die verstand aanvaarbaar is nie, word verwerp, soos die hedendaagse teoloë wat die Bybel wil ontmitologiseer. Om die Geloofsleer bloot met die verstand te benader, word die warmte uit die geloof geneem en word die Geloofsleer koud en onpersoonlik en is dit nie deel van die kind se geloofslawe of belewenis nie. So sal die onderwyser nie die ewewig bewaar tussen hart en verstand nie.⁸⁶⁾ Verstandelike kennis is natuurlik baie belangrik in die onderrig van Geloofsleer, maar die klem val nie eensydig net op kennis nie.

5.3 Emosionalisme

Dit is die teenoorgestelde van die intellektualisme. Hier word op die kind se gevoel gespeel. Solank as wat die hart van die kind reg is, sal die geloof ook reg wees, word gedink. Die kennis, die verstand is hier 'n bysaak. Die emosionalisme is vinnig besig om veld te wen in die praktyk van die godsdiens, nie net in die klaskamers nie, maar ook in die godsdienstige lewe buite die klas. Die oordrywing van die gevoel loop op 'n geesdrywery uit en dit mond weer uit in die metodisme.⁸⁷⁾

Die Geloofsleerles moet steeds 'n persoonlike trek hê. Die kind moet in sy persoonlike lewe aangespreek word, maar die klem moet nie net op die emosie val nie. Wie eensydig op die emosies van die kind konsentreer, sonder inagneming van die verstandelike, kweek 'n oppervlakkige geloof by die kind sonder enige diepte of verantwoordelikheid. Daar moet onthou word dat geloof emosie en intellek is. Geloof is sowel 'n gewisse kennis as 'n vaste vertroue.⁸⁸⁾

86. Pretoriase Onderwyskollege, Die metodiek van Godsdiensonderrig op skool, p.15.

87. Loc.cit.

88. Van Wyk, J.H. Enkele gevare by die aanbieding van 'n les in die Godsdiensonderrig. (In: Van Wyk, J.H. e.a. Metodiek van Godsdiensonderrig op die sekondêre skool, ongepubliseerd.)

5.4 Dogmatisme

Alle onderwys is dogmaties. Elke onderwyser het sy eie bepaalde geloofsoortuiging. Geloofsoortuiginge moet egter gegrond wees, ander is dit niks minder as bevooroordeeldheid of dogmatisme nie. Dogmatisties is die onderwyser wat onkrities sy eie standpunt aanvaar en stel asof dit absoluut is. Vir geen ander beskouing het so 'n onderwyser 'n oop oor nie.⁸⁹⁾

Die Geloofsleeronderwyser sal 'n oop oor en 'n ontvanklike gemoed hê vir die leerlinge se standpunte, alhoewel die onderwyser dit nie hoef te aanvaar nie. Veral in die Geloofsleer is die versoeking groot dat die onderwyser sy eie persoonlike standpunt op die leerlinge sal afdwing. Die Geloofsleer is per slot van sake nie gebonde aan die onderwyser se persoonlike standpunt nie, maar is wel gebonde aan die Heilige Skrif en alle dogma moet op die Skrif gegrond wees. Dogmatisme, die eensydige, onkritiese en onverantwoorde beklemtoning van eie standpunt lê die grond van kerkisme. Die onderwyser, hoewel gebonde aan sy eie geloofstandpunt, mag nooit 'n kerklike propagandis word nie.⁹⁰⁾ Daar moet gewaak word daarteen om te leer dat die kerk as sodanig alles is. Die geloof moet steeds heenwys na Christus.

5.5 Eksistensialisties - aktualistiese onderrig

Dit is 'n oorbeklemtoning van die aktualiteitseis wat aan die Geloofsleeronderrig gestel word en 'n eensydige aanspreek van die kind in sy bestaan in die hede; die hedendaagse kind moet dan bereik word deur sekere "ongeloofwaardighede" uit die Skrif weg te laat. Die idee sluit aan by teoloë soos Bultman, Tillich e.a. Die Skrifgegewens moet volgens hulle ontmitologiseer word en daar moet slegs gevra word: Wat sê hierdie Skrifwoord vir die mens eksistensieel, hier en nou, in sy konkrete bestaan? As die onderwyser in die Geloofsleer van hierdie standpunt uitgaan, sal hy geen Geloofsleer hê om te onderrig nie.⁹¹⁾

89. Loc cit.

90. Loc. cit.

91. Stone, H.J.S. Die problematiek van geloofsekerheid in die Godsdiensoonderrig aan Afrikaanse onderwysstudente, pp.219-220.

5.6 Moralisme

Dit is die beskouing wat die sedelike bo die geloof stel, die daad bo die leer, die saligheid afhanklik van die goeie werke. Dit laat die klem val op die kontras tussen die goeie en die slegte in stede van die antitese te sien tussen geloof en ongeloof. 'n Geloofsleerles mag nooit uitloop op 'n blote sedeprekie nie. Die sedelike goeie daad moet steeds in die geloof gegrond word. Daar moet gewaak word daarteen dat 'n les nie bloot op een of ander deug uitloop nie.

Wedergeboorte, geloof en bekering is nie die gevolg van 'n aantal deugde nie, maar dit is die vrug van die soenverdienste van Christus. Deugde= beoefening, goeie werke, is juis die gevolg en vrugte van die wedergeboorte, geloof en bekering.⁹²⁾ Dit moet beklemtoon word dat die een of ander werk nie die mens sal red nie, en "ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet!"⁹³⁾

Van Wyk sê dat ons nie bloot deugde soos opoffering, eerlikheid, liefde, hulpvaardigheid e.d.m. aan die kind mag voorhou nie. Elke Geloofsleerles moet Christus verkondig en hy wat 'n kind van Christus is, sal die ware deugde beoefen.⁹⁴⁾

Deugde sonder Christus is eie geregtigheid en wie moraliseer, plaas vraagtekens oor die evangelie, juis in die Geloofsleer, bv. : Hoekom word die verraaier, Judas, verwerp en die verloëner, Petrus, gered?

5.7 Estetisme

Dit beoog om die sg. "aanstootlike gedeeltes" van die Bybel te verfraai, wat weer afbreuk doen aan die suiwerheid van die evangelie. Deur die Bybel te verfraai, sal die onderwyser noodwendig dinge moet byvoeg wat nie in die Bybel is nie en hy maak hom skuldig aan byvoeginge of weglating van gedeeltes in die Bybel. Veral moet in die Geloofsleer gewaak word daarteen om nie die Hemel as 'n sprokieswêreld voor te stel en die hel te

92. Van Wyk, J.H. Enkele gevare by die aanbieding van 'n les in die Godsdiensonderrig. (In: Van Wyk, J.H. e.a. Metodiek van Godsdiensonderrig in die sekondêre skool, ongepubliseerd).

93. Rom. 3:28.

94. Van Wyk, J.H. op.cit.

ontkrag van al die verskriklikhede wat daarmee in verband staan nie.

Die gevaar van mooidoenery is daarin geleë dat die Skrif verdraai word. Deur die geloofswaarhede te verfraai, kan die waarhede uit verband geruk word. Die onderwyser is steeds geroepe om die Woord van God met sy volle inhoud met die kind te laat praat, sonder byvoeginge, sonder weglatinge en sonder verdoeseling; die jongmens sal in die volle waarheid sy enigste troos vind.⁹⁵⁾

5.8 Mirakelgeloof

Dit is wanneer die wonders van die Skrif as mirakels of toordery voorgestel word. Dit gebeur wanneer die wonders in die Skrif op 'n horisontale vlak verklaar word. Die wonders van die Skrif kan alleen reg verklaar en verstaan word as dit vertikaal besien word.⁹⁶⁾

Vir die mens is die wonders bonatuurlik, maar vir God is dit natuurlik. As ons die wonders beskou as mirakels sal ons met die hedendaagse jongmens nie ver kom nie. Die standerd tien leerling besef nou dat die sprokies van sy kleintyd nie waar is nie en as ons nou met die wonders van die Skrif so na hom kom, sal die kind in standerd tien hulle net so verwerp soos die sprokies van sy kinderjare - aldus die bostaande beskouing. Die Skrif moet in sy diepte bestudeer word en van die regte kommentaar moet gebruik gemaak word.⁹⁷⁾ Die kind moet nie die grote krag van God onderskat nie, maar moet weet dat God almagtig is.

5.9 Die gebruik van lewensvreemde en/of plat uitdrukkinge

Daar moet gewaak word dat daar nie woorde of sinne gebruik word wat niksseggend, maar tog Bybels is nie. Van Wyk sê: " 'n Lewensvreemde taal, wat wel vroeër gangbaar kon gewees het, lei tot woordinflasie; dit is 'n uitdrukking wat die kind van ons tyd nie meer aanspreek nie. Aan die ander kant kan ooraktualisering van uitdrukkingswyse lei tot 'n belaglikmaking van die Goddelike Woord. Ook hier geld die kuns van balans."⁹⁸⁾

95. Loc.cit.

96. Pretoriase Onderwyskollege, op.cit., p.17.

97. Loc.cit.

98. Van Wyk, J.H. Enkele gevare by die aanbieding van 'n les in die Godsdiensonderrig. (In: Van Wyk, J.H. e.a., op.cit.)

Deur sy taalgebruik moet die onderwyser steeds eerbied toon vir dit wat God aan die mens in sy Woord openbaar. Daar moet nie ter wille van die kommunikasie van die Geloofsleer met die hedendaagse kind, gebruik gemaak word van plat terme nie.

5.10 Die fundamentalistiese Skrifverklaring

Die fundamentaliste lê sterk klem op die onfeilbaarheid van die Bybel, maar dan word Skrifuitsprake gesien as gegewenhede wat behalwe openbaring, ook eksakte wetenskaplike kennis bied. Die Bybel word aanvaar as 'n wetenskaplike handboek wat oplossings bied nie net vir alle geloofsvraagstukke nie, maar ook vir wetenskaplike probleme.

Indien die onderwyser in die Geloofsleer die Bybel fundamentalisties verklaar, berokken hy ontsaglike skade aan die geloof van die kind. Die kind verval in 'n dualisme tussen geloof en wetenskap en twyfel ontstaan veral waar hy nie oplossings in die Woord kan vind vir wetenskaplike vraagstukke nie. Die gevolg hiervan kan wees dat die kind op die weg van ongeloof afgly. Die Geloofsleeronderwyser moet dus nie poog om wetenskaplike probleme letterlik uit die Woord te verklaar nie.⁹⁹⁾

5.11 Slot

Dit is die taak van die onderwyser om die kind die weg na God te wys onder leiding van die Heilige Gees. Die onderwyser is 'n instrument in die hand van God om die kennis en vertroue by die kind te bring en die kind voor te berei vir die kragvolle werking van die Heilige Gees. Die feit is dat die Gees deur die Woord die geloof aan die kind toebedeel en ook daardie geloof, wat hom in sy ganse lewe lei, voortdurend versterk, verdiep, verruim en uitbou.

Die groei van die geloof in die hart van die leerling val buite die beheer van die opvoeder, want geloof is 'n genadegawe van God.¹⁰⁰⁾ Dit is die werk van die Heilige Gees, maar nogtans is "die geloof uit die gehoor,

99. Id. Eksistensieteologie en Godsdiensoonderrig, p.344.

100. Vgl. Tim. 5:1 en 2, 4:16, Ef. 28.

en die gehoor is deur die woord van God."¹⁰¹⁾ Paulus sê ook: "Hoe kan hulle hoor sonder een wat preek?"¹⁰²⁾

Daarom is die onderwyser ook 'n werktuig in die hand van die Heilige Gees om die Woord en saad van die geloof te saai. As die onderwyser die gevare wat hierbo bespreek is, ignoreer, sal hy die werk van die Gees van God belemmer.

Daarom is dit 'n groot wonder en voorreg dat God aan die sondige mens (opvoeder) in sy genade en vrymag die geleentheid gee om sy medewerker te wees in die sin dat die opvoeder deur sy Geloofsleeronderrig en sy persoonlike voorbeeld die moontlikheid help skep vir die omkeer en terugkeer van die leerling na God toe. Daarom moet die arbeid in Geloofsleeronderrig nie in eie krag wees nie, maar deur die geloof en die geloof veronderstel 'n kennis van moontlike gevare wat na vore mag tree in die aanbieding van 'n Geloofsleerles.¹⁰³⁾

Die onderwyser sal daarna streef om die geloofswaarhede absoluut suiwer oor te dra sover dit menslik moontlik is. Daar moet gewaak word teen die gevare wat hierbo genoem is en die Geloofsleer moet uiters versigtig benader en aangebied word. Deurdagte woorde moet die kinders bereik op die suiwerste wyse.

101. Rom. 10:17.

102. Rom. 10:14.

103. Stone, H.J.J. op.cit., p.211.

HOOFSTUK 6

KONKLUSIE EN AANBEVELINGS

1. Geloofsleer is bepalend vir die ontsluiting van die mens se tydelike funksies ¹⁾

Die mens het vyftien tydelike funksies, waarvan die laere funksies antesipeer op die voorafgaande en die voorafgaande retrosipeer op die laere funksie. Die hoogste funksie van die mens is die pistiese, die geloofs= funksie. Die pistiese funksie van die mens retrosipeer op die ander veer= tien tydelike funksies van die mens. Die pistiese funksie kan self nie antesipeer nie, omdat dit die hoogste tydelike funksie van die mens is.

As die pistiese funksie 'n bepaalde karakter vertoon, sê Christelike is, sal die ander funksies van die mens ook Christelik wees. Deur die pistiese funksies Christelik te oriënteer met Christus as die middelpunt daarvan, sal al die ander tydelike funksies van die mens, as dit ontsluit word, ook Christelik wees en gerig wees op Christus.

Die pistiese funksie is bepalend vir die hartsingesteldheid van die mens. Daarom is dit noodsaaklik dat die pistiese funksie op Christus gerig moet wees. As die pistiese funksie gerig is op Christus, sal die hart van die mens ook gerig wees op Christus en sodoende sal al die tydelike funksies van die mens gerig wees op Christus.

Om die pistiese funksie gerig te kry op Christus, moet die onderwyser as instrument in die hand van die Heilige Gees help om deur die Geloofsleer= onderrig die rigting van die mens se tydelike funksies en die hart van die kind te bepaal. Deur die Geloofsleer kan die rigting van die hart en funksies van die kind bepaal word en kan die hart met die hulp van die Geloofsleer en die werking van die Heilige Gees ontsluit word in Christus.

1. Vgl. hoofstuk 2, pp. 16 - 21.

Geloofsleeronderrig is die belangrikste komponent in die Godsdienstvaak op skool, aangesien dit rigtinggewend en bepalend is vir die kind se totale wese, sy funksies op skool en daarbuite. Met ander woorde die Geloofsleer is medebepalend vir die keuse wat die kind maak t.o.v. aan wie sy hart sal behoort en aan wie hy sy lewe sal gee en toewy.

Geloofsleer bepaal dus die ontsluiting van die mens se tydelike funksies asook die rigting waarheen die mens sy tydelike funksies sal rig en in wie se diens die mens en sy funksies, die hele mens, sal staan.

Alle funksies van die mens staan onder leiding van die pistiese, die geloof. Deur die pistiese funksie gerig te hou op God die Vader, kan die kind God ten volle dien deur sy hele wese en bestaan. Die funksies van die mens wag ook as't ware op die ontsluiting van die pistiese modaliteit, sodat hulle anastaties ontsluit kan word (anastaties gerig op God). Deur die Geloofsleeronderrig kry die ontsluiting van die kind se funksies sin en betekenis in God.

2. Geloofsleer is medebepalend vir die vorming van 'n lewensbeskouing by die kind ²⁾

Die opvoeder se taak is normbepaling en rigtinggewing in die ontsluiting van die funksies van die kind. Om die pistiese modaliteit te ontsluit, beteken dat die kind gewilliglik die wet van God moet aanvaar. Omdat die geloof 'n bewuste werking in die hart van die mens is waardeur die Openbaring van God geken kan word, is die belangrikheid van geloofsopvoeding 'n belangrike eis wat aan die Geloofsleer gestel word.

Waar die kind met ongedifferensieerde funksies na die skool kom, moet die funksies gekwalifiseer en ontsluit word - in diens van God. Deur die Geloofsleer moet die kind gebring word tot die besef dat alle uitgange (funksies) van die mens se lewe gerig moet wees in diens van God. Daarom is die Geloofsleer bepalend vir die koers wat die kind se uitgange (funksies) sal volg. Die Geloofsleer moet die funksies anastaties omhooglei na God.

2. Vgl. hoofstuk 2, pp. 19 - 22.

Deur Geloofsleeronderrig moet die hart van die kind gelei word tot die aanvaarding en uitlewing van die Christelike beginsels. Deur slegs die pistiese te koppel aan die godsdiens van die kind, is verkeerd. Die pistiese moet heenwys na die religieuse diens van die kind aan God.

Die religieuse diens moet anastaties gerig wees op God. Die religieuse lewensuitkyk van die kind sal beïnvloed word deur die Geloofsleeronderrig. Daarom is dit die doel van die Geloofsleer om die kind se hele lewensiening religieus bepaald te maak in Christus. Die lewensbeskouing van die kind moet dus veranker wees in Christus, deur Christus en tot Christus.

Geloofsleer is gerig op die godsdienstige sowel as alle ander funksies van die kind. Die totale opvoeding van die kind staan dus onder leiding van die geloof.

Geloofsleeronderrig kan beskou word as die hart van die Christelike opvoeding en onderwys, die fondament waarop die kind kan bou.

So gesien, is die Geloofsleer ook 'n bousteen in die opbouing en afronding van die lewensbeskouing van die kind.

3. Geloofsleer is nie dogmaonderrig nie, maar dogmatiese onderrig³⁾

Geloofsleeronderrig is nie die onderrig van die leer (dogma) van 'n bepaalde kerk nie, maar is die onderrig van die geloofswaarhede soos dit in die Woord van God geopenbaar word. Geloofsleer is eintlik 'n elementêre dogmatiek. Die Geloofsleer is 'n vereenvoudige dogmatiek van basiese waarhede soos ons dit in die Heilige Skrif aantref en wat saamgevat is in die Apostoliese Geloofsbelydenis (Twaalf Artikels).

3. Vgl. hoofstuk 3, pp. 24 - 27.

4. Die geloofsoortuiging van die onderwyser sal meespreek in die Geloofsleeronderrig ⁴⁾

Hier moet ons in gedagte hou dat die onderwyser nie van sy eie persoonlike geloofsoortuiging los te maak is nie. In die aanbieding van die Geloofsleer is dit noodwendig dat die onderwyser se eie geloofsoortuiging sal meespreek. Die interpretasie van die dogmatiese waarhede soos dit in die Heilige Skrif aan ons geopenbaar word, sal noodwendig dogma moet word waar die onderwyser die dogmatiek sal verstaan en vertolk volgens sy eie geloofsoortuiging.

Om hierdie rede sal die Geloofsleeronderrig altyd gebonde wees aan die geloofsoortuiging van die onderwyser wat die vak aanbied en dit is belangrik vanweë die gees wat die Geloofsleeronderrig in 'n bepaalde skool sal openbaar.

As die Geloofsleeronderwyser op skool nie die kind lei tot die vrywillige aanvaarding van 'n bepaalde geloofsoortuiging nie, sal hy 'n "neutrale" Godsbegrip by die kind laat posvat en sal die kind se persoonlike geloof nie 'n belewenis wees nie, maar slegs 'n objektiewe saak. Dit bring indoktrinasie in die Geloofsleeronderrig mee, wat na ons mening wel geregtig is as die kinders in die klas almal dieselfde geloofsoortuiging het. Die vraag van indoktrinasie wat moet lei na differensiasie in die Geloofsleeronderrig, word later breedvoerig bespreek. ⁵⁾

5. Geloofsleer vervul 'n belangrike plek op skool ⁶⁾

Ons het reeds tot die gevolgtrekking gekom dat alle funksies van die mens onder leiding van sy geloof staan. Daarom sal alle aktiwiteite op skool ook onder leiding van die geloof staan.

Geen Godsdiensonderrigles op skool van standerd ses tot standerd tien kan sonder die aanspreking van die kind se geloof plaasvind nie. Elke les in die Godsdiensonderrig sal basies help meebou aan die fondament van die

4. Vgl. hoofstuk 3, pp. 30 - 37.

5. Vgl. hoofstuk 6.6, p. 106.

6. Vgl. hoofstuk 4, pp. 43 - 45.

kind se geloof. Daarom moet elke Godsdiensonderrigles ook 'n geloofswaarheid bevat, sodat daar reeds vanaf standerd ses gebou kan word aan die kind se geloof.

As dit die geval is - wat ook wenslik is - sal die Geloofsleer in standerd tien niks meer wees as net 'n samevatting van al die geloofswaarhede wat die kind reeds in die Godsdiensvakke geleer het nie. Geloofsleer is dus nie net beperk in sy aanbieding tot standerd tien nie, maar moet in elke Godsdiensles na vore kom sodat die Geloofsleer wat in standerd tien aangebied word, gegrond kan word op die reeds verworwe geloofskennis wat nou net vir die kind gesistematiseer word. In standerd tien moet die geloofswaarhede net chronologies en sistematies vir die kind aangebied word sodat probleme wat t.o.v. geloofswaarhede ondervind word, bespreek en opgelos kan word.

Dit is dus noodsaaklik dat die vakonderwysers in die Godsdiensvakke sal toesien dat daar reeds vanaf standerd ses gebou word aan die kind se geloof. Die mate waarin die geloof opgebou is, kan maklik vasgestel word deur meting toe te pas en daarin veral klem te lê op die geloofswaarhede wat aangebied is en om te kyk of die kind wel self basiese geloofswaarhede kan aflei uit die stof wat reeds behandel is.

Aan die ander kant moet Geloofsleeronderrig nie net beperk word tot die Godsdiensvakke nie. Basies moet elke onderwyser in elke vak toesien dat hy deur die aanbieding van sy vak help bou aan die kind se geloof. Die vakonderwyser sal in hierdie verband 'n baie duidelike vakbeleid moet hê waarin aangetoon word hoe die Christelike karakter van die skool (volgens wet 39 van 1967) geïmplementeer word in die betrokke vak. Slegs op dié manier kan die kind geleer word dat sy hele lewe 'n geloofslewe moet wees en dat geloof nie net beperk is tot die direkte diens aan God nie, maar dat geloof meespreek op alle terreine waarop die kind beweë. Maar: "Christian education can happen only when all the teachers are Christian, whether they teach science, history or any other subject." ⁷⁾

Vir die vakke waar die geloofswaarhede implisiet is, moet die onderwysers duidelike leiding kry oor hoe hulle hul vakke kan aanwend om sodoende mee-

7. Jeffreys, M.V.C. Truth is not neutral, p.73.

te help aan die opvoeding van die geloofslere van die kind. Hier wil ons net daarop wys dat volgens wet 39 van 1967, alle vakke op skool 'n Christelike grondslag moet hê. Die vakonderwysers op skool sal hulle daarom deeglik moet vergewis van 'n Christelike wetenskapsbeskouing en die implementering daarvan as medebepalend en bouend aan die geloofslere van die kind, anders sal die Geloofsleeronderrig op skool 'n baie eensame plek inneem en 'n verdeeldheid bring in die kind se diens aan God. Die uiteinde kan 'n doodloop van die kind se geloof in Christus wees. Daarom sal dit goed wees as komitees, landswyd, gevorm word vir die konkretisering van Christelike beginsels in die onderwys.⁸⁾

6. Die dogmaklousule moet voorsiening maak vir differensiasie

Grové gee die volgende redes wat die grondslag sal lê waarom die dogmaklousule herformuleer moet word en voorsiening gemaak moet word vir differensiasie t.o.v. geloofsoortuiging:

- a) Die Geloofsleer moet met die lewensbeskouing van die ouers ooreenstem.
- b) Die geloofsoortuiging van die Geloofsleeronderwyser moet met die van die ouers ooreenstem.
- c) Die onderwyser moet vry wees om sy eie geloofsoortuiging te huldig en dit oor te dra aan die leerlinge. Per slot van rekening het Geloofsleer geloofsbou ten doel.
- d) Die onderwysordonnansies moet voorsiening maak vir kontrole in die Geloofsleer, nie net deur die Onderwysdepartement nie, maar ook deur die ouers oor die aard van die Geloofsleer wat onderrig word.
- e) Elke ouer behoort die reg te hê dat sy kind Geloofsleeronderrig sal ontvang volgens die ouer se geloofsoortuiging.
- f) Daar moet rekening gehou word daarmee dat die geloofswaarhede van die Heilige Skrif verskillend geïnterpreteer kan word.⁹⁾
- g) Geloofsleer het eenheid in Christus ten doel en nie verskeurdheid nie. Daar word wel verskeidenheid aanvaar, maar nie verskeurdheid nie.

8. Van Wyk, J.H. Christelike en Nasionale onderwys, p.27.

9. Grové, I.J. "Dogma- en gewetenskousule" in die onderwysordonnansië, p.106.

Hiervolgens behoort daar voorsiening gemaak te word vir skole wat die geloofsoortuiging van die ouers van 'n bepaalde gemeenskap sal bevredig en dienooreenkomstig Geloofsleeronderrig sal aanbied wat die ouers van 'n bepaalde omgewing sal bevredig. Daar behoort rekening gehou te word met die verskillende lewensbeskouings van die kinders en ouers asook die verskillende geloofsoortuiginge wat heers.¹⁰⁾

Om dié probleem die hoof te bied en alle geloofsrigtings te bevredig, behoort die volgende oorweeg te word:

Ouers wat van dieselfde geloofsoortuiging is, organiseer hulleself landswyd en laat die organisasies by die Minister van Nasionale Opvoeding registreer. Vir die registrasie van so 'n ouervereniging behoort voldoen te word aan sekere vereistes. Daar moet bv. 'n bepaalde hoeveelheid lede wees, pro rata bereken volgens die getal leerlinge in 'n bepaalde skool.¹¹⁾

Die ouerorganisasies behoort ook verteenwoordig te wees op die kernsillabuskomitee waar hulle seggenskap sal hê in die opstelling van Geloofsleersillabusse wat sal geld vir die hele land. As daar egter verskille na vore kom, moet verskillende sillabusse aanvaar word wat deur die ouerorganisasies self opgestel is en wat aan hulle bepaalde behoeftes sal voldoen.¹²⁾

Met die voorafgaande idees in gedagte, kan die bestaande dogmaklousule heroorweeg en ook herformuleer word. Van Wyk stel die volgende formulering voor wat behoort te bevredig:

"In oorleg met die ouers (soos verteenwoordig in die komitee of beheerraad van die betrokke skool) kies 'n skool die Godsdiensonderrigsillabus (Geloofsleersillabus - P.C.v.d. W.) wat hy wil volg en adverteer die pos(-te) daaraan verbonde, met vermelding van die betrokke sillabus wat uitgevoer moet word. Ouers wat nie genoeg neem met die strekking van die sillabus nie, het die reg om hulle kinders, na skriftelike kennisgewing aan die hoof, aan die Godsdiensonderrig (Geloofsleeronderrig - P.C. v.d.W.)

10. Van Wyk, J.H. Die Christelike skool, p.15.

11. Loc.cit.

12. Grové, I.J. op.cit., p.108.

te onttrek, tensy minstens 30 leerlinge se ouers verkies om 'n ander goedgekeurde sillabus te volg. In dié geval kan 'n pos geadverteer word vir 'n onderwyser om die sillabus uit te voer. Indien 'n bevoegde onderwyser nie gevind kan word nie, mag die betrokke ouers ook, na skriftelike kennisgewing aan die hoof, hulle kinders aan die Godsdiensoonderrig (Geloofsleeronderrig - P.C. v.d. W.) onttrek." 13)

As die dogmaklousule so geformuleer word, bring dit mee dat daar 'n differensiasie kom t.o.v. die Geloofsleeronderrig en dat die onderwyser die kinders kan beïnvloed in die Geloofsleer t.o.v. sy eie persoonlike lewensbeskouing en geloofsoortuiging sonder dat dit aanstoot sal gee, omdat die onderwyser en die leerling nou aan dieselfde geloofsbelydenis verbonde is. Dit sal die sogenaamde neutrale Geloofsleeronderrig uitskakel en die vak sal 'n krag wees in die leiding van die kind tot die aanvaarding van die Christelike beginsels van sy kerk, ouer en gemeenskap. Dit sal meebring dat die kind sy geloof meer sal belewe en dat daar sterker tot die hart van die kind gespreek kan word.

Die herformulering van die dogmaklousule sal ook 'n positiewe herformulering wees wat alle geloofsoortuiginge behoort te bevredig.¹⁴⁾ Die enigste oplossing vir die hedendaagse verval en neutraliteit in die Geloofsleeronderrig is geleë in die differensiasie t.o.v. geloofsoortuiginge en die onderrig van elke bepaalde geloofsoortuiging volgens sy spesifieke eise, indien dit prakties moontlik uitvoerbaar is. (Die bedoeling is dat die getalle van die bepaalde geloofsoortuiging moet meespreek in die effektiewe uitvoering van die beginsel.)

Die Geloofsleersillabusse is opgestel om aan die reformatories - Christelike karakter te voldoen, maar die uitvoering daarvan word deur die dogmaklousule van die Onderwysordonnansie van 1953 belemmer. Dit het 'n kleurlose Geloofsleeronderrig tot gevolg. As differensiasie ingevoer word, word daar met die geloofsoortuiging van die ouers rekening gehou soos wat wet 39 van 1967 dit vereis. So gesien, sal die geloofsoortuiging van die ouer tot sy reg kom en geëerbiedig word.¹⁵⁾

13. Van Wyk, J.H. Die Christelike skool, p.16.

14. Grove, I.J. op.cit. Die skrywer het 'n studie van die hele probleem van die dogmaklousule in die onderwysordonnansie gemaak en daar kan met vrug gelees word in hfst.3 & 4 van sy verhandeling.

15. Van Wyk, J.H. Differensiasie nodig. Die Kerkblad 76(2194):22-25, 11 April 1973.

Belangrik is dit om daarop te let dat die voorgestelde wysiging die staats= oorheersing wat daar tans in die skole heers, sal beëindig, dit sal die C.N.O.-gedagte waarin die ouer seggenskap het in die opvoeding weer terug= bring en dit sal 'n waarborg wees vir die minderheidsgroepe op skool dat hulle geloofsoortuiging geëerbiedig word. Die stelsel van differensiasie sal die ouers van die Reformatoriese Afrikaanse Kerke nader aan mekaar trek sodat daar groter samewerking kan wees.

7. Daar word bepaalde eise aan die Geloofsleeronderwyser gestel¹⁶⁾

Die eise wat daar aan die Geloofsleeronderwyser gestel word, sal die opleiding van voornemende onderwysers raak. As die Geloofsleeronderwyser nie deeglik opgelei word nie, sal die vak daaronder ly. Die volgende behoort in ag geneem te word by die opleiding van Geloofsleeronderwysers maar die onderwyser wat reeds in die klas staan behoort ook hiervan kennis te neem:

- * Geloofsleeronderrig is nie dieselfde as prediking nie. Die Geloofs= leeronderwyser is nie predikant nie, maar het 'n ander roeping om te vervul. Die Geloofsleeronderwyser neem nie die taak van die predikant of kerk oor nie, maar is medewerksaam aan die geloofsbou van die kind.
- * Die Geloofsleeronderwyser moet steeds Skrifgebonde wees en moet deur die Woord van God aan die kind die geloofswaarhede toon, wat sal help om die hart van die kind ontvanklik te maak vir die werking van die Heilige Gees. Dit bring mee dat die Geloofsleeronderwyser self studierend moet bly.
- * Die Geloofsleeronderwyser moet kennis neem van die psigologiese eise wat die aard van die kind sal stel in die aanbieding van die Geloofsleer. Hiervan moet die onderwyser in sy opleiding deeglik kennis neem: die aard en wese van die kind en veral van die kind se behoeftes. So sal die Geloofsleer bevrediging bied aan die kind se behoeftes en sal die kind bereik kan word.

16. Vgl. hoofstuk 4, pp. 45 - 60.

- * Die Geloofsleeronderwyser moet rekening hou met die feit dat die kind met al sy funksies 'n eenheid is, en derhalwe is hy in die Geloofsleer besig om al die funksies van die kind na God omhoog te lei.
- * Die kind bou nóg aan sy eie lewensbeskouing en daarom sal die kind 'n bepaalde standpuntinname van die onderwyser verwag t.o.v. sake wat aktueel van belang is. Die kind kan slegs tot standpuntinname gelei word as die onderwyser self standpunt inneem en die onderwyser kan slegs standpunt inneem en toepas as die dogmaklousule gewysig word soos reeds voorgestel. Deur standpuntinname sal die kind op alle terreine vashou aan sy geloofs-belydenis en sal hy sy belydenis met vrymoedigheid uitleef.

6.3

- * Die Geloofsleeronderwyser moet kennis neem van die kind se behoefte om sy geloof te belewe. Die kind wil sy geloof prakties, lewend en werkend ervaar. Didakties gesproke is geloof vir die kind slegs sinvol as hy dit kan gebruik om daarmee te werk. Deur die geloof te belewe, sal die geloof sy lewenskragtigheid behou. Daarom moet die leerling die geleentheid gebied word om sy eie mening uit te spreek oor sake en moet die onderwyser kontroleer of die opinie korrek is al dan nie. Die geloof moet ook toegepas kan word op verskillende lewensterreine. (53-55)

6.4

Enkele faktore wat die aard van die Geloofsleer by die kind kan beïnvloed.

- * Die Geloofsleeronderwyser in die klas en in sy opleiding moet kennis neem van faktore wat die aard van die Geloofsleeronderrig kan beïnvloed, bv. Rasionalisme; daar moet nie te veel klem gelê word op die verstandskennis nie.
- * Tradisionalisme: die geloof moet ook rekening hou met die veranderde omstandighede en nie die huidige probleme wil beskou met norme wat honderd jaar gelede gegeld het nie.
- * Progressivisme: die probleme van die hedendaagse situasie moet nie net met die hedendaagse norme beoordeel word nie, maar moet steeds rekening hou met die beginsels wat altyd geldend is.

- * Kompromisme: daar moet gewaak word om altyd te wil sinkretiseer tussen botsende sieninge. Daar moet altyd standpunt ingeneem word.
- * Materialisme: in die hedendaagse tyd moet aan die leerling die werklike waardes van die lewe getoon word in kontras met die materialistiese wat dreig om 'n oorheersende faktor in die hedendaagse lewe te word.
- * Aktualiteitseis: die Geloofsleer moet aktueel wees. Dit moet die probleme van die tyd waarin die kind leef, raak. Die kind stel nie belang in die historiese probleme en oplossings wat daarvoor gegeld het nie, maar in sy eie tyd en probleme. Die kind van ons tyd wil 'n geloof hê wat sy eksistensie nou verhelder en die konkrete situasie belig.
- * Die kerk: die onderwyser ondervind in ons tyd dikwels dat die leerling negatief is t.o.v. sy geloofslawe - 'n toestand waaraan die kerk dikwels skuld het. Die Geloofsleeronderwyser moet egter wys op die funksionele rol wat die kerk speel ten spyte van moontlike gebreke. Die kerk moet self gedurig reformeer en waar die kind nie van die kansel af bereik word nie, sal 'n ander manier van prediking toegepas moet word.
- * Neutraliteit: neutraliteit maak die kind twyfelend en soekend. Die vervanging van die dogmaklousule met 'n positiewe herformulering, sal die neutrale Geloofsleeronderrig laat verdwyn.¹⁷⁾

(55-63)

8.. ^{6.5} Geloofsleeronderrig vereis 'n bepaalde metodiek¹⁸⁾

As die Geloofsleeronderwyser wil bepaal watter metode hy sal gebruik by die aanbieding van 'n Geloofsleerles, sal hy die volgende norme in gedagte moet hou, nl.:

- * Die Christelike lewensbeskouing sal 'n bepaalde eis aan die metode stel,
- * die hedendaagse situasie stel bepaalde eise,
- * die psigologiese ontwikkeling en aard van die kind stel bepaalde eise,
- * die leerstof stel bepaalde eise aan die onderrig van Geloofsleer.

17.. Vgl. hoofstuk 4, p. 61.

18. Vgl. hoofstuk 5, pp. 65 - 92.

Geloofsleeronderrig vind plaas wanneer die kind vir die vak Geloofsleer ontsluit word en as die vak Geloofsleer vir die kind ontsluit word. Om die kind by die vak te bring, is 'n bepaalde metode nodig. As dié norme in gedagte gehou word, kan ons die volgende metodes aanbeveel in die Geloofsleeronderrig, nl.:

- * Metodes wat met sukses aangewend kan word: die klasgesprek, die leergesprek, die "gonsgroepies", die vraag-en-antwoordmetode, die probleemstellingsmetode en die selfstudiemetode. Die beste metode sal waarskynlik geleë wees in 'n kombinasie van metodes en wat aanpas by elke individuele onderwyser.
- * Die volgende metodes kan gebruik word as hulpmiddele: die vertel=metode, die aanskouingsmetode, die voorleesmetode en die handboek=metode.
- * Die volgende metode word nie aanbeveel by die gebruik in die onderrig van Geloofsleer nie: dramatisering.
- * Die skoolbiblioteek kan met vrag gebruik word in die Geloofsleer=onderrig en die bronne moet aangevul en uitgebrei word. (64-94)

9. 6.6 Die onderwyser moet kennis neem van faktore wat die aanbieding van die Geloofsleer negatief beïnvloed ¹⁹⁾

Teen die volgende moet gewaak word in die onderrig van Geloofsleer, nl.

- * Intellektualisme: dit is wanneer die geloofsfeite met die verstand benader en uitgeredeneer word.
- * Emosionalisme: dit is die teenoorgestelde van intellektualisme en lê weer 'n oordrewe klem op die gevoel van die kind.

19. Vgl. hoofstuk 5, pp. 95 -99.

- * Dogmatisme: dit is as die onderwyser eensydig, onkrities slegs sy eie mening afdwing wat kerkisme tot gevolg het. Die Geloofsleer moet gegrond wees op die Skrif en nie op 'n bepaalde geslote, nie Skrifgefundeerde dogma nie. Die dogma wat voorgehou word moet steeds Skrifverantwoord wees.
- * Eksistensialisties-aktualistiese onderrig: die Geloofsleer moet wel aktueel aangebied word, maar daar moet gewaak word teen 'n oorbeklemtoning van die aktuele. Die eksistensie en aktuele konkrete situasie is nooit uitgangspunt nie; die Skrifwaarheid bly die uitgangspunt, maar dit moet vir die eksistensie van die kind, sy bestaan in die konkrete situasie iets te sê hê.
- * Moralisme: die sedelike word as die vernaamste doel van die geloof gestel. Geloof is egter 'n genadegawe van God en die sedelike sonder Christus bestaan nie.
- * Estetisme: daar moet gewaak word teen die "mooimaking" van die Skrif vir die kind op 'n wyse wat lei tot Skrifverdraaiing.
- * Mirakelgeloof: die wonders in die Skrif mag nie as toordery voorgestel word nie.
- * Lewensvreemde en/of plat uitdrukkings: daar moet gewaak word teen niksseggende 'mooi' woorde wat net pure woordinflasie is. In die Geloofsleer moet tot die kern deurgedring word.
- * Fundamentalistiese Skrifverklaring: die Woord van God is geen wetenskaplike handboek nie en gee geen wetenskaplike verklarings van wetenskaplike vraagstukke nie.

(94-99)

10. 6-7 Die skoolhoof en die vakinspekteur het 'n bepaalde taak t.o.v. die Geloofsleeronderrig op skool

Die skoolhoof is verantwoordelik vir die gees waarin die Geloofsleeronderrig sal plaasvind. As die voorgestelde herformulering van die dogma-klousule sou geld,²⁰⁾ moet die skoolhoof toesien dat die regte keuse gemaak en die Geloofsleersillabus reg uitgevoer word. Die skoolhoof moet toesien dat die Christelike karakter, soos bepaal word deur wet 39 van 1967, in alle vakke ingevoer en uitgevoer word.

Die hoof moet ook toesien dat die Christelike karakter van die skool gehandhaaf en bestendig word; in dié opsig is die hoof medebouer aan die geloof van die kind. Die hoof sal steeds moet toesien dat die onderwyser se geloofs-belydenis dieselfde is as die belydenis wat deur die skool onderskryf word. Die hoof moet die basis lê waarop die Geloofsleeronderwyser kan voortbou. Die sukses van die Geloofsleeronderrig op skool sal dus bepaal word deur die mate waarin die hoof daarin slaag om die grond vir geloofsbou te lê.

Die vakinspekteur moet weer toesien dat die onderwyser reeds vanaf standerd-ses bou aan die kind se geloof. Die inspekteur moet die Geloofsleeronderwyser se eie instelling t.o.v. die Geloofsleer toets en bepaal of die leer en lewe van die onderwyser ooreenstem. Die inspekteur moet daarop let dat daar nie onderwysers is wat Geloofsleer só aanbied dat die gevare doelbewus of onbewustelik deurgelaat word nie. Sodoende sal ook hy probeer voorkom dat die leerling, a.g.v. verkeerde lesaanbieding, afsydig raak teenoor die vak. Die inspekteur sal leiding gee t.o.v. die metodiek en toesien dat die Geloofsleer geslaagd aangebied word.

Per slot van rekening is die Geloofsleeronderwyser, die skoolhoof, die inspekteur instrumente in diens van God en het 'n gesamentlike roeping t.o.v. die kind.

(114)

SUMMARY

1. The revival of Christian religion has once again placed the focus on man's faith and thus also on the teaching of Christian Faith at school, so that Christian Faith can appeal to the pupil anew.
2. The teaching of Christian Faith is the most important discipline of religious subjects since it is the determining and directing factor which governs one's whole life, i.e., to whom the child will devote his life, at school and extra-murally.
3. The pistical modality (faith) is man's supreme function and all other human functions are subject to the guidance of faith. Human functions are developed under the guidance of the pistical function. Thus the instruction in Christian Faith can be seen as the heart of Christian education; the foundation on which the child can build.
4. The task of the educator is to help determine norms and supply directives in the development of the functions of the child. Christian Faith is directed towards the religious as well as the other functions of man. Education is thus subject to the guidance of faith.
5. In Christian Faith the dogmatic should be taught, but not a specific non-Scriptural dogma. However, the teacher cannot shed his personal religious conviction which must, perforce, influence his instruction of Christian Faith.
6. Every lesson in Religious Instruction should reinforce the faith of the child. Although Christian Faith as a subject is restricted to standard ten, every lesson from standard six onwards should confirm the pupils faith. Lessons in other subjects, like History and Science, should contribute to the confirmation of faith. As a consequence the child will experience and realise his faith.

7. The teacher of Christian Faith must guide the pupil to an acceptance of a specific religious conviction, otherwise the child will form a neutral idea of God. The clauses on dogma in the education ordinance expect a neutral Christian Faith instruction. To circumvent neutral instruction, it is recommended that Christian Faith is presented on a differentiated basis, so that the members of each religious group will receive instruction according to their specific religious conviction.
8. Christian Faith instruction makes high demands on the teacher, viz. that the teacher is not a minister, that Christian Faith should be Biblically centred, that the psychological development of the child should be borne in mind and that the teacher must guard against factors which could affect the nature of Christian Faith instruction. Christian Faith instruction requires a specific method in which the following may be used successfully: class discussion, dialogue teaching, the buzzing groups, the question-and-answer method, the method of setting problems, and the self-study method.
9. The teacher of Christian Faith should be aware of factors which could have an adverse affect on pupils. Intelligence, feelings and morality should not receive undue stress. Churchism may not be encouraged through the absolutising of personal opinion, nothing in the Bible that seems unacceptable may be omitted and Scriptural Truths may not be presented euphemistically. The Bible is, furthermore, no Scientific text-book.
10. The principal and the subject inspector must see to it that the foundations for Christian Faith are properly laid and developed.

GERAADPLEEGDE BRONNEA. BOEKE

1. ALVES, C. The Christian in education. London, S.C.M. Press, 1972.
2. ARUNDALE, R.L. Religious education in the senior school. New York, T. Nelson, 1944.
3. BADENHORST, L.H. Christelike godsdiensonderrig in openbare skole. Ongepubliseerde M.D.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1966.
- 377.1 ④ BEKKER, J. Godsdiensonderwys in die skool. Kaapstad, A.P.B., s.j.
- BEK 5. BERKHOUER, G.C. Het dogma der kerk. Groningen, Jan Haan, 1949.
6. BETTS, G.H. Method in teaching religion. New York, Abingdon Press, 1930.
7. BEVELANDER, C. e.a. Algemene didactiek. In: De nieuwe kweek=skool V. Groningen, Wolters, 1965.
8. BEVELANDER, C. e.a. Kernproblemen uit de algemene didactiek van het basisonderwijs. In: De nieuwe kweekskool IV. Groningen, Wolters, 1968.
9. BIJLSMA, R. Kleine catechetiek. Nijkerk, Callenbach, 1972.

10. BINGLE, H.J.J. Die onderrig van Geloofsleer in die middelbare skool. Publikasie van die Onderwyskollege van Pretoria, no.2, 1958.
11. BINGLE, H.J.J. Metodiek van Godsdiensonderrig op die middelbare skool. Pretoria-Potchefstroom, Interkerklike Uitgewerstrust, 1962.
12. BLOEMHOF, F. Het kind en de bijbel. Nijkerk, Callenbach s.j.
13. BREZINKA, W. Die Pädagogik der neuen linken. Stuttgart Seewald Verlag, 1972.
14. BULTMANN, R. Jesus Christus en de mythe. Amsterdam, W. ten Have, 1967.
- 225-6
15. COETZEE, J.C. Die eerste beginsels van die Calvinistiese opvoeding. Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1940.
16. COETZEE, J.C. Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde. Vierde druk. Pretoria, Van Schaik, 1973.
17. COETZEE, J.C. Leerstellige onderrig op skool. Publikasie van die Onderwyskollege Pretoria, no.1-,1958.
18. DE GRAAFF, A. The educational ministry of the church. Craig Press, 1968.
19. DE GRAAFF, S.G. Hoofddlijnen in de dogmatiek. Tweede druk. Kampen, Kok, 1940.

20. DE JONG, N. Education in the Truth. V.S.A., Presbyterian and Reformed Publishing Co., 1969.
21. DE KLERK, W.J. Grondpatrone van die Bybel. Pretoria, N.G. Kerk-uitgewers, 1968.
22. DE KLERK, W.J. e.a. Roeping en werklikheid. Potchefstroom, Herald, 1972.
23. DIJK, K. Bijbelvertelling en preek. Publikasie van die Onderwyskollege Pretoria, no.6, s.j.
24. DIJK, K. Korte dogmatiek. Kampen, Kok, s.j.
25. DUMINY, P.A. General teaching method. Kaapstad, Longmans, 1969.
26. FEENSTRA, J.G. Leer en lewe. (Afrikaanse vertaling: Zeeman, M.T.S.). Bloemfontein, Sacum, 1961.
27. GOLDMAN, R. Readiness for religion. London, Routledge, 1967.
- 377.1
GRE 28. GREYLING, E. Godsdiensonderwys in die skool. Bloemfontein, Sondagskool Depot, 1946.
29. GROENEWALD, E.C. Die Skoolbiblioteek - in opvoedkundige perspektief. Pretoria, T.O.D., 1967.
- 377.1
GRO 30. GROVE, I.J. Die "Dogma - en gewetenskousule" in die onderwysordonnansie van Transvaal. M.A. - verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., 1970.

31. GUNTER, C.F.G. Aspekte van die Teoretiese Opvoedkunde. Stellenbosch, Universiteits- Uitgewers, 1967.
32. GUNTER, C.F.G. 'n Christelik georiënteerde Opvoedings= filosofie. Stellenbosch, Universiteits- Uitgewers, 1970.
33. HART, H. The challenge of our age. Ontario, Guardian Publishing, 1968.
34. HONIG, A.G. Handboek der Gereformeerde Dogmatiek. Kampen, Kok, 1938.
35. JAGER, O. Eigentijdse verkondiging. Kampen, Kok, 1967.
36. JEFFREYS, M.V.C. Beyond neutrality. Johannesburg, Pitman & Sons, 1955.
37. JEFFREYS, M.V.C. Truth is not neutral. Oxford, Religious Education Press, 1969.
38. KALSBECK, L. De Wijsbegeerte der Wetsidee. Amsterdam, Buijten en Schipperheijn, 1970.
39. KOCK, P.de B. Christelike Wysbegeerte. Bloemfontein, Sacum, 1970.
40. KOTZE, G.J. Hedendaagse Skrifprediking. Potchefstroom, Pro Rege, 1963.
41. KRUGER, J.H. en Kind en skool. Potchefstroom, Pro Rege, 1968.
KRAUSE, F.J.L.
42. LANDMAN, W.A. Leesboek vir die Christenopvoeder. Pretoria, N.G. Kerkboekhandel, 1972.

43. LANGEVELD, M.J. Kind en religie. Utrecht, Bijleveld, 1956.
44. LITTLE, SARA. Learning together in the Christian fellowship. Virginia, John Knox, 1968.
45. LITTLE, SARA. The role of the Bible in contemporary Christian education. Virginia, John Knox, 1961.
46. MOJET, J.W. De structuur van opvoeden en opvoedkunde. (In : Bakker, D.M. e.a. Reflexies, Amsterdam, Buijten en Schipperheijn, 1968.)
47. OBERHOLZER, C.K. Inleiding in die Prinsipiële Opvoedkunde. Pretoria, Moreau, 1954.
48. PERQUIN, N. Algemene didactiek. Roermond, Romen, 1964.
49. PERQUIN, N. Pedagogiek; bezinning op het opvoedingsverschijnsel. Roermond, Romen, 1962.
50. PIETERSE, J.E. red. Verslag van Jeugonderzoek, IV. Jeug en Godsdiens. Johannesburg, Voortrekkerpers, s.j.
51. PIETERSE, J.E. red. Verslag van Jeugonderzoek, V. Jeugkongres Johannesburg, Voortrekkerpers, s.j.
52. PISTORIUS, P. Kaart en kompas. Potchefstroom, Pro Rege, 1969.
53. PLANTINGA, G.H. Jeugd en godsdienstige vorming. Franeker, Wever, 1967.

54. POP, F.J. Bijbelse woorden en hun geheim. Gravenhage, Boekencentrum, 1972.
55. POTGIETER, F.J.M. Prinsipiële verantwoording ten opsigte van Christelike opvoeding, opvoedkunde en onderwys. Bloemfontein, Sentrale Pers, s.j.
56. PUBLIKASIE VAN DIE ONDERWYSKOLLEGE PRETORIA. Die metodiek van Godsdiensonderwys op skool. Pretoria, Unie- Boekhandel, 1967.
57. ROEST, P. Het godsdienstonderwijs op de middelbare school. Groningen, Wolters-Noordhoff, 1968.
58. SCHOEMAN, P.G. 'n Christelike Opvoedingsfilosofie. s.j.
59. SPIER, J.M. Inleiding in de Wijsbegeerte der Wets=idee. Kampen, Kok, 1950.
60. STOKER, H.G. Beginsels en metodes in die wetenskap. Johannesburg, De Jong, 1969.
61. STOKER, H.G. Oorsprong en Rigting II. Kaapstad, Tafelberguitgewers, 1970.
62. STONE, H.J.S. Die problematiek van geloofsekerheid in die Godsdiensonderrig aan Afrikaanse Onderwysstudente. Ongepubliseerde M.Ed-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1967.
63. STRAUSS, H.J. Christelike Wetenskap en Christelike Onderwys. Bloemfontein, Sacum, 1969.

64. TERBLANCHE, T.J. Die implikasies van 'n wetenskapsbeskouing veral m.b.t. die opvoedkunde aan 'n Christelike Onderwysersopleidingsinrigting. Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1972.
65. TOWNS, E. Successful youth work. California, Gospel Light, 1966.
66. VAN DE POL, W.H. Het einde van het conventionele Christendom. Roermond, J.J. Romen, 1968.
67. VAN DER STOEP, F. Didaktiese grondvorme. Pretoria, Academia, 1969.
68. VAN DER STOEP, F. en O.A. Didaktiese oriëntasie. Pretoria, Academia, 1968.
69. VAN LOGGERENBERG, N.T. en JOOSTE, A.J.C. Verantwoordelike opvoeding. Bloemfontein, Nasionale Boekhandel, 1966.
70. VAN WYK, J.H. Eksitensieteologie en Godsdiensoonderrig. Potchefstroom, Pro Rege, 1971.
71. VAN WYK, J.H. red. Metodiek van Godsdiensoonderrig in die sekondêre skool. Ongepubliseerd, ter perse.
72. VENTER, E.A. Die gelowige in die samelewing. Bloemfontein, Sacum, 1969.
73. VENTER, E.A. Wysgerige temas. Bloemfontein, Sacum, s.j.
74. WAINWRIGHT, J.A. School and church. Londen, Oxford University Press, 1963.

- 75.) WATERINK, J. En toch: "De Christelike School".
Kampen, Kok, 1961.
76. WATERINK, J. Grondslagen der didactiek. Kampen,
Kok, 1962.
77. WATERINK, J. Theorie der opvoeding. Tweede druk,
Kampen, Kok, 1958.

B. ARTIKELS EN PAMFLETTE

1. BEKKER, J. Kritiek op die Kerk. Die Kerkblad.
76(2213):10-11, 15 Augustus 1973.
2. BEKKER, J. Vier lastige jakkalse. Die Kerkblad.
76(2211):10 - 13, 1 Augustus 1973.
3. DUVENAGE, S.C.W. Die vesting aan die suide - Godsdiens=
tig - morele front. Referaat op Jeug=
kongres van die F.A.K. en A.S.B., Junie 1972
4. HEINEN, P. De Jesus-beweging. De gereformeerde
vrouw. 30(9):433 - 434, Mei 1972.
5. VAN WYK, J.H. Christelike en Nasionale onderwys na
aanleiding van Wet 39 van 1967 en die
implementering daarvan. P.U. vir
C.H.O., 1972.
6. VAN WYK, J.H. Christelike Opvoedkunde. COVSA, 1972.
7. VAN WYK, J.H. Differensiasie nodig. Die Kerkblad.
76(2194):22 - 25, 11 April 1973.

8. VAN WYK, J.H. Enkele inleidende opmerkings in verband met Christelike Wetenskap met die oog op die beoefening van die Christelike opvoedkunde. P.U. vir C.H.O., 1972.
9. VAN WYK, J.H. "Jy moet dit jou kinders inskerp"- 'n Handleiding by die Godsdiensoonderrig. COVSA - Voorligtingstuk oor opvoeding en onderwys, no.3, 1973.
10. VAN WYK, J.H. Kommunisme en opvoeding. P.U. vir C.H.O., 1972.
11. VAN WYK, J.H. Wat is opvoeding? P.U.vir C.H.O., 1973.
12. VORSTER, S.J. Benadering tot Geloofsleer in die hoërskool. Referaat gelewer by Oriënteringskursus, Lesing Vlll, 1970.